“Kommunisme, Suid-Afrika en die Koreaanse Oorlog 1950 – 1953”

deur
Dorothea Burger

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Geskiedenis aan die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe, Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof William Nasson
Fakulteit van Sosiale Wetenskappe
Departement van Geskiedenis

April 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis/proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

DBurger

Februarie 2014

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die Koue Oorlog was gesien as ‘n stryd tussen die Ooste en Weste, gegrond op ‘n ideologiese verskil. Dit was sosialisme teenoor kapitalisme. Sosialisme het ‘n diktatuur verteenwoordig teenoor kapitalisme en demokrasie. Hierdie oorlog was hoofsaaklik tussen Amerika en Rusland, met vermyding van direkte konfrontasie. Lande wêreldwyd is betrek. Die ekspansionistiese beleid van die Sowjetunie en die gevolge van ‘n diktatuur kon die vrye Weste negatief beïnvloed. Al het die Koue Oorlog na die Tweede Wêreldoorlog (TWO) toegeneem, was die wantroue tussen die hoofrolspelers gedurende die TWO sigbaar. Suid-Afrika se binnelandse omstandighede en beleid oor kommunisme het die land by die Koue Oorlog betrek;

Die ontstaan en opkoms van die Kommunistiese Party en kommunisme in Suid-Afrika het deur stadia gegaan. Na totstandkoming is dit by die Komintern, die sentrale organisasie in Rusland, ingeskakel. Om sosialisme te lande te vestig is sekere strategieë bepaal. Aanvanklik was dit ‘n wit party met ‘n wit sosialistiese Suid-Afrika as doel. Hierdie benadering het in opdrag van die Komintern verander. Polities was die party op ‘n eiland. Die getalle was ook te klein. Om by die rewolusionêre doelwit uit te kom moes dringende aanpassings kom. Swartmense is gewerf en samewerking met swart organisasies het momentum gekry. Die fokus het na ‘n swart sosialistiese Republiek verskuif;

Die binnelandse politiek sedert Unie-wording in 1910 is deur witmense binne hoofsaaklik twee partye gedryf wat afwisselend tot 1948 regeer het. Die een meer konserwatief en die ander meer liberaal. Die 1948-verkiesing wat deur die konserwatiewe Nasionale Party (NP) gewen is, het ‘n ingrypende uitwerking op die binnelandse sake van die land gehad. Die rassediskriminasie wat reeds bestaan het was in lyn met ‘n beleid van ‘n wit Suid-Afrika waar wit regeer het en ook deur wetgewing uitgebrei en bevestig is. Die aspirasies van swartmense vir politieke en sosiale geregtigheid is afgewys. Afsonderlike ontwikkeling van swart mense moes daardie aspirasies bevredig. Bruinmense en Indiërs sou op ander onsekere wyses hanteer word. Kommunisme is verwerp en wetgewing is teen dit ingestel. Die binnelandse beleid op grond van ras en rasseskeiding het ‘n verder verdeelde samelewing geskep. Hierdie diskriminasie het weerstand vanaf swartmense uitgelok wat hulself organisatories begin rig het. Kommuniste is mettertyd binne hierdie groeiende weerstand in swart organisasies opgeneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Korea het gedurende die oorsigtyd twee belangrike momente beleef. Die eerste was die binnelandse opstande in die suide wat binne die vakuum onstaan het nadat Japan, as koloniale heerser van Korea, tydens die TWO tot oorgawe gedwing is. Die opstande is suksesvol onderdruk. Die tweede was die Koreaanse Oorlog. By ‘n vroeëre ooreenkoms is bepaal dat Korea in twee sal verdeel. Bestuur van die suide sal aan Amerika toevertrou word, met Rusland in die noorde. Met ondersteuning van Rusland het Noord-Korea die suide binnegeval om dit geweldadig te onderwerp. Onder gesag van die VVO en onder leiding van Amerika is hierdie aanslag suksesvol teengestaan. Verskeie lande, waaronder Suid-Afrika, het deelgeneem. Met die oorlog was Noord-Korea kommunisties en Suid-Korea kapitalisties en demokraties. Deelname aan die oorlog was hoofsaaklik as gevolg van Suid-Afrika se binnelandse toestand en die afwysing van kommunisme; en

Die Koreaanse Oorlog is deur die media in Suid-Afrika gedek. Vir doeleindes van hierdie studie word bespreking van die mediadekking vernou tot dié van twee Kaapse dagblaaie. Die dekking behandel nie die veldslae nie, maar eerder die agtergrond tot en rede vir die oorlog, die ingesteldheid van die regering tot die oorlog, die militêre personeel en hulle prestasies en die koste van deelname. Dan, ‘n oorsig oor die kritieklose verslaggewing van die media en ‘n moontlike verklaring daarvoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

The Cold War was regarded as a struggle between East and West, and was based on ideological differences, socialism as opposed to capitalism. Socialism represented a dictatorship as opposed to capitalism and democracy. This war was mainly between America and Russia and direct confrontation was avoided. Countries worldwide were involved. The Soviet Union's policy of expansionism and the effects of dictatorship could have detrimentally effected the free West. Although the Cold War intensified after the Second World War (SWW), the mistrust between the main roleplayers was already evident during the SWW. South Africa's domestic circumstances and policy pertaining to communism involved the country in the Cold War.

The founding and growth of the Communist Party and communism in South Africa occurred in phases. After its establishment it was linked to the Comintern, the central organisation in Russia. The establishment of socialism here was to be according to certain strategies. Initially it was a white party and the aim was a white socialist South Africa. This approach was altered by the Comintern. The party was politically on an island. The membership was also too small. In order to give effect to the revolutionary goal, drastic changes were necessary. Black people were recruited and co-operation with black organisations gained momentum. A socialist black Republic became the focus.

The domestic politics since formation of the Union was dominated by whites and driven mainly by two parties who alternated government until 1948. The one being conservative and the other more liberal. The 1948 elections won by the conservative National Party (NP) had a profound influence on the internal affairs of the country. Racial discrimination, which already existed, was in line with the policy of a white South Africa where whites ruled and was extended and confirmed by legislation. The aspirations of black people for political and social justice were declined. Separate development of black people was to satisfy those aspirations. Brown people and Indians would have been dealt with in other uncertain ways. Communism was rejected and legislation introduced against it. The domestic policy based on race and racial division created a more divided society. However, the discrimination attracted resistance from black people who organised themselves. In this peroid of growing resistance, communists usurped into black organisations.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

During this oversight period, Korea went through two important moments. The first was with the internal uprising in the south within the vacuum which was created after Japan, as colonial ruler of Korea, was forced to surrender during the SWW. The uprising was successfully suppressed. The second was the Korean War. By an earlier agreement it was decided that Korea will be divided. America would be entrusted with the management of the South, and Russia in the North. With the support of Russia, North Korea invaded and attacked the South with the aim of subjection. With the outbreak of the war North Korea was communistic and South Korea capitalistic and democratic. Under the auspices of the UNO and the leadership of America this onslaught was successfully fended off. Various countries, including South Africa, participated. Participation in the war was primarily based on the country's internal affairs and the rejection of communism and ...

The Korean War was covered by the media in South Africa. For the purpose of this study, discussion of the media coverage is narrowed to that of two Cape daily newspapers. The coverage does not deal with any battles, but rather the reason for the war, the attitude of the government towards the war, the military personnel and their achievements and the costs of the war. Lastly, a review of the uncritical reporting of the media and a possible explanation.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNING

Ek wil eerste erkenning gee aan die Liewe Vader wat my sover gebring het in my akademiese loopbaan en lewe, sonder Hom sou ek nie tot by ‘n Magistergraad gevorder het nie.

Dan, my liewe ouers wat dit vir my moontlik gemaak het om ses en half jaar te kon studeer. Hulle het my moed ingepraat, ondersteun en gehelp met die fyner tegnieke van skryf. Baie dankie ook aan my Ouma, Pieter en Brian vir al hulle ondersteuning.

My studieleier, Professor Bill Nasson wat ‘n voorreg was dit nie om in my voorgraadsejare en honneursjaar by u te kon leer nie. Baie dankie vir u leiding en ondersteuning met hierdie werk. U het Geskiedenis vir my nog meer genotvol gemaak.

Dankie aan die Universiteit van Stellenbosch, JS Gericke Biblioteek, Merensky Biblioteek aan die Universiteit van Pretoria, Die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteke, Kaapstad en Pretoria, UNISA biblioteek, Nasionale Argiewe van Suid-Afrika te Pretoria en ook die argiewe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag te Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN INHOUD

Verklaring	i
Opsomming	ii
Abstract	iv
Erkenning	vi
Inhoud	viii

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN
Koue Oorlog 1945 – 1950 **1**

HOOFSTUK TWEE
Kommunisme in Suid-Afrika **12**

HOOFSTUK DRIE
"Wit Politiek": Nasionale Party en die Verenigde Party **26**

HOOFSTUK VIER
"Swart Politiek": African National Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party **69**

HOOFSTUK VYF
Opstande tydens Herfs-oestyd **99**

HOOFSTUK SES
Suid-Afrikaanse Lugmag, Weermag en Media **107**

Gevolgtrekking **131**

Bronnelys **143**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. KOUE OORLOG (1945 -1950)

"*War may sometimes be a necessary evil. But no matter how necessary, it is always an evil, never a good. We will not learn how to live together in peace by killing each other's children.*"[1] – Jimmy Carter

Op 14 Augustus 1945 het die Tweede Wêreldoorlog (TWO) tot 'n einde gekom nadat die Verenigde State van Amerika 'n atoombom op die Japannese stede Hiroshima en Nagasaki laat val het en so by gedra tot die oorgawe van Japan. Die Duitse Nazi-weermag het reeds op 8 Mei 1945 aan die Amerikaanse en Russiese magte, as deel van die Geallieerdes, oorgegee.[2]

Die Tweede Wêreldoorlog het dalk geeïndig, maar so 'n jaar of twee voor 1945 het daar reeds 'n ander soort oorlog begin. Tot die 'val' van die Berlynse Muur in 1989, was dit 'n oorlog wat uiteindelik 44 jaar sou duur. Hierdie oorlog sou as die Koue Oorlog bekend word. Westerse lande en ander ondersteunende lande, soos Suid-Afrika, was saam met Amerika aan die een kant op die voorpunt. Rusland, met sy latere satelietstate en ander ondersteunende lande was aan die ander kant. In die finale instansie was hierdie oorlog hoofsaaklik tussen twee wêreldmoondhede, naamlik Amerika en Rusland. Laasgenoemde het in hierdie tyd, met invoeging van die satelietstate, die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke (Sowjetunie) geword.

Hierdie oorlog kan ook as volg definieër word: die Koue Oorlog was 'n magspel waarvolgens daar op verskillende gebiede gepoog is -

- om die denke of ideologieë van opponerende lande,
- volgens verskillende metodiek op die invloedsdomein van elk ander te bewerkstellig of teen te staan,
- hetsy deur dwang of nie,
- terwyl uitvoering verwesenlik word binne 'n scenario van voortdurende beplanning en aktiwiteite,
- met vermyding van direkte konfrontasie tussen die hoof rolspelers.

---

[1] Suzanne Goldenburg, "Carter uses peace prize speech to condemn US policy," *The Guardian,* 11 Desember, 2002. <www.theguardian.com/world/2002/dec/11/usa.suzannegoldenberg> (21 Septenber 2013).

[2] "D-Day and German Surrender," U.S. History Pre-Columbian to the NewMillenium, 2011. <www.ushistory.org/us/51c.asp> (19 July 2011).

Binne hierdie magspel het militêre bewapening en vertoon, militêre offensiewe, befondsing en spioenasie, as deel van die metodiek, wat op een of ander wyse in 'n mindere of meerdere mate die meeste lande in die wêreld betrek het, op feitlik alle lewensterreine geslaan. Dit was ook nou verweef om die botoon te voer op onder andere die militêre en tegnologiese terreine. Wie ookal die botoon op hierdie en ander terreine voer sou kon argumenteer sy ideologie is die beter of meer suksesvolle een.

Die einde van die TWO was maar eintlik in 'n sekere opsig ook gelyk aan die stelling, "Peace was an illusion."[3] Binne hierdie stelling kan die einde van die TWO in 'n sekere sin ook as 'n illusie vertolk word. Uiteindelik is die een oorlog net met 'n ander vervang, waarvan die metodiek verskil het.

Die binne- en buitelandse beleide van Amerika en die Sowjetunie was so verskillend dat hulle gewoon net nie kon saamstem oor verbandhoudende sake wat vir beide saakmakend was nie. Vanselfsprekend sal dit 'n vraagteken plaas agter die diepte van hulle 'geallieerdheid' gedurende die Tweede Wêreldoorlog. In die normale gang van sake sou dit geredelik aanvaar word dat lande wat sy-aan-sy in 'n oorlog veg minstens 'n relatiewe goeie verhouding met mekaar sou hê en handhaaf. In die geval van Amerika en Rusland is egter presies die teenoorgestelde waar. Die een het gedink die ander is boos.

Saamstaan gedurende die oorlog was dus suiwer die gevolg van 'n gemeenskaplike vyand, naamlik Duitsland. Afleibaar was daar nie besondere vertroue of warmte jeens mekaar nie. Trouens, dit was so laag dat pres. Truman Stalin eers tydens die Potsdam Konferensie, wat vanaf 17 Julie tot 2 Augustus in Duitsland plaasgevind het, ingelig het dat hulle suksesvol 'n atoombom op 16 Julie 1945 laat ontplof het. Op sy beurt was Stalin egter reeds deur sy intelligensiestrukture ingelig en hy het ook geen vooraf navrae aan sy geallieerde genote gerig nie. Sonder vooraf kennis aan elk ander wou elkeen die inligting as hefboom teen die ander gebruik. Truman omdat hy oor 'n goeie 'afskrikking' beskik het en Stalin wat sy goeie inligtingstrukture ten toon wou stel.[4] Amper asof hy wou sê –'Weste wees op julle tone, ek hou julle dop'.

---

[3] Merrilyn Thomas, *The Cold War* (Oxford: Oneworld Publications,2009),30.

[4] "Milestones: 1937-1945 – The Yalta Conference 1945," *U.S. Department of State - Office of the Historian.* <http://history.state.gov/milestones/1937-1945/YaltaConf> (8 September 2013).

Uiteindelik was dit ideologiese vyande wat as gevolg van omstandighede gedwing was om as geallieerdes om dieselfde tafel sit. Die Amerikaanse genl. Patton het 'n duidelike weersin en wantroue in die Sowjetunie gehad. Dit word gestel dat hy naby die einde van oorlog duidelike standpunt ingeneem het dat die Sowjets nie die geleentheid gegun moet word om te herstel nie, maar deur Amerika met militêre optrede uitgeskakel moet word. Na sy mening is die oorlog eintlik verlore indien Europa (bedoelend in die geheel) nie bevry word nie.[5]

Die feit dat genl. Eisenhower die Rooi Leër toegelaat het om Berlyn eerste binne te gaan het groot ongelukkigheid in Londen en Washington veroorsaak. Hierdie moet egter gelees word teen die feit dat die verdeling van Duitsland, soos hieronder genoem word, reeds plaasgevind het en dus nie sou verander nie. Dit word daarom argumenteer dat Eisenhower, wat hiervan bewus was, daarom nie verdere risiko vir die soldate wou loop nie. Hy was ook daarvan bewus dat Roosevelt vroeër hoop op en strewe om beter na-oorlogse verhoudinge met die Sowjetunie te behou, ten regte of ten onregte, al sou Berlyn 'n trofee vir enige veroweraar wees.[6,7] Roosevelt was waarskynlik daarop ingestel om eerder by wyse van diplomasie te probeer om voortsetting of uitwerking van die Koue Oorlog te versag.

Die jare van Koue Oorlog het ook verskillende oorlogsituasies en krisisse opgelewer. In plaas van direkte konfrontasie het Amerika en Rusland deur ander lande gewerk om mekaar teen te staan, byvoorbeeld die Koreaanse Oorlog wat in hierdie studie betrek word. Rusland het deur Noord-Korea gewerk met die voorsiening van hulp in verskeie vorms, terwyl Amerika aan die spits van hulp aan Suid-Korea gestaan het. Dan, buite die oorsigtydperk van hierdie studie, maar as 'n voortduring van die Koue Oorlog, byvoorbeeld ook in later jare die berugte Kubaanse Missielkrisis, die Viëtnamese Oorlog en die

---

[5] C Peter, Chen, "George Patton," *World War II Database*, 2013. <www.ww2bd.com/person_bio.php?person_id=55.com> (21 September 2013).

[6] Russel F, Weigley, "Eisenhower in Perspective: Ranking Him Among the Great Commanders of American History," *Department of History, Kansas University.* Par.58, 1991. <www.k-state.edu/history/eisenlecture/4lecture.html> (8 September 2013).

[7] William Henry, Chamberlin, "The Munich Called Yalta: War's End," *America's Second Crusade [1950],* The Online Library of Liberty, 2008. http://oll.libertyfund.org/?option=com_staticxt&staticfile=show.php%3Ftitle=2280&chapter=216160&layout=html&Itemid=27>(8 September 2013).

binneval van Afghanistan.[8] Wedersydse wantroue het voortdurend op die voorstoep gestaan.

Die matriks hieronder toon die direkte verskille in die lande se binnelandse politieke en sosiale ordes en verklaar die totale verwydering tussen hulle:

Amerika	Sowjetunie
Vrye verkiesings	Geen of gekookte verkiesings
Demokrasie	Autokraties/Diktatuur
Kapitalisme	Kommunisties
Oorlewing van die sterkste	Elkeen help elkeen
Rykste wêreldkrag	Swak ekonomiese basis
Persoonlike Vryheid	Gemeenskapsbeheer deur die NKVD (geheime polisie)
Persvryheid	Totale sensuur

[9]

Verskillende sieninge en benaderings oor die Koreaanse Oorlog wat sake bemoeilik het was dus nie vreemd nie. Die verskillende beskouings van ideologie en ooreenkomstige beleid het dan ook bygedra tot die "chaotiese en die fluïdum van die internasionale verhoudinge," en dit het 'n "derde" wêreldoorlog in die gedaante van die Koue Oorlog tot gevolg gehad.[10] Hoekom word daar verwys na 'n "derde" wêreldoorlog, as daar eintlik net twee opponerende lande was? Dit was wel hoofsaaklik tussen Amerika en die Sowjetunie, maar dit het ook, soos hierbo aangedui is, vele ander lande wêreldwyd geraak. By 'n baie meer direkte bedreiging of betrokkenheid word hier in besonder aan Korea, China, Viëtnam, Kuba, Afghanistan, lande in Oos-Europa en in Afrika gedink. In hierdie lande waar pogings was om die ideologie van kommunisme te vestig en waar weerstand

[8] Chris Trueman,"What was the Cold War," History Learning Site. <http://www.historylearningsite.co.uk/what%20was%20the%20cold%20war.htm>(8 Februarie 2013)

[9] Chris Trueman,"What was the Cold War," History Learning Site. <http://www.historylearningsite.co.uk/what%20was%20the%20cold%20war.htm>(8 Februarie 2013)

[10] David, S Painter,*The Cold War: An International History* (London:Routledge,1999),4.

daarteen plaasgevind het, het beide Amerika en Rusland hulle betrokkenheid op verskillende wyses getoon. Dit het meestal te make gehad met ‘n indirekte bydrae, soos finansies of logistieke ondersteuning in die vorm van wapentuig of soms ook soldate.

Anders as die verloop van sake in sommige ander lande, is Suid-Korea ‘n voorbeeld van ‘n land waar pogings om die ideologie van kommunisme teen te staan, suksesvol was. Die geskiedenis het getoon dat dit nie ongewoon is dat demokrasieë deur kommunistiese regerings vervang word nie. Andersoortige diktature het dan in so ‘n land ontwikkel. Lande soos Pole, Bulagarye en Romenië in die Oos-Europese streek, is voorbeelde.[11] In sommige gevalle was die verandering of oorgang na kommunisme evolusionêr, terwyl dit in die meeste gevalle rewolusionêr en dus die pad van geweld geloop het. Met die strewe om kommunisme wêreldwyd uit te brei, is dit vanselfsprekend dat elke land wat kommunisme as beleid aangeneem en toegepas het, die Sowjetunie op 'n direkte wyse versterk het.

In die jare na die TWO was Korea die eerste land waar Amerika betrokke geraak het om die verspreiding van kommunisme te keer. Dit was ook die eerste land waar daar oorlog gemaak is tydens die Koue Oorlog. Voordat 'n sprong na die einde van die Koue Oorlog geneem word, sal dit nodig wees om eers ‘n oorsig van die vroeë tye van die Koue Oorlog te onderneem.

Reeds voor Duitsland aan die Geallieerdes oorgegee het, het die VSA, Brittanje en Rusland ‘n konferensie byeengeroep om die toekoms van die na-oorlogse Duitsland, die Verenigde Nasies (VN) (Verenigde Volkere Organisasie (VVO) op daardie stadium) en Oos-Europa te bespreek. Hierdie konferensie het vanaf 4 tot 11 Februarie 1945 by ‘n vakansieoord in die Crimea-streek in die Sowjetunie, plaasgevind. Dit is ook alom as die Yalta-konferensie bekend.[12] Die belangrikste sake wat bespreek en waarop ooreenkomste bereik is, is dit wat oor verskeie aangeleenthede van na-oorlogse belang was. Die volgende was drie van die belangrike uitvloeisels wat met die Koue Oorlog in verband

[11] Dr. Stephen Randolph,“Life Under Communism in Eastern Europe,” *Constitutional Rights Foundation – Bill of Rights in Action,* 19:1 (Winter 2002). http://www.crf-usa.org/bill-of-rights-in-action/bria-19-1-a-life-under-communism-in-eastern-europe (8 September 2013).

[12] “The Yalta Conference (02/04/1945 – 02/11/1945),” *The U.S National Archives – OPA – Online Public Access*. <http://research.archives.gov/organization/1189375> (8 September 2013).

gebring kan word en wat deur beide die hoofrolspelers, Amerika en die Sowjetunie, goed binne sy eie persepsie van optrede benut is:

- 'n Onderneming deur die Sowjetunie dat vrye verkiesings in die bevryde lande aangrensend tot die unie toegelaat sal word. Dit is gemeensaak dat dit nie gebeur het soos die onderneming en verwagting was nie. Hierdie lande, waarvan drie op p.5 genoem word, was uiteindelik deel van die Sowjetunie se plan van gebiedsuitbreiding, oftewel ekspansionisme, waar hy uiteindelike beheer uitgeoefen het;
- Instemming tot die Amerikaanse voorstel van stemreg op die VN se Veiligheidsraad, wat intussen na vyf permanente lede uitgebrei is om ook aan Frankryk sitting te gee. Elkeen van hierdie lidlande sal 'n veto-reg oor besluite van die raad hê. Vanselfprekend sal dit in enige belangrike besluit in die toekoms wat die Sowjetunie se beplanning negatief kan beïnvloed, handig te pas kom; en
- 'n Skikking oor die toekoms van Duitsland wat behels het dat siviele beheer nie vir die onmiddellike toekoms toegelaat sal word nie. Die Weste (Amerika en Engeland) sal die westelike deel wat hulle beset het beheer met 'n gedeelte aan Frankryk, terwyl Rusland die oostelike gebied sal beheer.[13] Die Sowjetunie, wat in sy gebied die regering orkestreer het, het in die opvolgende dekades, tot 1989, absolute onderdanigheid van Oos-Duitsland gehad. Intussen het Wes-Duitsland 'n welvarende demokrasie geword.

In die opsig van Oosterse lande het Roosevelt baie subtiel aan Stalin verduidelik hoe Amerika reeds as tutor optree vir die Fillipyne. Hy het terselfdetyd ook weer aan Stalin genoem dat so 'n ooreenkoms ook vir Korea kan geld. Teenoor die moontlike vyftig jaar voogdyskap vir die Fillipyne, het President Roosevelt dit goed gedink dat Korea 'n trusteeskap van so tussen 20 en 30 jaar moet bekom. Stalin het nie hiermee saamgestem nie. Hy was van mening dat 'n korter periode veel beter sal wees. Vier maande het verby gegaan en in Julie 1945 was oorweeg om, in opvolg van die Yalta-gesprekke, 'n gedetaileerde bespreking oor Korea te hou. Die beplanners aan Amerikaanse-kant het dit egter goed gedink dat daar 'n maksimum en 'n minimum doelwit gestel moet word. "Die maksimum doelwit was die Geallieerdes en veral [die] Sowjet[unie] se ooreenstemming op gesamentllike aksies rakende die trusteeskap en dan die minimum doelwit was die

[13] "Foreign News: Germany Divided?" *Time Magazine Online* April 24, 1944. <http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,778091,00.html> (19 Julie 2011).

Sowjetunie se nakoming van die Kaïro Deklerasie." Onder andere is ooreengekom dat die partye sal streef na die onafhanklikheid van Korea.[14] Die Kaïro Deklerasie was in November 1943 in Kaïro, Egipte, opgestel na 'n konferensie tussen Roosevelt, Churchill en Chaing Kai-Shek, leier van Korea.[15]

Met die gedetailleerde besprekings oor Korea was daar aan die kant van die Sowjetunie gehoop dat veranderinge sou kom oor die trusteeskap van Korea. Toe dit egter nie gebeur nie het Stalin sommer sy eie vergadering gereël. 'n Maand na hierdie gedetaileerde gesprek het Harriman, die Amerikaanse ambassadeur in die Sowjetunie vanaf 1943 tot 1946, op 3 Julie vir president Truman 'n telegraaf van Moskou af gestuur. Daarin het hy verduidelik dat Stalin met die Chinese regeringsverteenwoordiger, TV Soong, gesprek gehad het.[16] Hierdie gesprekke met Soong het gehandel oor Korea en dat Stalin aan Soong bevestig het dat hy saamstem oor die instelling en wyse van 'n vier-mag-trusteeskap.[17] Die twee moondhede, Amerika en die Sowjetunie, het egter nooit 'n ooreenkoms oor Korea en die voorgestelde trusteeskap bereik nie.[18] Stalin was duidelik besig om 'n atmosfeer te skep wat tot voordeel van die Sowjetunie moes werk.

In Europa was dit ook vir die Sowjetunie belangrik om sy invloedsfeer uit te brei. Tydens die Yalta-besprekings is daar besluit dat Duitsland en Oostenryk vir tyd en wyl verdeel gaan word onder die vier oorwinnende nasies. Dié Europese lande is in vier besettingsones verdeel. Frankryk, Brittanje en die VSA sou, soos genoem, in die Weste wees en die Sowjetunie in die Ooste. Die stede van Berlyn en Wenen was ook in twee verdeel en beset. Hierdie oostelike gedeelte van Duitsland, wat later as die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) bekend gestaan het en die suidoostelike deel van

---

[14] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War. "Crucible of Policy"* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 112.

[15] Jacques L. Fuqua (Jr), *Nuclear endgame: the need for engagement with North Korea* (Westport USA: Greenwood Publishing Group, 2007), 45.

[16] "W. Averell Harriman," Encyclopedia Britannica, 2011.<www.britannica.com/EBChecked/topic/255870/W-Averell-Harriman> (20 Julie 2011).

[17] Bruce Cummings,*The Origins of the Korean War. "Crucible of Policy"* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 112.

[18] Bruce Cummings,*The Origins of the Korean War. "Crucible of Policy"* (New Jersey:Princeton University Press, 1981), 109.

Oostenryk is by Rusland ingehak.[19] Die Sowjetunie was nou deels in die Weste se 'goeie boeke', as gevolg van sy hulp met die oorwinning tydens die TWO. Dit het die Sowjetunie tot hul voordeel gebruik. Die Geallieerdes het Duitsland verdeel sodat dit die opbou van die land kon vergemaklik. Dit was juis hierdie verskoning wat deur die Sowjetunie gebruik is toe hulle ander lande in Oos-Europa begin oorneem het. Waarskynlik juis waaroor genl. Patton 'n bekommernis gehad het.

Die Sowjetunie wou Oos–Europa deel maak van die unie en het regimes gestig in lande wat in na-oorlogse omstandighede onder sy beheer gekom het. Die pad vir oorname en inlywing by Rusland en die afdwing van hulle ideologie is oopgedruk. Die *modus operandi* wat deur Rusland gevolg is om nie net sy invloedsfeer nie, maar ook die grondgebied waaroor hy beheer sou uitoefen uit te brei, sal gemaklik as ekspansionisme gesien kan word. Verder, hierdie uitbreiding vir beheer word selfs met "ekspansiepolitiek" in verband gebring. Volgens die VAW is laasgenoemde "Imperialistiese" politiek om al hoe meer lande onder jou gesag te kry."[20]

Die eerste lande wat hierdie kommunistiese kolonialisering van die Sowjetunie ten prooi geval het en kommunisties geword het was Romenië en Bulgarye in 1945. Na 1945 het kommunisme, veral in Europa, soos 'n veldbrand versprei. Die volgende lande wat oorgeneem is en waar diktators in beheer gestel is was Albanië en Yugoslawië.[21] In 1948 is kolonialisering fluks voortgesit toe Tsjeggo-Slowakye en Pole aan die beurt gekom het. Pole het op sy beurt weer Pomeranië, Silesië en Suidelike Oos-Pruise annekseer. Met hierdie anneksasies was die nuwe Duits-Poolsegrens getrek. Hongarye het in 1949 onder kommunisme gekom en Noord-Korea in 1950.[22]

Oos-Europa, die Ooste, Suid-Amerika en dele van Wes-Europa het oral lande verloor aan die ideologie van kommunisme. As 'n land nie in geheel onder kommunisme gekom het

---

[19] United States Holocaust Memorial Museum. "The Soviet Union and Europe After 1945," *Holocaust Encyclopedia*, January 6, 2011.
<http://www.ushmm.org/wlc/en/article.php?ModuleId=10005506> (10 Februarie 2011).

[20] F.J Labuschagne & L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk, 1993), 170.

[21] United States Holocaust Memorial Museum. "The Soviet Union and Europe After 1945," *Holocaust Encyclopedia,* January 6, 2011.
<http://www.ushmm.org/wlc/en/article.php?ModuleId=10005506> (10 Februarie 2011).

[22] Merrilyn Thomas, *The Cold War (*Oxford: Oneworld Publications, 2009), 37.

nie, was daar 'n Kommunistiese Party wat gepoog het om die land se politieke stelsel te verander. Hier te lande was Suid-Afrika nie 'n uitsondering nie. Die KPSA, as die latere SAKP, het in Suid-Afrika daardie rol gespeel, ‘n rol wat in die volgende hoofstuk meer toegelig sal word.

Met die vinnige uitbreiding van kommunisme het Amerika besluit om veel meer betrokke te raak by die binnelandse sake van Wes-Europese lande. Maar, die Europeërs was egter nie almal so gretig daaroor nie. Hulle het dit gesien as ‘n inmenging van die Amerikaners in hulle sake. Sterk Kommunistiese Partye het in Frankryk, Italië en Duitsland ontstaan. Volgens ‘n artikel in die TIME MAGAZINE van 1945, was daar ‘n moontlikheid dat Wes-Europa nie onder die sterk teenwoordigheid van die VSA sou wou val nie. As gevolg daarvan dat die Sowjetunie vinnig gebiedsuitbreiding in Oos-Europa toegepas het, het Wes-Europese lande ewe vinnig van plan verander en met Amerika, binne die Marshall-plan, saamgewerk. In hierdie tyd het verskeie lande in Wes-Europa begin draai na kommunisme,[23] maar die ondersteuning was nie volhoubaar om kommunisme te onderhou nie.

Soos afgelei kan word was Amerika baie bekommerd oor die uitbreiding van kommunisme na ander wêrelddele. Hierdie bekommernis was nie net oor die bedreiging daarvan op Amerikaanse bodem nie, maar sou die Sowjetunie suksesvol wees in sy pogings sou internasionale handel vir Amerika nie net beperk kon word nie, maar dit kon selfs uitgeskakel word. Daarom, juis as gevolg van hierdie bewustheid en vrees, het Amerika besluit op ‘n beperkingsbeleid, die sogenaamde Truman-doktrine en in 1947 het die Marshall-plan, hieronder na verwys, gevolg. ‘n Ander rede waarom Amerika die beleid van beperking ingestel het was ‘n oorweging dat hulle dalk nie sterk genoeg sou kon staan om kommunisme binnelands te weerstaan nie.

Die Marshall-plan was opgestel na die burgeroorlog in Griekeland. Hierdie oorlog, tussen die Kommuniste en die Monargie, het vanaf 1946 tot 1947 gewoed.[24] Die beperkingsbeleid het sowel binne Amerika as oorsee gegeld. Beide die Truman-doktrine en Marshall-Plan het duidelik getoon dat Amerika baie besorgd was oor die verspreiding van kommunisme

[23] “Foreign News: Germany Divided?” *Time Magazine Online.* 24 April 1944. <www.time.com/time/magazine/article/0,9171,778091,00> (19 Julie 2011).

[24] Merrilyn Thomas, *The Cold War* (Oxford: Oneworld Publications, 2009), 35.

in Europa. Afgesien van die Amerikaanse ekonomie, was Europa nog afhanklik van skenkings vanaf Amerika. Hierdie bekommernis het ook na Asië versprei.[25] As die hele Europa en Asië kommunisties sou word, dan sou dit waarskynlik net 'n kwessie van tyd gewees het voordat Amerika ook bedreig sou word.

Maar waaroor gaan die Marshall-plan? Europa het erge skade tydens die Tweede Wêreldoorlog gelei en was finansieël ook uitgeput. Amerika het besluit om in te spring en finansiële hulp aan sukkelende Europese lande te bied. Die lande wat hulp sou aanvaar moes die Marshall-plan onderteken. Die plan het gestipuleer dat hulle die voorwaardes aanvaar van hierdie finansiële hulp en met Amerika sou handel dryf. Hierdie was van die terme wat Stalin nie kon aanvaar nie en dus het die Sowjetunie nie die Marshall-plan onderteken nie. Lande in die Oosterse-blok is ook onder druk geplaas om nie te teken nie en moes saam met die unie die kapitalisties gedrewe Amerika weier.[26]

Tydens die Potsdam-konferensie in April 1945 het president Roosevelt gesterf. Hy is deur Harry S Truman, as president van Amerika opgevolg. Navorsers het in sekere studies gevind dat die Truman-administrasie Amerika se opregte toegewydheid aan anti-kolonialisme ondermyn het. President Truman is as 'n baie onervare politikus beskryf wanneer dit by buitelandse sake gekom het, en dat hy 'n temperamentele nasionalis was.[27] Sekere ministers van die Roosevelt-administrasie, bekend as die sogenaamde nasionaliste, kon ook nou gehoor word. Die nuwe na-oorlogse beleid het veel meer geneig na nasionalisme en daarmee het 'n paar van Roosevelt se beleide ten opsigte van ander lande ook verander.[28] Amerika het meer daarop ingestel geword om eerste na sy eie belange om te sien. Dit het egter nie die beskouing oor die bedreiging van kommunisme in die buiteland en dus ook daardeur vir Amerika verander nie. In 1946 is daar finaal besluit dat dit duidelik is dat die plan vir gesamentlike trusteeskap van Korea tussen Amerika en die Sowjetunie nie gaan realiseer nie. So ook nie die moontlikheid om die Koreas

[25] George M Elsey, "Teaching with documents: The United States Enters the KoreanConflict," *Journal of the National Council for the Social Sudies*, 15 Junie, 2011. http://www.archives.gov/education/lessons/korean-conflict/ (19 Julie 2011).

[26] Merrilyn Thomas, *The Cold War* (Oxford: Oneworld Publications, 2009), 35.

[27] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War (*New Jersey: Princeton University Press, 1981), 111.

[28] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 111.

uiteindelik weer te verenig nie.[29] In hierdie opsig kom die Kaïro Deklerasie onwillikeurig na vore.

Korea was 'n belangrike fokuspunt vir Amerika, veral in terme van hulle veiligheidsbelange. Die Sowjetunie, wat nou Noord-Korea in hulle hande gehad het, was 'n bedreiging vir daardie veiligheid. Korea, as 'n vroeëre kolonie van Japan, kon na die Japannese oorgawe in die TWO, hulself nie onmiddelik regeer nie.[30] Amerika het voorgestel dat Korea eerder deur middel van 'n multi–nasionale administrasie, die trusteeskap wat hierbo na verwys is, bestuur word. Hulle het gereken dat dit vir die beskerming en bevordering van die wedersydse belange meer geskik sou wees. Hierdie soort administrasie was van dieselfde aard wat Amerika in die geval van Duitsland voorgestel het. Daar was ook voorstelle in Amerika dat dit dalk nodig sal wees vir gedeeltelike of miskien volledige militêre besetting. Hierdeur sou verseker kon word dat Amerika se stempel duidelik sigbaar bly. Die Sowjetunie moes die boodskap kry dat Amerika die gedeelte waaroor dit beheer geneem het nie sonder 'n geveg sou oorgee nie. Dit was belangrik om die integriteit van die gebied te verseker. In November 1943 het 'n plaaslike koerant hierdie belang bevestig met 'n opmerking "[dat] die sekuriteit van die Noord-Atlantiese gebied van belang [was] vir Amerika."[31]

Binne daardie gebied was die Koreaanse situasie inderdaad van groot belang vir Amerika. Afgesien van ekonomiese of ander potensiële nadele, was hierdie Oosterse lande ook 'buurlande' van Amerika. Dit het die moontlikheid ingehou dat kommunisme vinniger na die VSA sou kon versprei.

Hierdie was ook die eerste oorlog waarin Amerika betrokke was om enersyds die verspreiding van kommunisme en andersyds die gedwonge oorname van die politieke beheer van 'n land binne die ekpansionistiese beleid van die Sowjetunie, in hierdie geval ook met die ondersteuning van China, te keer.

Uiteindelik was die Koue Oorlog 'n lang uitgerekte stryd tussen twee magte waarin geen kompromis bereik kon word om dit tot 'n einde te bring nie. In die proses is baie geld uitgegee en baie lande en die lewens van miljoene mense is op een of ander wyse geraak.

---

[29] Andrei Lankov*, From Stalin to Kim Il Sung,* (London: C Hurst & Co Publishers Ltd, 2002), 8.

[30] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Pres, 1981), 113.

[31] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 114.

2. KOMMUNISME IN SUID-AFRIKA

Suid-Afrika het sedert 1921 'n eie en volwaardige Kommunistiese Party. Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is oorspronklik as die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) gestig en het in 1959 die SAKP geword.[32] As gevolg daarvan dat dit baie meer in die volksmond as sodanig bekend is en daarom ook vir doeleindes van hierdie bespreking, sal die SAKP as verwysing gebruik word.

Onder die vaandel van die African National Congress (ANC) het welbekende lede van die party vandag sitting in die parlement en in besonder ook in die kabinet. As gevolg van die grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika is hierdie vrye deelname aan enige van die vlakke van regering of enige buite-parlementêre aktiwiteite moontlik.

Vir doeleindes van volledigheid oor die ontstaan van 'n Kommunistiese Party in Suid-Afrika, is dit nodig om bepaalde feite wat op 'n tydperk voor 1950 toepassing het, ook hier aan te raak.

Kommunisme in Suid-Afrika was oor baie jare en is steeds 'n veelbesproke onderwerp. Die jare vanaf 1950 tot 1953 was vir die SAKP besonder belangrik. In 1950, tydens die bewind van die NP, is die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme afgekondig.[33] Ingevolge daarvan is die Kommunistiese Party tot verbode organisasie verklaar.[34] Sommige lede en dié van ander organisasies wat as Kommuniste identifiseer is, is ingevolge dié wetgewing as sogenaamde gelystes tot ongewenste persone, op wie inperkingsbevele beteken is, verklaar. Die eerstes van hierdie inperkingsbevele is in 1952 beteken. Dit is interessant om kennis te neem dat daar tussen 1950 en 1991 meer as 1600 mans en vroue ingeperk is.[35] Ook interessant is dat die regering dit nodig gevind het om die betrokke wetgewing alreeds in 1951 te wysig. Verskeie wysigings is daarna oor die

---

[32] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 308.

[33] "Suppression of Communism Act, No. 44 of 1950 approved in parliament." *South African History Online.* <http://www.sahistory.org.za/dated-event/suppression-communism-act-no-44-1950-approved-parliament> (12 Februarie 2013).

[34] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 266.

[35] "Suppression of Communism Act, No. 44 of 1950 approved in parliament" *South African History Online.* <http://www.sahistory.org.za/dated-event/suppression-communism-act-no-44-1950-approved-parliament> (12 Februarie 2013).

jare aangebring.[36] Dalk was dit nodig omdat dié teen wie die wetgewing gemik was een voor was, of dalk wou die regering maar die net so wyd as moontlik span.

Nietemin, die SAKP het in Mei van daardie jaar 'n artikel geplaas waarin die inperkingsbevele ten sterkste veroordeel is. Die regering is uitgekryt as synde dat dit die gesag van die reg omseil. Verder is adv. C.R. (Blackie) Swart, wat op daardie stadium die minister van Justisie was, as "extremely foolhardy" beskryf. Die vraag is gestel oor hoe hy gereken het hierdie tipe optrede teen ampsdraers en andere gaan verhinder dat die betrokke organisasies sal kan voortgaan en hulle strewes realiseer. Die 'organisasies' wat binne die trefwydte van die wet gekom het is ook as 'demokraties en wettig' beskryf. 'n Beroep is op die mense, swart en wit, gedoen om hulle nie deur die regering se optrede te laat afskrik nie en met die stryd voort te gaan. Beperkende en diskriminerende wetgewing moet ignoreer word.[37]

Ongeag die posisie wat teenoor die regering of die geaffekteerde organisasie(s) ingeneem is, val die argument van die SAKP oor "demokraties en wettig" vreemd op. Dit is gemeensaak dat die regsgeldigheid van die Suid-Afrikaanse regering en dus die staat internasionaal as wettig erken is en as sulks aanvaar was. Die land was wel nie 'n regstaat in die gewone sin van die woord nie en 'n regstaat-gerigte grondwet en dus ook 'n Handves van Menseregte, soos dit vandag bekend is, het nie bestaan nie. Dit het egter niks aan die regssoeweriniteit van die staat en die regering, namens die staat, verander nie. Dus, as gevolg van die afwesigheid van regstaat-status en wetgewing wat so 'n moontlikheid skep, was dit vanselfsprekend dat wetgewing wat ooreenkomstig die heersende reg van die tyd deur die parlement afgekondig is, al was dit onbillik diskriminerend of ignorerend of persepsueel so, net deur die parlement herroep of gewysig kon word. Die parlement het wetgewende bevoegdheid gehad en dit uitgeoefen. Binne hierdie parameters is ook die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme afgekondig. Die betrokke wetgewing was dus regtens geldig en is as sulks erken. Howe het intrinsiek

[36] "Statement condeming the first banning orders under the Suppression of Communism Act, May 22, 1952," *South African Communist Party*. <http://www.sacp.org.za/main.php?include=docs/history/dadoo-37.html> (12 Februarie 2013).

[37] "Statement condeming the first banning orders under the Suppression of Communism Act, May 22, 1952," *South African Communist Party*. <http://www.sacp.org.za/main.php?include=docs/history/dadoo-37.html> (12 Februarie 2013).

nie toetsingsbevoegdheid ten opsigte van grondwetlikheid of regsgeldigheid van wetgewing gehad nie en moes die bepalings van wetgewing toepas.

In hierdie konteks, ten opsigte van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en ander verbandhoudende wetgewing, spreek dit vanself dat slegs die korrekte toepassing daarvan aan juridiese oorsig onderworpe was. Uiteindelik was uitvoering van die wet dus 'n *fait accompli*. Vanselfsprekend dan waar dit vasstaan dat die handelinge van die staat *per se* deur enige van sy uitvoerders in die uitvoering van enige bepaling van hierdie wet - as magtigende wetgewing, korrek is, die saak en die getuienis deur 'n geregshof aangehoor moes word. Die meriete daarvan moes ooreenkomstig die wet beoordeel word. Waar inperkingsbevele wat ingevolge die betrokke wetgewing ter sprake was prosedureel en regstegnies korrek bevind is, was dit dus wettig.

Enige organisasie of individu wat aan die bedoeling van die wetgewing voldoen het, met ander woorde, die bevordering van kommunisme op enige wyse wat deur die wetgewing verbied is, kon weens 'n misdryf aangekla en by bewys van skuld skuldig bevind word. In gevalle waar inperking oorweeg is moes sodanige oorweging ingevolge die kriteria, soos in die wetgewing bepaal is, gevolg word om iemand dan as 'n ongewenste persoon te verklaar wat aldus ingeperk moes word.

Organisasies of persone wat hulle daarom met aktiwiteite besig gehou het wat in die wetgewing as verbode beskryf is, het gewoon die wet oortree. Dit maak dus nie saak of sodanige organisasie of persoon tot op daardie stadium wettig was of wettig opgetree het nie. Statutêr was die optrede van die staat onder sulke omstandighede dus eerder wettig gewees en nie dié van die betrokke organisasie of individu nie. Veral nie indien dit in ag geneem word dat die SAKP nie 'n organisasie of individu was wat nie die kommunistiese belange van die SAKP op een of ander wyse bevorder het, sou verdedig nie. Met sulke wetgewing het die regering waarskynlik argumenteer dat 'n persoon of organisasie wat dus geen sodanige handelinge gepleeg het of by sulke verbode aktiwiteite betrokke is nie, dus regtens ook nie vir toepassing van die wetgewing vatbaar sal wees nie. 'n Toepaslike waarskuwing sou dus op die volgende wyse uitdrukking kon vind: 'al tas dit jou regte aan, bly weg en jy bly reg.'

Die verklaring van die SAKP as onwettig of sodanige verklaring van organisasies en/of die inperking van persone verbonde aan of in die dampkring van die SAKP deur die staat, het 'n lang aanloop gehad. Hierdie bespreking fokus egter op die SAKP.

Sedert die stigting van die SAKP, ingesluit die vooraf fases, was dit bestem om noodwendig in 'n bepaalde rigting te ontwikkel. Met die bewindsoorname van die NP en hulle ingesteldheid teenoor kommunisme, was dit eweneens onafwendbaar dat daar dus botsings met die regering sou kom. In hierdie geval was die negatiewe ingesteldheid en optrede van die regering in 'n belangrike stadium van die SAKP se ontwikkeling. Soos in die volgende hoofstuk aangetoon word het die party eintlik geen kans gehad het om as sodanig te kon voortbestaan nie. Wel, minstens nie in Suid-Afrika of minstens nie bogronds nie.

Voor formele stigting as 'n Kommunistiese Party het die ontwikkelingspad daarvan, hoofsaaklik onder die invloed van sosialisties ingestelde Britte, 'n baie eenvoudige roete geneem. In hierdie opsig dien die Engels-gebore William H. Andrews as 'n voorbeeld. Hy was in 1893 die eerste Marxis in Suid-Afrika. Andrews, uit die Britse stal van vakbond-aktiwiteite, was 'n deurwinterde arbeidsaktivis wat by arbeidsgeskille regoor Suid-Afrika betrokke geraak het. Sy uitgebreide ervaring in arbeidsorganisasies het hom baie goed te pas gekom. Hierdie ervaring is in sy dae in die vakbondwese in Engeland geslyp.[38] Van beroep was Andrews 'n spoorlyn-passer. Hy was en het uit die aard daarvan met ander werkers skouer geskuur, hetsy binne of buite vakbond- of ander organisasieverband. Hier te lande het hy in sy werksomgewing ander Engelssprekende werkers aangespoor om saam met hom die South African Labour Party (LP) te stig. Hierdie party sou die eerste politieke vlerk van die vakbondbeweging in Suid-Afrika wees. Andrews het in 1909, met stigting van die LP, ook die eerste voorsitter daarvan geword.[39] Hy sou ook later by die stigting van ander organisies en uiteindelik die stigting van die Kommunistiese Party betrokke raak. Uit sy ervaringsveld het hy 'n groot bydrae gelewer.

---

[38] Wessel Visser, "Trade Unions and Political Labour Organisation - 'Exporting Trade Unionism and Labour Politics: The British Influence on the early South African Labour Movement," 5. <http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/geskiedenis/docs/exporting_trade_unionism.pdf> (20 Februarie 2013).

[39] Donald F Busky, *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 133.

In die verdere proses van ontwikkeling, oppad na die stigting van die Kommunistiese Party, is 'n teen-oorlog organisasie, die War on War Liga (WWL), gestig. Hulle doelwit was om teenkanting teen die Eerste Wêreldoorlog van stapel te stuur. Ondanks allerlei pogings was die WWL vanselfsprekend nie suksesvol om die oorlog op enige saakmakende wyse te beïnvloed en tot 'n einde te bring nie. Die WWL het in 1915 ontbind.

Om aan die Eerste Wêreldoorlog deel te neem of nie, was 'n kontensieuse punt en gronde van groot verskil in die geledere van die LP. Creswell, leier van die LP, het selfs sover gegaan om hulle ondersteuning aan die regering te bied om 'die oorlog deur te sien.'[40] Ondanks aanvanklike hoë groei en baie goeie verdere potenisaal, was hierdie verskil net eenvoudig te groot. 'n Meerderheidstem tydens 'n konferensie oor ondersteuning vir die oorlog of nie, was die finale aanduiding. Teen 1915 was die party verdeeld met geen kans om die meerderheid wit werkers in Suid-Afrika agter hulle te kry nie.[41] Dit was eintlik onafwendbaar dat 'n skeuring moes plaasvind. Binne 'n maand nadat die party in 1915 geskeur het is 'n nuwe organisasie, International Socialist League (ISL), in September gestig.[42] Die ISL was groot ondersteuners van die Bolsjewiste in Rusland.[43] Hoe ironies dit ook mag klink, dit kan gesê word dat die Eerste Wêreldoorlog tot gevolg gehad dat 'n sosialistiese organisasie sterk in Suid-Afrika opgekom het.

Op 29 Julie 1921 het die ISL in Kaapstad 'n kongres bygewoon waar die sosialistiese groepering van al vier provinsies bymekaar gekom het. Tydens hierdie kongres het die Industrial Socialist League van Kaapstad, die Marxis Group van Durban en ander groepe die KPSA, wat in Johannesburg gesetel sou wees, gestig.[44] Dit was ook die eerste Afrika-gestigte Kommunistiese Party wat by die Communist International (Comintern) (Afrikaans - Komintern) geaffilieër het. Die Komintern was die uitvoerende gesag van Kommunistiese Partye wêreldwyd en het terselfdertyd ook as 'n instrument gedien om sulke partye onder die gesag van Lenin te verenig.[45]

---

[40] Edward Roux, "War on War," *South African Communist Party* (aanlyn weergawe) <http://www.sacp.org.za/main.php?include=docs/history/1943/spbunting.html> (18 Februarie 2013).

[41] Edward Roux, "South Africa and the Labour Party," *South African Communist Party* (aanlyn weergawe) <http://www.sacp.org.za/main.php?include=docs/history/1943/spbunting.html> (18 Februarie 2013).

[42] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 81.

[43] Donald F *Busky, Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 134.

[44] Soos hierbo genoem is, sal daar van die verwysing 'SAKP' gebruik gemaak word.

[45] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 107.

Andrews was met onvermoeide ywer in vele organisasie betrokke. Dalk as gevolg hiervan dat hy hoog geag is in die kommunistiese kringe en 'n leidende rol gespeel het. Dit was dus ook nie onverwags dat hy in 1921 as sekretaris van die SAKP aangestel is nie. In 1922 is hy verkies tot die Uitvoerende Komitee van die Komintern en as redakteur van die SAKP se lyfblad, The International. Hy is ook in 1925 as die eerste sekretaris van die South African Congress of Trade Unions (SACTU) aangestel.[46] Die lede was sonder uitsondering Engelse blanke mans met beroepe wat gewissel het van arbeiders tot professionele persone.[47] Brits-gebore Sosialiste het ruim tot arbeidsorganisering van die swart werkersklas bygedra en was ook prominent in die vestiging van kommunisme en uiteindelik die SAKP.[48]

Oor die kwessie van wit en swart lede is dit op hierdie stadium belangrik om ook 'n opmerking daaroor te maak. Die SAKP word algemeen as 'n nie-rassige party gesien, wat dit oor die verslagtyd van hierdie studie inderdaad was. Dit was egter nie in die vroeër jare na stigting die geval nie. Daarom verdien die volgende opmerking van prof. Welsh 'n kwalifisering. Hy stel dit dat die party "... which was, before and after its dissolution, fully inter-racial ..."[49]

Alhoewel die SAKP aan die begin net blankes as lede gehad het, het hierdie posisie in die volgende jare verander. Nie net moes die SAKP swart lede in opdrag van die Komintern werf nie, maar sulke lede moes ook in die toekoms in uitvoerende poste van die party aangestel word. Hierdie 'verhoogde' posisie van swartmense was sodanig onaanvaarbaar vir wit Kommuniste dat dit 'n bedreiging vir eenheid van die party ingehou het. Die groot skok was egter dat die party, in opdrag, homself vir die vestiging van 'n Swart Republiek

---

[46] Wessel Visser, "Trade Unions and Political Labour Organisation. "Exporting Trade Unionism and Labour Politics: The British Influence on the early South African Labour Movement," 6. <http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/geskiedenis/docs/exporting_trade_unionism.pdf> (20 Februarie 2013).

[47] Donald F Busky, *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 134.

[48] Wessel Visser, "Trade Unions and Political Labour Organisation. "Exporting Trade Unionism and Labour Politics: The British Influence on the early South African Labour Movement," 16. <http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/geskiedenis/docs/exporting_trade_unionism.pdf> (20 Februarie 2013).

[49] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 113.

moes beywer. Vir 'n party wat eintlik maar rassisties ingestel was en hulle vir 'n wit sosialistiese Suid-Afrika beywer het, was hierdie verwagting uit Rusland 'n moeilike een om te aanvaar. Hoe ookal, alhoewel ten dele, is die opdragte uitgevoer. Teen 1927 het die demografie van die party grootliks verander. Swartmense was nou die meerderheid van lede, maar die leierskap het grootliks in die hande van wittes gebly. In hierdie jaar het die SAKP 1750 lede gehad waarvan 1600 swart was.[50]

Intussen is die SAKP deur die Komintern aangesê dat hulle nie die blanke werkers sondermeer moet wegstoot nie. Volgens die Komintern sou die blanke werkers die ondersteuning kon bied wat SAKP nodig sou kry. Die rasionaal van die Komintern was dat swartmense die meerderheid was en daarom in die nuwe republiek die beheer moes hê en dus moes dien as voertuig vir kommunisme. Die Komintern het die SAKP duidelik laat verstaan dat hulle doel was om op te staan vir die regte en regverdige behandeling van alle rasgroepe. Die party het egter aanvanklik nie dieselfde siening gehad nie en dus nie saamgestem nie, wat hulle later negatief geraak het.[51]

Hierdie rasvooroordeel van 'n hoofsaaklik wit leierskorps teenoor 'n hoofsaaklik swart lidmaatskap het sy tol geëis. Die party het in gewildheid afgeneem. 'n Afname wat ten beste met die rassisme in die party verbind kan word. Die ledetal het drasties gedaal. In 1928 was dit naastenby 1750 en in 1933 het dit slegs 150 lede gehad.[52] Met hierdie vermindering van lede het dit ook negatiewe gevolge gehad vir die leiers in die party. Andrews, Bunting en minder bekende leiers is almal geskors. In Andrews se plek het Lazar Bach die nuwe leier geword.[53]

Na die TWO het sake vir die SAKP 'n positiewe wending begin neem. Hulle het vordering gemaak in die politieke sfeer. Die Kommuniste het in 1942 gehelp om die Raad van Nie-Europese Vakbonde te stig. Teen 1945 het hierdie raad uit 119 lid-vakbonde bestaan met 'n ledetal van 168 000. Afgesien van die direkte lede kon die SAKP ook reken op die

---

[50] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 166-168.

[51] Donald F Busky, *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 134.

[52] "South African Communist Party," *Country Data*, Mei, 1996. <http://www.country-data.com/cgi-bin/query/r-12173.html> (18 Februarie 2013).

[53] Donald F Busky, *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 136.

potensiaal van ondersteuning binne hierdie vakbonde. Veral ook omdat daar Kommuniste was wat 'n direkte betrokkenheid in baie van die vakbonde gehad het.[54] Hierdie "nuwe" potensieël drasties breër kommunistiese beweging het nie die politieke antennas in Suid-Afrika ontglip nie. Die groter voorkoms het ook vir onmin tussen die hoofstroom politieke partye gesorg. Nie net tydens die TWO nie, maar dit het ook 'n strydpunt tydens verkiesings geword. Tydens die oorlog is daar gereeld hewige debatte gehou oor hierdie "Rooi Gevaar" en ook oor en weer beskuldigings tussen die hoofstroom partye. Die VP, toe die regerende party, het die NP as opposisieparty daarvan beskuldig dat hulle Nazi aanhangers was. Die NP het weer op hulle beurt die VP daarvan beskuldig dat hulle hulself blind hou vir die bedreiging wat die groeiende gevaar van kommunisme vir Suid-Afrika inhou. Mnr. Eric Louw, van die NP, het aan die Volksraad in die Parlement verduidelik hoe die regerende party toegelaat het dat Kommuniste openlik hulle koerante en pamflette in die strate regoor die land versprei.[55]

Gedurende hierdie tyd het 'n tipe 'kommunistiese kollege' in Kaapstad tot stand gekom wat "The People's College" genoem is. Met sy vakbondhoed op en as vroeëre leier van die SAKP, het William Andrews twee keer hier as gasdosent opgetree. Andrews se klasse het gehandel oor die Suid-Afrikaanse vakbondwese. In die wyer sin van organisering is die party ook op daardie wyse aktief bemark. Verder is daar ook wyd gebruik gemaak van pamfletverspreiding en van koerante om die Kommunistiese Party te propageer.[56] Dit was dus nie verbasend dat die ledetal van die party tussen 1942 en 1950 weer relatief vinnig toegeneem het nie. Selfs te midde van hierdie sukses in die groei van ledetalle, was die party egter nie van teenspoed gevrywaar nie. In 'n land waar die meerderheid van die bevolking klaarblyklik teen kommunisme gekant was, was dit sekerlik te wagte. In 1943 het onbekende aanvallers die Kaapstadse kantore van Kommunistiese Party geplunder. Meubels is vernietig en daar is ook brand gestig.[57] Indien die politieke onverdraagsaamheid in gedagte gehou word, kon hierdie optrede dalk die werk van NP-ondersteuners gewees het, maar waarskynlik die Ossewa-brandwag (OB).

---

[54] Donald F Busky, *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas* (Westport: Praeger Publishers, 2002), 137.

[55] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 198.

[56] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 200.

[57] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 200.

Alhoewel dr. Pike nie die OB direk met die voorval verbind nie, noem hy tog dat die Kommuniste toenemende weerstand van die OB gekry het. Behalwe vir die NP wat hulle ongelukkigheid oor die teenwoordigheid van kommunisme in Suid-Afrika openbaar het, was die OB duidelik veel groter teenstanders van kommunisme en groter ondersteuners van Nazïsme, en sou hulle waarskynlik eerder ‘n geweldsopsie gekies het. Die OB-leier, dr. J.F. (Hans) van Rensburg, het Hitler by geleentheid as 'n “saint” beskryf.[58] Die volgende was ook van die faktore wat in die ‘guns’ van die OB was om die organisasie of lede in die organisasie as verdagtes te plaas: die hele struktuur van die OB, hulle militêre gerigtheid, met ‘n para-militêre mag – die Stormjaers, en geweldsoptrede wat hulle dikwels in ernstige botsing met die owerheid gebring het.

As gevolg van verskillende misdrywe, wat ook sabotasie ingesluit het, is daar gedurende die TWO omtrent ‘n honderd lede van die OB in gevangenisse aangehou. Vir doeleindes van verwydering uit die samelewing – ‘ter voorkoming’, is ongeveer 2000 deur die VP-regering in interneringskampe aangehou.[59] Die ledetal van die OB word op 400,000 geskat.[60] Al het die OB, soos die kommunisme, die kapitalistiese stelsel verwerp, was hulle geensins aan die kant van Marxisme nie. Die OB het weliswaar die ‘nasionale sosialisme’ aangehang. Volgens Grobler is hierdie sosialisme inderdaad “nasionaal” van aard en “eerstens gerig op eie volksgenote.”[61] Prof. Welsh gaan verder en noem die organisasie ‘n “neo-fascistiese buite-parlementêre massa-beweging.”[62] Wat ookal die beskouing, in later jare, ver buite die oorsigtyd van hierdie studie, was daar individue wat interneer was en later in invloedryke posisies gekom het en besondere invloed op die politieke gang van Suid-Afrika uitgeoefen het. Nie net as ‘n direkte bydrae tot die Afrikanernasionalisme nie, maar ook as direkte opponent van die kommunisme in Suid-Afrika. Byvoorbeeld, adv. John Vorster, as Eerste Minister en sy vriend, genl. Hendrik van den Berg, as senior polisiebeampte en latere inligtingshoof en adviseur van die Eerste Minister.

---

[58] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 209.

[59] Jackie Grobler, *Uitdaging en Antwoord* (Totiusdal: Zeroplus, 2007), 157.

[60] David Welsh, T*he Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY)LTD, 2009), 17.

[61] Jackie Grobler, *Uitdaging en Antwoord* (Totiusdal: Zeroplus, 2007), 156.

[62] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY)LTD, 2009), 17.

In die 1940's het Jan Smuts nie dieselfde afwysing van kommunisme gehad as die NP nie.[63] Dit was baie duidelik dat die NP en VP ook op hierdie punt teenoor mekaar gestaan het. As leier van die NP, het dr. D.F. Malan openlik van Smuts verskil en die verskille wyd geneem. Smuts is kritiseer omdat hy die terme van die Yalta-konferensie net so aanvaar het. Malan se siening was dat die terme van Yalta dit vir die Kommuniste moontlik gemaak het om dominansie oor groot dele van Europa te verkry. Smuts se gebrek aan afwysing van die kommunisme was teen hom gebruik in die verkiesingstoesprake van die NP. Vir Smuts was kommunisme ten ene male nie hierdie vreesaanjaende groep waarvoor die konserwatiewe NP hulle uitgemaak het nie. Hierdie argument het egter nie 'n positiewe gevolg vir die VP gehad nie. As een van die faktore vir 'n oorwinning, soos in hoofstuk 3 aangetoon word, het die NP weggeloop as die nuwe regering van die Unie na die 1948-verkiesing.[64] In hierdie opsig was die VP waarskynlik verwyderd van die werklike gevoel van die kiesers teenoor kommunisme en hulle persepsie oor die gevaar wat dit vir die Unie inhou.

Die VP se sagter houding teenoor kommunisme word ook weerspieël in die nuusbrief wat hulle tydens die verkiesing versprei het; "The leaders of the Re-United Nationalist Party are doing everything in their power to spread the rumour that... Communism involves a danger to South Africa... the campaign of lies against Communism (is) the most fraudulent knavery in the history of the [National] party..."[65] Dit was natuurlik ook so met die VP wat nog in regering was dat die Kommuniste by so 'n 'sagter' houding kon baat vind. Hierdie situasie van relatiewe gunstige omstandighede sou vanaf 1950 egter dramaties vinnig vir die party verander.

Hierdie veranderinge was onder andere as gevolg van die 409 arbeidstakings wat tussen 1941 en 1947 in Suid-Afrika ervaar is. Dit is as die handewerk van die Kommuniste beskou. Die NP het geglo kommunisme is 'n gevaar vir Suid-Afrika. Die stakings het gewoonlik gehandel oor hoër lone, vryheid, gelykheid en regverdigheid.[66] Die persepsie was dat die VP oningelig was oor die Sowjet-kommuniste en hulle motiewe om van kapitalisme regoor die wêreld ontslae te raak. Verder, dat die VP gedwaal het oor sy uitsprake dat die Kommuniste nie so sleg is soos almal uitmaak nie. 'n Regverdiging kon

[63] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 218.

[64] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 219.

[65] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 265.

[66] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 265.

nie wees omdat hulle tydens die TWO aan die kant van die Geallieerdes geveg het om Nazi-Duitsland te oorwin nie. Hoe dit ook sy, uit die NP se argument kan die afleiding gemaak word dat die VP oogklappe gedra het by kommunisme en die motiewe van Kommuniste. Waarskynlik het Smuts se beskouing veel te make gehad met sy siening van Amerika en die Sowjetunie in sy eie strewe na internasionale vrede.

Die teenkanting van kolonialisme het beide lande gepla, maar die beweegrede was verskillend. Dit was juis hierdie verskil wat Smuts klaarblyklik nie gepla het nie en bygedra het tot die gunstige omgewing vir die Kommuniste. Amerika het gereken dat lande in Afrika wat nie meer aan Europa gebonde sal wees nie, die goedere wat in die verlede vandaar aangekoop is, in die toekoms van Amerika sou kon aankoop. Die Sowjetunie, daarenteen, was daarop ingestel om sy ideologiese invloedsfeer uit te brei en in die proses van kapitalisme ontslae te raak.[67]

Teen hierdie agtergrond, alhoewel Smuts sy bedenkinge gehad het oor die toekoms van albei hierdie wêreldmagte, het sy hoop egter steeds meer na Rusland geneig om ‘n positiewe wending te bring. Vir Smuts was Amerika ‘n reus vol beloftes, maar hierdie reus was onseker en ongesofistikeerd oor sy rol in die internasionale arena. Aan die anderkant het hy die Sowjetunie beskryf as ‘n geheimsinnige land, maar een wat volgens sy hoop of visie tot wêreldstatus her-organiseer sou kon word en so vrede moontlik sou maak.[68]

Ten spyte daarvan dat die SAKP, waarvan die uiteindelike beheer deur die Komintern sentraal in Rusland gesetel was, dus die uitbreiding en inwerkingstelling van die sosialistiese ideologie volgens die breë voorskrifte van daardie land moes uitvoer, was Smuts klaarblyklik nie bekommerd nie. Die latere NP-regering was egter nie soos Smuts ingestel nie en het allermins sy wêreld-gerigtheid gedeel. Hulle was baie meer op nasionalisme ingestel en, soos later ook sal blyk, eintlik op die nasionalisme van die Afrikaner in besonder en die belang van wit mense oor die algemeen binne ‘n wit Suid-Afrika. Gedurende die oorsigtyd van hierdie studie was dit ook nie anders nie. Trouens, die toepassing van beleide om die ideaal van Afrikanernasionalisme te verwesenlik het eintlik sterk momentum gekry vanaf 1950, soos dit ook later in die studie aangetoon sal word.

---

[67] “Africa & USA & Soviet Union - Towards Independence, the 1950’s” *The Story of Africa Independence*. <http://www.bbc.co.uk/worldservice/africa/features/storyofafrica/14chapter1.shtml> (19 Februarie 2013).

[68] John Barratt & James Barber, *South Africa’s Foreign Policy: the search for status and security, 1945-1988* (Great Britian: Cambridge University Press,1990), 17.

Enigiemand of organisasie wat ‘n ander ingesteldheid gehad het is deur beide die NP as party en later ook as regering as onpatrioties gesien en dikwels gemaklik met kommunisme gelykgestel.

Op 26 April 1950 het die SAKP en die ANC demonstrasies vir swartmense van regoor die land in Johannesburg gereël. Die dag waarop hierdie demonstrasies plaasgevind het, het ook bekend geword as Vryheidsdag. Die demonstrasies het egter nie so glad verloop soos hulle gehoop het dit sou nie. Daar was wydverspreide geweld waartydens 18 mense gedood en vele ander beseer is. Die NP-regering het dit daarna baie duidelik gemaak dat hulle genoeg gehad het van Kommuniste en hul optredes. Gevolglik het die regering kommunisme in die land laat ondersoek. Die uiteindelike bevinding van hierdie ondersoek het getoon dat kommunisme ‘n nasionale gevaar ingehou het. Die minister van Justisie, adv. C.R. Swart, het op 6 Mei 1950 by ‘n sitting van die parlement, die Wetsontwerp op die Onderdrukking van Kommunisme ter tafel gelê.[69]

Die betrokke wetsontwerp het kommunisme baie wyd gedefinieër en wel in so 'n mate dat “all who advocated change through ‘the promotion of disturbances’ we [have] covered [by this bill].”[70] ‘n Praktiese gevolg van die latere wetgewing was dat dit nie net ten opsigte van Kommuniste gebruik is nie, maar dat enige persoon wat verandering deur optredes van protes nagestreef het en daar een of ander openbare gevolg was, ernstig of nie, vir optrede geteiken en vervolg sou kon word. Die regering het juridies die grense so ver as moontlik probeer trek. Die vangnet moes so wyd as moontlik gemaak word vir wie ookal ‘n bedreiging van die NP se Afrikaner-ideaal en die sosiale orde in Suid-Afrika inhou. Op dié wyse sou Kommuniste wat hulself in die toekoms in allerhande verskyningsvorme voordoen in die bevordering van hulle ideologie, vasgevat kon word.

Met die onwettig verklaring van die Kommunistiese Party was hulle ondergronds gedwing. Sterker bande met die ANC as ‘n nasionale of ‘n organisasie vir die massa, was nie net in ooreenstemming met opdragte van die Komintern nie, maar ook nodig vir die voortsetting van die ideologiese ideaal. Die ANC was die ideale voertuig hiervoor, aangesien dit ideaal geskik was om uitdrukking aan die aspirasie van swart mense te gee binne ‘n veelrassige sosialistiese staat onder die uiteindelike beheer van die Kommuniste. Dit was dan ook

[69] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 265.

[70] John Barratt & James Barber, *South Africa’s Foreign Policy: the search for status and security, 1945-1988* (Great Britian: Cambridge University Press,1990), 34.

tydens die 6de Kongres van die Komintern verklaar dat "the CPSA could now play an active role in the ANC."[71]

Teen die tyd wat hierdie wetsontwerp wetgewing geword het, het die SAKP ongeveer 3000 lede gehad, waarvan 1200 swart was.[72] Die aantal swart Kommuniste was steeds sowat 400 minder as gedurende die tyd 1928 – 1933, toe die bestuur van die party net in wit hande gesetel was en daar klagtes van rassediskriminasie was. Dit het egter vir die SAKP besonder belangrik geword om die ondersteuning van swart mense te kry.

Oor swartmense se betrokkenheid by kommunisme is daar soms vreemde verklarings. Die volgende, soos deur die British Foreign and Colonial Office, is 'n voorbeeld van 'n simplistiese benadering wat op sig geen meriete het nie en gewoon 'n dwaling is: "…generally speaking, it is the detribalised native who responds best to communism, as he misses the narrow confines of tribal life and a leader on whom to bestow loyalty. This gives the Rand, with its inflow of immigrant labour, its special importance in the diffusion of communism in Africa…"[73] Gegewe die sterk verbindingslyne van swartmense na die tradisionele omgewing, wat algemene kennis in Suid-Afrika is, was dit veel eerder gewone beïnvloeding op individuele vlak van bepaalde beloftes oor dit wat tipies deur kommunisme voorgehou is, wat die deurslag gegee het vir werwing.

Vir die NP-regering was die rassesamestelling van die SAKP irrelevant. Uiteindelik het alle rasse binne die SAKP dieselfde bedreiging verteenwoordig. Hulle het kommunisme identifiseer as 'n gevaar wat nie net binne die internasionale konteks 'n bedreiging vir lande inhou nie, maar natuurlik ook meer direk in Suid-Afrika, op eie bodem. Vanselfsprekend het die ideologie van internasionale sosialisme 'n bedreiging vir Westerse demokrasie ingehou. Al was die VP minder drasties teenoor die Kommunistiese Party en kommunisme oor die algemeen ingestel, het hulle, soos die NP, ook net 'n vorm van demokrasie bedryf. As gevolg daarvan dat die hoofstroom politiek binne besondere diskriminerende wetgewing, beperkende beleide en maatreëls en eintlik net deur wit

---

[71] "South African Communist Party," *Country Data*, Mei, 1996. <http://www.country-data.com/cgi-bin/query/r-12173.html> (18 Februarie 2013).

[72] John Barratt & James Barber, *South Africa's Foreign Policy: the search for status and security, 1945-1988* (Great Britian: Cambridge University Press,1990), 34.

[73] "Africa & USA & Soviet Union. Towards Independence - The 1950's," *The Story of Africa Independence.* http://www.bbc.co.uk/worldservice/africa/features/storyofafrica/14chapter1.shtml> (19 Februarie 2013).

mense bedryf is, soos in hoofstuk 3 aangetoon word, was Suid-Afrika polities niks anders as ‘n half-demokrasie nie. Die bietjie swart- en bruinstem in die Kaap was beperk en nie regtig in staat om die gang van politiek in die land substantief te beïnvloed nie.

Die ideologie van kommunisme was vir die NP as party en as regering, uit ‘n godsdienstige en staatkundige beskouing, verwerplik. Hierdie afwysende standpunt word in hoofstuk 3 na verwys. Toe die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme later in 1950 in werking getree het, het Suid-Afrika, na gesprekke met Brittanje, besluit om die kantoor van die Suid-Afrikaanse konsul-generaal voorlopig in die Sowjetunie te behou. Saam met hierdie besluit het Malan, as eerste minister, dit duidelik gemaak aan watter kant Suid-Afrika staan. Hy het gesê Suid-Afrika is deel van die Westerse beskawing en deel daarom ook in alle Westerse belange en bedreigings. Deels deur Brittanje as koloniale heerser en deels in eie denke was Suid-Afrika deel van die groter Westerse wêreld, byvoorbeeld handel en verdediging.[74] Vanselfsprekend sou die land dan ook die bedreiging van kommunisme en die ekspansionistiese beleid van die Sowjetunie gedeel het en ‘n besondere rol in die bekamping daarvan gespeel het.

Die SAKP was vir die oorsigtyd van hierdie studie en vir die toekoms tot in 1994 ‘n verbode organisasie. Kort voor die aanvang van die onderhandelinge om 'n demokrasie in Suid-Afrika tot stand te bring, is die verbod op die SAKP en verskeie ander organisasies, waaronder die ANC, tydens die epogmakende toespraak van mnr. F.W. de Klerk, toe president van Suid-Afrika, op 2 Februarie 1990, opgehef.

[74] John Barratt & James Barber, *South Africa’s Foreign Policy: the search for status and security, 1945-1988* (Great Britian: Cambridge University Press,1990), 45.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. WIT POLITIEK

Verenigde Party (VP) en Nasionale Party (NP)

Gebeure in aanloop tot die 1948-verkiesing, die verkiesing self en die onmiddellike gevolge van regeringsverandering het besondere betekenis vir die tydperk 1950 tot 1953 gehad. Dit het kollektief bygedra tot die skep van ‘n bepaalde atmosfeer of gevoel in die Suid-Afrika van daardie tyd. Vir een deel van die bevolking was dit afleibaar tevredenheid en oorwinning, terwyl ‘n ander deel spanning en vernederende frustrasie ervaar het. As gevolg van die wye omvang daarvan is hierdie studie daarop ingestel om net bepaalde aspekte uit te lig en te oorweeg, en wel dit wat nodig is om die binnelandse omstandighede te skets tydens instemming tot en Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog.

Gedurende hierdie jare was die hoofstroom en wit parlementêre politiek in Suid-Afrika hoofsaaklik deur twee partye oorheers, naamlik die Verenigde Party as die meer liberale party en die Nasionale Party as die meer konserwatiewe party. Dalk sou dit eerder ‘n raker beskrywing wees om dit volgens Giliomee se siening, wat in alle waarskynlikheid ook reeds voor 1948 sou geld, te verwoord: “Teen 1950 was die belangrikste ideologiese kampe in die wit gemeenskap liberalisme en nasionalisme”. Tussen ‘n liberalis en nasionalis wat streng volgens daardie oortuiging gestaan het was dit letterlik soos twee teenoorgestelde pole. Duidelik is die gaping tussen die twee oortuigings so groot dat, soos Giliomee dan ook argumenteer, “werklike debat tussen hulle nie moontlik is nie, omdat die uitgangspunte so totaal verskillend was.” Liberalisme is ingestel op die indiviuele vryhede, regte en menswaardigheid. Daarteenoor staan die nasionalisme waar daar ‘n besondere verwagting van die individu is in terme van toewyding aan sy nasie en hulle kultuurgoedere en sy land.[75]

Die voorloper van die Verenigde Party was tydens die eerste verkiesing van die Unie ‘n los samestelling tussen Het Volk party van genl. Louis Botha, die Suid-Afrikaanse Party (SAP) van genl. Smuts en die Vrystaatse Orangia-Unie van genl. Hertzog. In 1911 is dit tydens ‘n kongres verander na die SAP.[76] Na verdere samesmelting in 1934 tussen die NP met die SAP het dit oorgegaan om voortaan as die VP bekend te staan.[77] Met hierdie

[75] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 420.

[76] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 308.

[77] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 360.

samesmelting het die NP geskeur en dit wat daarna as die Nasionale Party bekend sou word, word verder in hierdie hoofstuk teenoor die VP gestel.

Alhoewel die betrokke partye baie Afrikaner gerig was, was dit ook goed deur Engelssprekendes ondersteun. Smuts se party sou die belangrikheid van Suid-Afrika se belange erken as 'n teenprestasie van die land se volgehoue lidmaatskap van die Britse Ryk.[78] Besondere moeite is gedoen om Engelse te betrek. Al het die Engelse algemeen nie besondere besware teen segregasie gehad nie, was die Engelse simbole en dit wat Engels en die Engelse Ryk vir hulle verteenwoordig het van groot belang. Beslis nie enigsins 'n moontlikheid dat daardie tipe kultuurgoedere sou verdwyn en daar 'n groter gelykstelling van die 'meerderwaardige' Engelssprekendes met die Afrikaner kon kom nie.[79]

Dit was nie net binnelandse politieke uitgangspunte van die twee partye wat verskil het nie, maar soos hier sal blyk het die benadering tot Brittanje as koloniale heerser ook verskil. Nie net was baie VP-kiesers Engelse nie, maar die VP self en sy leier was ook sterk Engels-gerig en baie pro-Brittanje. Tydens Hertzog se tyd in die VP was hy as verteenwoordiger van die Afrikaner in die party gesien en Smuts as verteenwoordiger vir die Engelse. Die NP daarteenoor was merkbaar minder entoesiasties oor Brittanje, meer op 'n republiek en veral op Afrikaners en Afrikanerbehoeftes gerig. Hierdie gerigtheid het later die politieke rigting van die land baie sterk op die wit deel van die bevolking en in besonder die Afrikaner gedraai.

Die Nasionale Party het geglo swart-, bruin -en indiërmense moet nie net aparte opvoeding, behuising en werk as wit persone ontvang nie, maar daar moet op alle gebiede van die lewensterrein aparte geleenthede vir die verskillende bevolkingsgroepe geskep word. Met ander woorde, 'n sosio-ekonomiese onderskeid op grond van ras. In hierdie verband sal dit goed wees om op dié stadium vlugtig na die beskouing van apartheid en die NP se regverdiging wat hiermee in verband gebring kan word, te kyk. Giliomee verwys na die sogenaamde klassieke apartheidsformule wat, afleibaar deur Verwoerd, in 1950 soos volg formuleer is: "Die huidige regering [neem] die standpunt in dat hy vir ander gun en wil gee presies wat hy vir homself opeis. Hy glo in die heerskappy (baasskap) in sy

[78] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 346.

[79] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 347.

gebied, maar dan glo hy ook net so in die heerskappy (baasskap) van die Bantoe in sy gebied."[80]

Natuurlik moet hierdie 'formule' ook gelees word teen die agtergrond van Verwoerd se kommentaar in die noordelike dagblad, Die Transvaler, in 1944. Hy het geskryf oor die toename in probleme in die stede en dat gemengde woonbuurte gevaarlik geword het. Hierdie stellings van Verwoerd is natuurlik vooraf gegaan deur die spreekwoordelike streep in die sand wat die NP duidelik oor segregasie getrek het deur die VP in 1921 oor Smuts se "Confederation of African States", te beskuldig van die stigting "van 'n swart kafferstaat" waar Suid-Afrika ingesluk sal word. Natuurlik was die sentiment en praktyk van wit baasskap en om apart te wees grootliks gevestig en 'n versteuring hiervan sou tot probleme by die stembus kon lei. Om dit te vermy sou elke party wat, soos Giliomee dit stel: "suksesvol wou wees, verplig [wees] om sterk standpunt ten gunste van segregasie in te neem."[81] Ook moet Verwoerd se kommentaar gesien word teen die feit dat daar in 1948 met die bewindsverandering, en ongeag die verskillende redes daarvoor, reeds 2 miljoen swartmense uit 'n swart bevolking 8.5 miljoen in stede gewoon het. Hierdie getal het op daardie stadium reeds die aantal wit mense in stede oortref.[82] Soos elders in hierdie hoofstuk aangedui, Afrikaners was verontrus oor die instroming van swartmense na die stede en het bedreigd gevoel. Beslis sou hulle party nie hierdie saak onaangeroer laat nie.

Die grondliggende bedoeling van hierdie 'formule' was om die weg te plavei vir die NP se beleid van 'afsonderlike ontwikkeling'. Volgens daardie beginsel-besluite moet elke groep die spreekwoordelike 'baas op sy plaas' wees. Nie net het dit die gedagterigting van die NP-regering in daardie tyd aangedui nie, maar ook 'n aanduiding van die heersende klimaat gegee oor die vasberadenheid om rasse-politiek te dryf. Die aanduiding van 'n netwerk van beleide en wetgewing wat sou volg om hierdie gedagterigting moontlik te maak het ook na vore begin tree.

Die omstandighede wat hieruit begin ontstaan het, het aanleiding gegee tot 'n sterker aanduiding van beswaar uit die gemeenskap wat die meeste van hierdie gevolge sou dra. Dit was juis hieroor waarteen die ANC en ondersteundende organisasies vroeg in die 1950's sterker begin protesteer het. Die geskiedenis wys daarop dat die besluite oppad na

[80] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 447.

[81] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 346-347.

[82] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 447.

so ‘n ‘onafhanklike gebied’ hoofsaaklik deur die regering geneem en bestuur sou word. Beskikbare geskiedenis in hierdie verband ondersteun hierdie afleiding. Die regering sou besluit of minstens moes toestem oor die toekennings van die grootte van grond, waar dit sou wees, wie gaan waarheen en ander saakmakende besluite in verband daarmee. Dit was bo en behalwe die beperkinge wat opsigself op selfregering geplaas sou word. In beginsel is dit in elk geval ‘n benadering wat algemeen sedert die aankoms van die eerste Europeërs op 6 April 1652 vasgelê is, maar uiteindelik die uitvloeisel was van denke wat in Europa en Engeland sy ontstaan gehad het.

Met die oorwinning van die NP in 1948 sou hulle vir die eerste keer op langtermyn ‘n geleentheid kry om die idees en teorieë van skeiding op grond van ras in beleide en wetgewing te omskep en in werking te begin stel. Binnekort sou dit aanleiding gee tot die stelsel wat later as apartheid bekend geword het.

Die NP is in 1914 gestig, vier jaar nadat die Unie van Suid-Afrika onder die Britse Kroon tot stand gekom het. Die doelwit van die NP was Afrikanerisme – om Suid-Afrika primêr vir die Afrikaners in besonder en wit mense oor die algemeen te hou en met ander rasse as sekondêre groepe binne hulle eie sfere. Die NP moes deur die ‘volk’, die blanke Afrikaner, gesien word as die groot bevorderaar van sogenaamde Afrikaner denke.[83] Om uitvoering aan hierdie verwagtinge te gee was dit die VP-regering, wat in sy vroeëre gedaantes die regerende party vanaf Unie-wording in 1910 was, wat telkens by die stembus verslaan moes word om sodoende uit die kussings gelig te word. Die VP was eintlik ‘n gedugte party en politieke teenstander wat altesaam 28 jaar regeer het en uiteindelik ook 29 jaar in opposisie sou wees.[84]

Die bruinstem, wat ‘n strydvraag sou word, was nie gunstig vir die NP nie. Saam met hulle het die meerderheid Engelssprekende kiesers, aangevul deur ‘n aantal Afrikanerstemme, vir die VP gestem. Teenoor dit was die gunstige uitslag hoofsaaklik moontlik deurdat ‘n groot meerderheid Afrikaner-kiesers vir die NP gestem het en ewe belangrik die indeling van die kiesafdelings.

---

[83] O. Geyser & AH Marais, ”Die Oorsprong van Afrikaner Nasionalisme,” in *Die Nasionale Party Deel I* (Pretoria: H & R Academica (Edms) Bpk, 1975), 3.

[84] Marié Coetzee, ”Cape Provincial Office: Councils, constituencies & information files,” *United Party Archives,* 2011. http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/5196/Cape%20Prov%20office%20inventory.pdf?sequence=1 (8 Januarie 2013).

Die bruinstem was tereg volgens oordeel van die NP vir hulle as party ‘n probleem. Dit sou bydra tot die NP se latere onwrikbaarheid om bruinmense, ook ter wille van ‘n oorwinning by die stembus, van die gesamentlike kiersersrol te verwyder. In hierdie verband was die argument van die NP dat dit onaanvaarbaar is dat bruin mense die “deurslag tussen twee wit groepe kan gee.” Dit was ‘n selfsugtige argument wat lynreg teen ‘n vorige uitlating ‘n paar jaar vroeër van Malan af uitgegaan het dat bruinmense “moet na die stembus gaan as burgers van Suid-Afrika.”[85] ‘n Standpunt wat egter tydens die NP se opposisiejare teenoorgesteld verander het.

Verder het toelating van wit vroue tot die kiesersrol ook ‘n neutraliserende uitwerking op die persentasie bruinstem gehad. Maar, om die bruinstem uit te skakel was een van die strategieë van die NP om die VP as regering uit te skakel. Die aanneming van ‘n strenger segregasiebeleid as wat die VP op daardie stadium voorgestaan en toegepas het, wat ook die bruinmense insluit, het ook gevolg. Die doel hiermee was om ‘n groter voordeel in noordelike provinsies te verkry waar die groter gewig van steun vir die NP was.[86] Die kort en lank hiervan was dus dat struikelblokke uit die weg geruim moes word vir toekomstige oorwinnings by die stembus en dalk ook vir die politieke oorlewing van ‘n NP-regering.

26 Mei 1948 was ‘n groot dag vir die Nasionale Party. Alhoewel onverwags, het dit die nasionale verkiesing gewen. Beide die VP en NP was al in wisseling van regering betrokke. Die eerste was toe die NP in ‘n koalisisieregering met die Arbeidersparty tussen 1924 en 1929 regeer het. Die NP het in 1929 vir die eerste keer sedert sy ontstaan daarin geslaag om onafhanklik die nasionale verkiesing te wen.[87]

Die aanwesigheid van bepaalde faktore het bygedra tot die NP se oorwinning. Na die klinkende oorwinning tydens die sogenaamde ‘oorlogsverkiesing’ in 1943 het die VP klaarblyklik die verwagting gehad dat dit tydens die 1948-verkiesing nie anders sal wees

[85] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 344.

[86] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 344 & 449.

[87] J.M. Aucamp, “Die Nasionale Party van Suid-Afrika se Laaste Dekade as Regerende Party, 1984 – 1994,” (Ph.D diss., Universiteit van die Vrystaat, 2010), 5. <http://etd.uovs.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-09212011-154032/unrestricted/AucampJM.pdf> (11 Januarie 2013).

nie.[88] Die party het hom egter misreken. Die volgende was van die faktore wat direk met die Tweede Wêreldoorlog verbind kan word en volgens Giliomee as die belangrikse bydraers tot die oorwinning beskou kan word:

- Die VP-regering se aankondiging om jaarliks minstens 50 000 immigrante in te voer weens die arbeidstekorte, was problematies. Veral teen die agtergrond van 'n reeds stygende werkloosheid onder wit mans in die direkte na-oorlogse jare;
- Ook die Unie se deelname aan die oorlog en dat Afrikaners geglo het dat hulle gedurende die oorlog "gebrandmerk en geviktimiseer" was;
- Daarby was die pas afgelope oorlog uitgerek, mense was moeg daarvoor en vir dit wat daarmee saamgaan, eintlik keelvol in 'n sekere sin; en
- So ook die direkte ekonomiese nagevolge daarvan wat tot onbeskikbaarheid of rantsoenering van noodsaklike lewensmiddele gelei het, met 'n skerp styging in lewenskoste.[89]

Dit word ook argumenteer dat die vrees vir die integrering van die rasse deur die VP, wat sou kon plaasvind indien hulle die verkiesing sou wen, ook 'n bydrae gelewer het. Die rasionaal hiervan is in die volgende twee sienings wat ook later in die hoofstuk na verwys word, te vind:

- by die VVO, wat pas gestig is en waar die leier van die VP, genl. Smuts, 'n leiersrol gespeel het, het rassediskriminasie sterk ter sprake gekom; en
- die positiewe uitlatings van 'n minister in Smuts se kabinet, J.H. Hofmeyr, oor Suid-Afrika se rasseverhoudings.[90]

Wetgewing wat op daardie stadium verkiesings reguleer het was 'n ander belangrike faktor wat gunstig ingewerk het. Die interessante feit van hierdie verkiesing is dat die NP nie die verkiesing met 'n meerderheid stemme gewen het nie, maar met 'n meerderheid setels in die parlement. Hoe was dit moontlik? Daardie jare was wetgewing anders en het kortliks soos volg gewerk: stemme was getel op stedelik *versus* platteland. Die meerderheid van die NP se steun en dus parlementêre setels het gekom van plattelandse stemme. Die NP het 70 setels verower. Met die NP se verkiesingsvennoot, die Afrikaner Party, se 9 setels

[88] "Jan Christiaan Smuts," *Helde uit ons* verlede, 2011. <http://sariemarais.com/helde.html> (11 Januarie 2013).

[89] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 431.

[90] "Jan Christiaan Smuts," *Helde uit ons* verlede, 2011.<http://sariemarais.com/helde.html> (11 Januarie 2013).

ook bygetel, nadat hulle in koalisie gegaan het, het die Nasionale Party 79 gehad teenoor die VP se 65 setels.[91]

Volgens wetgewing was die kiesafdelings in die plattelandse gebiede opgedeel in areas veel kleiner as dié in die stedelike gebiede, maar meer in getal. Dit het dus beteken dat daar veel meer kiesafdelings in die plattelandse gebiede was as in die stedelike gebiede. Plattelandse en stedelike stemme het gelyke waarde gehad. Die NP se groter steunbasis het geblyk om juis op die platteland gesetel te wees. Aangesien parlementslede per kiesafdeling ingestem is en dan sitplek in die parlement ingeneem het, het die hoeveelheid plattelandse kiesafdelings natuurlik die NP se oorwinning moontlik gemaak. Ondanks ander faktore moet die ondersteuning van die VP nie onderskat word nie. Indien die kiesstelsel anders was, is dit interessant om daarop te let dat Smuts se VP volgens berekeninge met 80 setels sou eindig teenoor die 60 van Malan se NP.[92] Vanselfsprekend sou die bydrae van die Afrikaner Party dan nie genoeg gewees het om die NP te red nie.

Dit is onwillikeurig om te bespiegel wat die uiteindelike toekoms en uitkoms vir Suid-Afrika sou gewees het indien sake by die 1948-verkiesing anders verloop het. Veral indien dit in gedagte gehou word dat die VP, alhoewel ‘n toepasser van bepaalde segregasie, eintlik ‘n liberale party met ‘n liberale karakter was waar ‘n groot deel van die party ongetwyfeld die juk van die geskiedenis ten aansien van ras verder sou wou afskud. Dit teenoor die NP wat oor tyd net meer met nasionalisme en uiteindelik rassisme vasgevang geword het. Hoe ookal, met die oorwinning van die NP kon hulle vroeër begin met die uitvoering van hulle Afrikaner nasionalisme - wat veel groter uitbreiding op die gebied van rassesegregasie beteken het.

Na hierdie verrassende oorwinning het D.F. Malan, soos hieronder na verwys word, dadelik ‘n toespraak gemaak waarin hy verduidelik het hoe Suid-Afrika weer sogenaamd aan “ons” behoort. Dit is ‘n regverdige afleiding dat hierdie “ons” waarvan hy gepraat het, uit die samehang van voor-verkiesingsoptrede, duidelik nie die land se hele bevolking ingesluit nie. Dit het in hoof ten beste eerder bedoel om slegs die blanke Afrikaners te wees en natuurlik daardie Engelssprekendes wat die ideaal van ‘n groot deel van die

[91] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 57.

[92] Albert Grundlingh, “Áfrikaner Nationalism in the 1930’s & 1940’s” in *Turning Points in History Book 4 – Industrialisation, Rural Change &Nationalism*, Rachidi R Molapo, Mohamed Adhika & Albert Grundlingh. (Johannesburg: STE Publishers, 2004), 58.

Afrikaners en daardie tipe toekoms vir Suid-Afrika gesteun het. Ook diegene wat om redes van hulle eie minstens voorstanders van apartheid was, soos ene L.E. Neame, 'n voormalige redakteur van die Kaapse dagblad, The Cape Argus en skrywer van 'n boek oor apartheid.[93]

In 'n afwysende opmerking wat hiermee in verband gebring kan word rapporteer die biograaf van Rupert dat dié se vennoot, Dirk Hertzog, in sy memoires in 1965 die volgende opmerking gemaak het: "...soos baie Engelssprekendes, die NP steun omrede van apartheid en ondanks die stankie van Boer-nasionalisme wat aan hierdie 'Afrikaanse' party kleef."[94] Die kort en lank hiervan is dat dit regverdigbaar afgelei kan word dat die bedoeling was dat daar baie Engelsprekendes was, wat soos baie Afrikaners, bereid was om hulle gewete af te sluit en om die "Afrikaanse party", waarmee hulle nie saamgestem het nie, te steun en die "stankie van Boere-nasionalisme" te aanvaar, om hulle voorkeur te beoefen – naamlik om sover moontlik op alle lewensterreine apart van ander rasse te funksioneer.

Onder 'n VP-regering was die land, volgens die NP, lank onder die hand van 'n party wat Suid-Afrika pro-Brits/Engels wou hou en nie die Afrikaner as volk wou herstel en verbeter na sy voormalige 'status' en selfs beter nie. Afleibaar het Malan waarskynlik met hierdie verwytende opmerking bedoel om 'n onafhanklikheid in die eerste plek vir die Afrikaners te bewerkstellig, soos dit in die ou boere-republieke was nadat hulle onder die Britse regering uit die Kaapkolonie weggetrek het om oor hulle self te regeer. Indien dit nie so bedoel was nie, sou so 'n opmerking geen besondere betekenis gehad het nie. Trouens, as gevolg van die aanvaarding van so 'n situasie sou daar dus geen gronde daarvoor gewees het nie. Na die Anglo-Boere-oorlog was die Afrikaners met republieke en al aan die Britse regering ondergeskik gewees. Selfs na afloop van die 1948-verkiesing was daar steeds in bepaalde opsigte Engelse beheer. Daarom was dit waarskynlik so 'n verwysing.

Malan het dit in sy oorwinningstoespraak duidelik gemaak dat daar gesorg sal word dat die Unie op sy eie sal aangaan. In hierdie verband het hy die volgende gesê; "Vandag behoort Suid-Afrika weer aan ons. Suid-Afrika is ons eie vir die eerste keer sedert die Unie-wording van Suid-Afrika. Mag God gee dat dit altyd ons eie bly."[95] Hierdie stelling was in

[93] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 419.

[94] Ebbe Dommisse, *Anton Rupert –'n Lewensverhaal* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2005), 233.

[95] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 437.

elk geval verkeerd. Staatkundig kon Suid-Afrika in die jare direk voor die Unie-wording nie aan die NP (Afrikaner) 'behoort' nie, aangesien die land in twee republieke en twee Engelse kolonies verdeel was. Dan kan die vraag tereg gevra word of die land werklik na die verkiesing in 1948 aan hulle behoort het? Natuurlik het die Unie-regering aan hulle behoort, maar gegewe die naelstring na die Britse regering kon dit in daardie opsig ook nie ten volle wees nie. Maar, objektief gesien dat die land "weer" aan hulle "behoort" kon in ander opsigte ook nooit 'n korrekte aanname gewees het nie. Indien net na die getalle van die verskillende rasgroepe gekyk word was witmense 'n minderheid. Duidelik word die grootste deel van die bevolking ignoreer. Terloops, die feit dat 'n baie klein persentasie van ander rasgroepe stemgeregtig in hulle eie land was het die NP by die stembus gered, ongeag stedelike en plattelandse kiesafdelings. Hoe ookal, duidelik afleibaar was die Afrikaners en andere wat die NP gesteun het die sentrale punt van bedoeling in sy toespraak. Dat die land ook aan ander kon behoort was nie 'n gedagte nie.

Die NP-oorwinning het ook in die literêre werke van sommige Afrikaners neerslag gevind. Hieroor het daar in 1949 'n gedig van die bekende Dirk Opperman verskyn. Hy het daarin oor die swaarkry, die vasberadenheid en die uiteindelike oorwinning gedig, 'Die Joernaal van Jorik' beklemtoon net weer die gevoel van Afrikanerstryd en nasionalisme wat die algemene gevoel was van die meeste Afrikanerkiesers. Die gedig, soos opgeneem in die werk van prof. Giliomee, lui soos volg:

"Hoe onverwag na al die eeue pyn
het die oorwinning toe vir ons gekom!
Dit was die môre vroeg of 'n woestyn
uitbreek met plakkies en met vygieblom.

En tog, geen bom of bloed het ooit geval,
Maar die verdruktes het met staal en stoom
in nederige werk, in elk geval
Met staal en stoom 'n Republiek gedroom."[96]

Die historiese aanloop wat uiteindelik sodanig ontwikkel het dat die NP in 1948 gewen het, het met die 1953-verkiesing in 'n aanvaarding van sy binnelandse beleid kulmineer. Die

[96] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 437.

toets by die kieser vir aanvaarding van die beleid of ideologie van die NP was eers regtig met hierdie uitslag weerspieël toe hulle met 'n meerderheid stemme gewen het. Anders as die 1948-oorwinning toe die NP gelukkig was om met 'n meerderheid setels in die parlement en nie die meerderheid stemme nie, te kon wen. Hierdie keer was daar 'n meer behoorlike oorwinning by die stembus gewees. Die guns van die wit kiesers is duidelik gewys en die NP het dit as 'n seël van goedkeuring of ondersteuning vir hulle binnelandse beleid, wat as 'apartheid' bekend geword het, gesien.[97]

Suid-Afrika se binnelandse beleid was ook nie losstaande van die land se beskouing om deel te wees van die Weste nie en die uitreike was in ooreenstemming daarmee. Onder andere was die stryd teen kommunisme nie net tot die binneland beperk nie. Hierdie benadering het duidelik geblyk uit die land se deelname aan vier groot gebeurtenisse na die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie vier deelnames was:

- 1948 aan die Berlynse Lugbrug;
- 1950 aan die Koreaanse Oorlog; en
- beide die Seuz-kanaal krisisse in 1956 en 1967.[98]

Dit was egter Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog wat in hierdie studie ter sake is. Dit was 'n betrokkenheid wat die direkte gevolg was van 'n versoek deur die VVO aan lidlande, wat weer op 'n versoek van Amerika reageer het. Deelname aan die oorlog is deur die Suid-Afrikaanse parlement goedgekeur. Volgens Moore was dit 'n eenparige besluit en die eerste sedert Unie-wording.[99]

Behalwe as 'n vegter teen kommunisme en 'n lidland van die VVO, is dit gemeensaak dat Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog baie duidelik gewys het dat die land wel oor die militêre vermoë beskik om op daardie gebied 'n bydrae te kan lewer. Suid-

---

[97] M.S. Rakometsi,"The Transformation of Black School Education in South Africa, 1950-1994: A Historical Perspective" (Ph.D. diss., Univeriteit van die Vrystaat, 2008),59. <http://etd.uovs.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-10122009-095426/unrestricted/RakometsiMS.pdf> (11 Januarie 2013).

[98] F.A. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg 2de Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 485.

[99] D.M. Moore, "The South African Air Force in Korea: An Assessment," *Military History Journal* 6, no.3 (June 1984). <http://samilitaryhistory.org/vol063dm.html> (8 Januarie 2013).

Afrika sou dus ‘n betroubare bondgenoot van Amerika kon wees, terwyl daardie land sonder twyfel ‘n baie belangrike rolspeler in die hele aanloop tot en in die verdediging van Suid-Korea gespeel het. Op daardie stadium het Amerika en Suid-Afrika egter ook polities onder andere twee beskouings met mekaar gedeel. Beide was belangrike en invloedryke beskouings wat in direkte verband met die binnelandse politiek van die twee lande gestaan het.

Die eerste beskouing het met die binnelandse rassebeleide te make gehad. Aan die een kant is dit ‘n voorbeeld van ander lande waar ‘n onbillike beleid teenoor mense van verskillende rasse toegepas is, en waarna kortliks hieronder verwys sal word. Aan die ander kant is dit ‘n voorbeeld van een waar daar veel vinniger onder die besef van die onbillikheid van so ‘n diskriminerende beleid gekom is en daarvan wegbeweeg is. In 1967 het die Amerikaanse Hooggeregshof finaal alle wetgewing wat die verskillende rasse segregeer of verwante diskriminerende bepalings bevat, soos huwelike oor kleurgrense heen, ongrondwetlik verklaar.[100] Suid-Afrika, daarenteen, het nie net daarby vasgesteek nie, maar dit oor tyd selfs uitgebrei. Hoe ookal, gedurende die oorsigtyd was rassediskriminasie egter nog lewendig in Amerika, vandaar die ooreenstemming.

Suid-Afrika self het gedurende die jare 1950 tot 1953, met die oorlogsdrama wat gedurende die Koreaanse-oorlog gewoed het, waarna later oorsigtelik verwys sal word, toenemend binnelands sy eie drama in die binne- en buite-parlementêre politiek begin ervaar. Na jare van gesprekke met die vorige regering en toe later met die NP-regering deur leiers van die ANC, het die organisasie gaandeweg sterker standpunt teen die regering se apartheidsbeleid ingeneem. In ondersteuning van hierdie weerstandigheid het daar in hierdie tydperk ook binne en buite die swart politiek ander groepe en organisasies ter ondersteuning van die strydpunte van die ANC toegetree. Die bekendste hiervan was die volgende, South African Indian Congress (SAIC), die Natal Indian Congress (NIC), die Transvaal Indian Congress (TIC) die Congress of Democrats (COD) en South African Coloured People Organisation (SACPO). Die regering het in die onmiddelike jare na die verkiesing en met na-oorlogse bagasie baie hooi op sy vurk gehad. ‘n Vurk wat as gevolg van die binnelandse politieke beleid met die jare swaarder sou word. Die politieke

[100] Tom Head, “Interracial Marriage Laws,” *About.com Civil Liberties.* http://civilliberty.about.com/od/raceequalopportunity/tp/Interracial-Marriage-Laws-History-Timeline.htm> (20 August 2013).

aspirasies van die ANC en ander ondersteunende organisasies was alomteenwoordig. Verskeie wetgewing is aanvaar om uitvoering aan die gedagtes van apartheid te gee. Intussen was Afrikaner patriotisme direk na die oorlogsjare en daarna baie groot. Dit was ook met die 1953-verkiesing sigbaar. Hoe het die NP in hierdie jaar dit reggekry om die meerderheid stemme te werf? Daar is verskeie redes waarom die Nasionale Party lede en stemme bygekry het en die Verenigde Party aan die ander kant stemme en lede verloor het. Hierdie was redes wat tot laat in die 1950's nog vir die VP gegeld het en nog langer vir die NP. Behalwe dit wat oor die baie belangrike na-oorlogse ekonomiese omstandighede genoem word wat die VP, as regering, meer negatief geraak het, is daar ook twee ander groot redes vir 'n tweede oorwinning vir die NP, wat hieronder genoem word en waaroor daar op hierdie terreine van die politiek gemene delers met Amerika was.

Die eerste was die segregasie-beleid wat in Suid-Afrika ook afsonderlike ontwikkeling was en uiteindelik apartheid geword is.[101] Hierdie soort denke oor segregasie en die praktyk daarvan was ook op daardie stadium nog lewendig in Amerika, veral in die Suide. Ingevolge die tydperk van die sogenaamde 'Jim Crow Laws', is segregasie by ondermeer openbare skole, restaurante, openbare vervoer en selfs huwelike afgedwing. Die sogenaamde 'African American' was die direkte teiken van hierdie diskriminasie. Vanaf die vroeë jare vyftig is die eerstes van baie hofuitsprake gelewer waar bepaalde statutêre rasseskeiding ongrondwetlik verklaar is. Verder het swart Amerikaners ook protesaksies van stapel gestuur as deel van hulle weerstand teen hierdie diskriminasie.[102]

Rassediskriminasie het vanselfsprekend op 'n stadium wenkbroue binne die VVO laat lig. Nie net is Suid-Afrika se binnelandse rassebeleid kort na stigting van die VVO deur Indië, op 22 Junie 1946, op die agenda van die Algemene Vergadering geplaas nie, maar op 2 Desember 1950 is dit opgevolg met 'n verklaring deur die Algemene Vergadering. Dit is verklaar dat "a policy of 'racial segregation' (apartheid) is necessarily based on doctrines of racial discrimination."[103] Vanselfsprekend het hierdie verklaring alle lande wat sulke

---

[101] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 52.

[102] "Jim Crow Laws," *Spartacus Educational Publishers*. http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/USAjimcrow.htm> (4 Januarie 2013).

[103] "UN and Apartheid from 1946 to Mandela Day," *United Nations Regional Information Centre for Western Cape,* 2012. <http://www.unric.org/en/nelson-mandela-day/26991-un-and-apartheid-from-1946-to-mandela-day->(4 Januarie 2013).

beleide toegepas het, ook Amerika, bedoel. In latere verklarings en resolusies is Suid-Afrika egter by naam genoem.

Die tweede beskouing wat Suid-Afrika en Amerika gedeel het was teenoor kommunisme. Hierdie beskouing van kommunisme het waarskynlik ook een van die redes gevorm waarom die Suid-Afrikaanse regering besluit het om deel te neem aan die Koreaanse Oorlog. Die afkeurende houding van die NP teenoor kommunisme was natuurlik ook in lyn met dié van Amerika. Tussendeur die propaganda, beloftes en 'n gedeelde gevoel van bedreiging en afsku as dit by kommunisme gekom het, het Amerika aangehou om Suid-Afrika te ondersteun in handel en tegnologie. Juis met die gedeelde anti-kommunistiese siening en sterk regeringsoptrede teen Kommuniste het Amerika waarskynlik ook gemaklik saam met Suid-Afrika in die Koreaanse Oorlog geveg. Dit was 'n groot eer vir Suid-Afrika om die groot moondheid te kon uithelp in 'n oorlog waarby ook soveel ander lande reeds betrokke was.[104]

Intussen het die VP ondersteuning vanuit eie geledere begin verloor toe hulle besluit het en ook ingestem het om Brittanje te ondersteun in die stryd teen Nazi-Duitsland. Smuts en baie ander in sy party was baie pro-Brits en sou nie twee keer gedink het om die Kroon te ondersteun nie. Giliomee beskryf Smuts se gerigtheid na Brittanje as synde dit sy "groot missie was om Suid-Afrikaners lojaal teenoor die Britse ryk te laat voel."[105] Daar was egter invloedryke individue, soos J.B.M. Hertzog, wat 'n prominente persoon en leier van die VP was en wat van Smuts verskil het oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Volgens Hertzog, wat ook die sentimente van vele ander ge-eggo het, het hierdie oorlog niks met Suid-Afrika te doen gehad nie en was dit 'n oorlog tussen Brittanje en Europa. Hy het neutraliteit voorgestaan en in sy hoedanigheid as Eerste Minister die kabinet in 1938 tot so 'n neutraliteit verbind, sou oorlog wel uitbreek.[106]

Smuts het aanvanklik met Hertzog saamgestem, maar later sy mening verander. Uiteindelik is 'n stemming in die parlement afgedwing. Daar is toe ten gunste van deelname aan die oorlog besluit. In opvolgende gebeure het Hertzog bedank en Smuts het

---

[104] O. Geyser & A.H. Marais, "Die Oorsprong van Afrikaner Nasionalisme" in *Die Nasionale Party Deel I* (Pretoria: H & R Academica (Edms) Bpk, 1975), 3.

[105] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 346.

[106] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 390.

Eerste Minister geword.[107] Smuts het toe in die posisie gekom om die aankondiging te maak dat Suid-Afrika Brittanje gaan ondersteun in hulle stryd teen Duitsland. Juis hierdie benadering van die VP was volgens die NP 'n groot probleem van die VP. Hulle het te veel gefokus op die Britte en te min op die regte en die plek van die Afrikaners in die land, die einste Afrikaner wat onder die Britse Ryk moes swig en sy land en onafhanklikheid moes oorgee.

Hertzog het die VP verlaat en ook 'n paar ondersteuners saamgeneem. Hulle het in 1941 'n nuwe party gestig, die Afrikaner Party (AP). Hierdie party het gestaan vir die gelykheid van die blanke groepe, Afrikaans en Engels. Maar, dit was nie vreemd dat die AP, anders as die VP en meer soos die NP, klem gelê het op Afrikanerleierskap nie.[108] Alhoewel dit 'n besondere teenstrydigheid is indien die "gelykheid van blanke groepe" as uitgangspunt van die AP in gedagte gehou word. Verder, die beskuldiging deur die NP hierbo van die "Afrikaner wat moes swig voor die Britse Ryk ...", was dit juis deel van Hertzog se argument in aanloop tot die parlementêre debat oor deelname aan die oorlog of nie. Hy het ook die invalle van Hitler verdedig.[109]

Baie Afrikaners het gesimpatiseer met Duitsland, hoewel hulle nie saamgestem het met die onaanvaarbare idee dat daar van ander rasse, gesien as die minderwaardige rasse, ontslae geraak moet word nie. Hulle het veral die idee van nasiebou ondersteun. Die idee om 'n sterk weermag, industrieë en 'n sterk geldeenheid te ontwikkel en te bou. Maar, anders as hierdie het die NP geen idees gekry van Nazi Duitsland nie.[110] Die NP het hulle idees gaan haal vanuit historiese tye binne Suid-Afrika. Hulle idees het gespruit uit die

---

[107] JG,Calitz, "Deneys Reitz (1882 – 1944): Krygsman, Avonturier en Politikus" (PhD diss., Universiteit van Pretoria, 2008), 442 - 446.
<http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05312009-205128/unrestricted/05chapters9-10.pdf>
(8 Januarie 2013).

[108] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948–1963* (London: Oxford University Press,1971), 17.

[109] JG, Calitz, "Deneys Reitz (1882 – 1944): Krygsman, Avonturier en Politikus" (PhD diss., Universiteit van Pretoria, 2008), 442 & 446.
<http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05312009-205128/unrestricted/05chapters9-10.pdf>
(8 Januarie 2013).

[110] Albert Grundlingh, Áfrikaner Nationalism in the 1930's & 1940's" in *Turning Points in History Book 4 – Industrialisation, Rural Change & Nationalism*, Rachidi R Molapo, Mohamed Adhika & Albert Grundlingh. (Johannesburg: STE Publishers, 2004), 54.

Boere Republieke van tye voor die Anglo-Boere Oorlog.[111] Hierdie sentiment het hulle oorgedra en lewend gehou deur verkiesingsveldtogte en ook tydens hulle bewindsjare. In aansluiting hierby argumenteer Giliomee dat apartheid nie sy oorsprong op die "mislukte rasse-ideologie van Nazi-Duitsland" het nie, maar "op die rassisme wat die Weste in die algemeen teenoor swart en bruin mense" getoon het.[112]

Om hierdie idees van die Nazi's se ideologie as voorbeeld te neem, sou eintlik beteken het dat Afrikaners wat simpatie met hulle gehad het baie selektief moes omgaan met die beleide van die Nazi's. Ingesluit is natuurlik die uitvoering daarvan, wat ook die massamoord van 'n integrale of enige deel van 'n nasie moes of kon insluit. Vanselfsprekend kan dit nie deel van nasiebou wees nie en moet verwerp word. Dan, nasiebou gaan tog ook oor veel meer as die idees van 'n 'sterk weermag, industrieë en 'n sterk geldeenheid'. Duidelik was dit nie in die Nazi's se bedoeling gewees het om 'n 'Duitse nasie' saam met die Duitse Jode te bou nie. Al sou die bedoeling van sulke simpatiseerders, gegewe die argumente hierin, saam met die siening van Grundlingh en Giliomee, nie sulke ekstreme optrede teenoor landgenote bedoel het nie, is dit duidelik dat sulke Afrikaners en ander se idee van die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie dan minstens selekektief een deel van die bevolking bedoel het, naamlik die wittes. Dan ook eerstens die Afrikaners en dan die Engelse. Daarna kan ander rasse ook aan hierdie groot 'harmonieuse' nasie deel hê en almal kan gelukkig wees, mits laasgenoemde hulle 'plek' binne die gemeenskapslewe aanvaar, soos dit deur die heersers aan die onderhoriges in aparte kampe gedeel is.

Die verwysing na 'onderhorige' in die politieke wedywering tussen die VP en die NP, al was die een meer liberaal en die ander meer konserwatief, soos dit duidelik deur beide partye gesien is, het besondere betekenis. Die VAW verklaar 'onderhorige' as "Afhanklike" of "Ondergeskikte."[113] Beide partye het duidelik eintlik die totale besluitnemersrol oor ander rasgroepe in Suid-Afrika oorgeneem. Hulle was beide in die paternalistiese rol om namens die 'onderhoriges' na die 'belange van die onderhoriges' om te sien. Maar, na die

[111] Albert Grundlingh, Áfrikaner Nationalism in the 1930's & 1940's" in *Turning Points in History Book 4 – Industrialisation, Rural Change & Nationalism*, Rachidi R Molapo, Mohamed Adhika & Albert Grundlingh. (Johannesburg: STE Publishers, 2004), 54.

[112] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 445.

[113] Labuschagne et al. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Pretoria 8ste Uitgawe: J.L. van Schaik (Edms) Bpk, 1993), 571.

1948-verkiesing sou dit die NP-regering wees wat paternalisme in vele bykomende fassette na die 'onderhoriges' sou neem.

In die jare voor die NP aan bewind gekom het, het Afrikaner nasionalisme in 1938 'n hoogtepunt bereik en die party het verdere gewildheid met die Voortrekkerfees verwerf. Daar was 'n simboliese Ossewatrek gehou vanaf Kaapstad na Pretoria.[114] Dit was een van die grootste gebeurtenisse in die Afrikaners se geskiedenis en een wat ongelooflik bygedra het tot 'n groot ontwaking onder Afrikaners. Dit het 'n sin van eenheid gebring onder Afrikaanssprekendes. As gevolg van hierdie gebeurtenis het die VP verdere stemme verloor.[115]

Die NP het ook aan blanke Afrikaners beloftes gemaak oor werksposisies in die land en dat hulle werk in die stede sal kry, ten spyte van die stygende invloei van swartmense na die stede.[116] Dit was nie leë beloftes nie, want na die NP se eerste oorwinning en ook jare daarna het Afrikaners in besonder en wit mense oor die algemeen gemaklik werk gekry bo ander groepe van die bevolking. Weermag-offisiere wat bedank het met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, veral omdat Suid-Afrika sou deelneem, was weer aangestel na 1948. Party van hulle het dit self so gelukkig gehad dat hulle terugwerkende bevordering ontvang het.[117]

Die regering wou die gebruik van Afrikaans in openbare kantore bevorder en het Afrikaanse en Engelse briewe, dokumente ensovoorts om die beurt elke maand gebruik en versprei.[118] Die doel hiermee was om te wys dat Engels en dus ook Engelssprekendes nie uitgesluit word van openbare kantore en die staatsdiens nie, maar om meer gelykheid tussen die twee blanke groepe te bring. Aan die ander kant wou hulle ook van die Britse gewoontes en gebruike verander. 'n Groter of sterker Suid-Afrikaanse manier van doen

---

[114] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 - van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1994), 125.

[115] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 - van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1994), 125.

[116] Albert Grundlingh, Áfrikaner Nationalism in the 1930's & 1940's" in *Turning Points in History Book 4 – Industrialisation, Rural Change & Nationalism*, Rachidi R Molapo, Mohamed Adhika & Albert Grundlingh. (Johannesburg: STE Publishers, 2004), 55.

[117] GHLLe May*, Black and White in South Africa – The Politics of Survival* (Great Britain: Purnell & Sons Ltd, 1971), 76.

[118] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 444.

moes in plek gestel word. Daar is heelwat skrywers wat vooraf beweer het indien die NP in 1948 sou wen, hulle onmiddelik van alle Engels en Engelssprekendes in openbare dienste ontslae sou raak. Dit was egter nie die geval nie. Daar was wel meer Afrikaans ingebring, maar soos genoem, dit was gegrond op die NP se oordeel om Suid-Afrika en sy interne sake ook meer vir Afrikaans en die Afrikaner, wat regeer het, gelyk te stel. Dit het wel gebeur dat heelwat Engelssprekendes binne die openbare dienste bedank het, want daar was sterk aandrang dat staatsamptenare goed tweetalig moes wees.[119] Met hierdie bedankings was daar 'n lang tydperk waar wit Engelssprekendes onderverteenwoordig gebly het binne die staatsdiens, veral in die senior range. In die tydperk tussen 1948 tot 1968 het die persentasie Afrikaanssprekendes in die staatsdiens verdubbel.[120] Oor die plek van Engelsprekendes in Suid-Afrika het die NP geen twyfel gehad nie. Tydens 'n toespraak in 1950 in Durban, waar onder andere die nuwe Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap ter sprake gekom het, het D.F. Malan hom sterk uitgelaat ten gunste van nasionale eenheid tussen Afrikaners en Engelsprekendes.[121]

'n Voorbeeld van 'n staatsdepartement wat verander is sodat dit meer Suid-Afrikaans moes word, was die weermag. Na die oorwinning van die NP in die 1948-verkiesing, is Frans C Erasmus as die Minister van Verdediging aangestel. Erasmus was dr. Malan se eerste keuse vir hierdie amp, aangesien hy die enigste persoon in hulle parlementêre geledere met sulke uitmuntende militêre kennis was. Dit is interessant, straks ook ironies, dat hierdie 'militêre kennis' volgens Jooste geskoei was op teoretiese kennis verwerf deur die oplees van geskrifte oor die militêre en dit spruit uit sy belangstelling in daardie rigting. Sy voer verder aan dat 'n gebrek aan kennis oor die militêre in die Nasionale Party direk herlei kan word na hulle teenkanting teen beide die Eerste –en Tweede Wêreld Oorlog.[122] Gegewe die aanwesigheid van 'n gedugte militêr in die persoon van Jan Smuts, as leier van die opposisie, was dit ook geen wonder dat die opposisie die NP-regering oor die algemeen en Erasmus in besonder oor sy gebrek aan operasionele militêre ervaring kritiseer het nie. Ook na die oordeel van oud-gediendes en soldate organisasies was

[119] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 444.

[120] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 444.

[121] "Vandag in die ou dae" *Beeld Kalender.* <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/05/26/7/3.html> (11 Januarie 2013).

[122] Louisa Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948 - 959," (MA Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, 1995), 5.

Erasmus hoegenaamd nie toegerus vir die portefeulje van Verdediging nie.[123] Hoe ookal, Erasmus was uiteindelik die minister en het bepaalde besluite geneem en in invloed uitgeoefen. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse Weermag te Engels en te veel na Brittanje gerig. Hy het alreeds in 1946 aan die Volksraad voorgestel dat die aard en gees van die weermag verander moet word, sodat dit meer "een met die [Afrikaner] volk [moet] wees."[124] Na bewindsoorname het dit daartoe gelei dat uniforms, range, kleure van regimente en ook medaljes verander is. Die weermag is na 'n meer Suid-Afrikaanse instelling verander, soos ons dit vandag nog in 'n sekere sin ken. Een van die nuwe range wat ingestel is was dié van kommandant.[125] Tans staan hierdie rang as luitenant-kolonel bekend. Die militêre basis in Pretoria wat bekend gestaan het as Roberts Heights se naam is verander na Voortrekkerhoogte.[126] Tans is hierdie basis, wat weer onder die ANC-regering na 1994 her-doop is, as Thaba Tshwane bekend. In Sotho beteken dit 'Olifantberg.'[127] Die rang- en ander veranderinge was nie net ingestel om heeltemal ontslae te raak van die Britse gevoel nie, maar om ook hulde te bring aan die Voortrekkers en die stryders in die Anglo-Boere Oorlog. Dit was 'n manier om die Afrikaners se stempel af te druk en te wys 'ons het uit die as opgestaan waarin ons onderdrukker ons gelaat het'.

Saam met hierdie veranderinge binne die staatsdiens het daar heelwat ander goed ook in die land verander, soos straatname. Daarby het heelwat Afrikaanssprekendes hulle bankrekeninge geskuif na wat gesien is as 'Afrikaner banke.'[128] Soos genoem was die boodskap met al hierdie veranderinge baie duidelik, elke moontlike band wat negatief op die Afrikaner nasionalisme kon inwerk moes verander word. Wat egter nie kon verander nie was dat Suid-Afrika 'n kolonie van Brittanje was. Maar, in hierdie opsig sou dit ook later verander. Hierdie veranderinge om meer Suid-Afrikaans te word en te wees was ook

---

[123] Louisa Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948 - 959," (MA Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, 1995), 6.

[124] Louisa Jooste, "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948 - 959," (MA Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, 1995), 28.

[125] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 444.

[126] GHLLe May, *Black and White in South Africa – The Politics of Survival* (Great Britain: Purnell & Sons Ltd, 1971), 76.

[127] "Legal Satelite Offices. Defence Legal Services Division."*Department Defence, Republic of South Africa*, 21 August 2007. <http://www.dlsdiv.mil.za/aboutus/role/legal_satellite_offices.htm> (4 Januarie 2013).

[128] GHLLe May, *Black and White in South Africa – The Politics of Survival* (Great Britain: Purnell & Sons Ltd, 1971), 76.

doelgerig uitgevoer om wit mense, in besonder Afrikaners, se gevoel van nasionalisme na vore te bring en te verstewig.

Die na-1948-verkiesingstyd sou vir die burgery, veral die sogenaamde nie-wit mense, 'n verandering bring wat hulle later sterk sou tref. Laasgenoemde sou moeiliker werk en poste in die staatsdiens en baie maaskappye ontvang, segregasie sou uitgebrei word, diskriminerende wetgewing sou vermenigvuldig ensovoorts. Met hierdie oorwinning was dit 'n nuwe party, nuwe regering, verandering binne die administrasie-elite en 'n groot verandering in die doel en filosofie van landsregering.[129] Ook op die regsterrein sou verandering kom deur die instelling van wetgewing wat uitvoering van die NP se beleid moontlik moes maak. Onder hierdie wetgewing wat aanvaar is was ook daardie ses stuks wette waarteen die Defiance Campaign, waaroor enkele opmerkings in hoofstuk 4 gemaak word, in sy weerstand gerig was. Met die veranderinge wat die Nasionale Party onmiddelik en in die jare daarna aangebring het, het hulle as regering hulself nie gesien as die bastion van blanke Afrikaner imperialisme nie, maar hulle het wel die veranderinge as deel van Afrikaner nasionalisme gesien. In die nastrewing van hierdie Afrikaner nasionalisme op die weg na 'n 'vrye' Suid-Afrika, was die Afrikaner as 'n slagoffer van die Britse Ryk gesien.[130] Binne hierdie slagoffer-siening was dit dalk bedoel om polities 'n teenstander van die Ryk te wees wat die nastrewing van hierdie ideale betref.

Die VP het in 1948 die meeste stemme nog ontvang. Die afweer van die NP aan die een kant, maar ook die beleid van die VP aan die ander kant. Hulle het geglo in minimum regeringsinmenging op die regte van die individu (waarskynlik in sy meer beperkte vorm wat ras betref), onafhanklikheid van die regbank en hulle algemeen het gestaan vir die "preservation of principles and methods."[131] Dit was hierdie sentimente wat 'n groot deel van die burgery graag gekoester het. Baie kiesers was ook nie honderd persent seker oor die NP nie. Daar was onsekerheid of die NP lank aan bewind sou bly as hulle die verkiesing sou wen, en indien dit gebeur, wat om regtig van hulle as 'n nuwe regering in praktyk te verwag. Die kiesers het die VP geken en geweet waarvoor hulle staan en wat

[129] GHLLe May, *Black and White in South Africa – The Politics of Survival* (Great Britain: Purnell & Sons Ltd, 1971), 75.

[130] Sue Onslow, "The Cold War in Southern Africa: White Power, Black Nationalism & External Intervention" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon: Routledge, 2009), 11.

[131] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948–1963* (London: Oxford University Press,1971), 15.

dit in praktyk vir Suid-Afrika beteken het, soos die oorwinning by die 1943-verkiesing waarskynlik aangetoon het. Dit is dan ook juis dit wat ewe waarskynlik in die denke van die VP-leierskap vasgevang was toe hulle die 1948-verkiesing binnegegaan het. Hulle het te veel vertroue en verwagtinge van historiese steun gehad met klaarblyklik min opgewondenheid oor die kans om deur die NP verslaan te word. Tot op daardie stadium het so 'n kans ook nie gewys nie. Daar was 'n oorgerustheid en dus ook nie behoorlike voorbereiding gewees nie. Saam met die buite-faktore wat hieronder aangedui word en tot 'n mate ook hulle benadering van gerustheid oor die verkiesing, is die VP egter lelik in die voet geskiet. Die NP self het ook nie verwag dat hulle op daardie stadium sou wen nie, maar hulle was steeds baie goed georganiseerd en voorbereid.

Die buite-faktore was die anderkant van die munt wat realiteite was wat groot nadele vir die VP ingehou het. Ironies was hierdie nadele ook die 'verkiesingsvoordele' vir die NP. Die na-oorlogse jare was nie gunstig vir die VP nie en het sy tol geëis. Swak ekonomiese omstandighede na die Tweede Wêreldoorlog het nie net in Duitsland negatief gewys nie of in Engeland waar die oorlogsheld, premier Winston Churchill, as gevolg daarvan nie die pyp met die volgende verkiesing gerook het nie, maar ook elders. In Suid-Afrika was 'n tekort aan voedsel en ander voorrade, behuising en nakoming van beloftes aan terugkerende soldate problematies.[132],[133] Die VP het ernstig daaronder gelei en wel in so 'n mate dat dit saam met ander sterk bydraende faktore, soos die appèl wat die NP op Afrikaners gemaak het en die kiesstelsel, daartoe gelei het dat die VP in 1948 nie net kiesers verloor het en elke jaar daarna nie, maar ook die 1948-verkiesing. Die VP nooit weer 'n verkiesing gewen nie.

Dit was duidelik 'n afdraande pad vir die party. Met Smuts, as partyleier, se dood in September 1950 het baie kiesers oorgeloop na die NP.[134] J.G.N. Strauss het as leier oorgeneem. Hy was egter nie dieselfde aard van leier as Smuts nie. Hy was nie sterk genoeg nie en kon nie koers gee aan die party nie. Strauss kon ook nie daarin slaag om die kiesers te kry om saam met hom sy groter 'prentjie' en die pad vorentoe vir die party te

[132] South African Embassy Seoul, South Korea. 2011

[133] Ebbe Dommisse, *Anton Rupert – 'n Lewensverhaal* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers,2005), 206.

[134] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 303.

sien nie. So het Afrikaners, wat die grootste persentasie van die party uitgemaak het, geleidelik oorgegaan daartoe om na die NP oor te skuif.[135]

Alhoewel die VP en die NP in bepaalde opsigte verskillende uitkyke gehad het op die kleurkwessie, was dit in ander opsigte tog ook baie dieselfde. Die VP was weliswaar nie so konserwatief soos die NP nie, maar daar was tog in die baie belangrike opsig van kleurskeiding - op die gebiede van politieke en sosiale segregasie, 'n baie groot eendersdenkendheid met die NP gewees.[136]

Die VP het ook segregasie en ander diskriminerende maatreëls toegepas. Byvoorbeeld, voor 1948 is wetgewing in plek gestel om instromingsbeheer deur middel van 'n verpligte passtelsel toe te pas. Vroue en professionele persone soos predikante en onderwysers was aanvanklik van hierdie beperkende maatreël vrygestel.[137] Soos aangetoon het die VP op ander gebiede segregasie toegepas, al was die toepassing daarvan in seker opsigte matig liberaal en al was daar aan die kant van die VP reeds 'n 'versigtige' wegbeweeg van segregasie. Byvoorbeeld, in die geval van maatskaplike segregasie is welsynsdienste na die swart deel van die bevolking uitgebrei. Dit was egter ten opsigte van ekonomiese segregasie dat die VP die streep getrek het om in daardie opsig hulle verskil met die NP te toon. Volgens hulle was segregasie op daardie terrein nie reg nie.[138]

Die argument van die NP daarteen was dat politieke en sosiale segregasie nie suksesvol kon plaasvind sonder ekonomiese segregasie ook nie. Op hierdie gebied het die NP dan ook nie die geleentheid laat vebygaan om die VP te verwyt nie. Volgens hulle was wit werkers in 'lewensbedreiging' deur 'n onregverdige kompetisie en laer woon standaarde, omdat die VP oogluikend toegelaat het dat segregasie nie toegepas is nie. Witmense se posisie is dus deur die VP verswak. Dit was natuurlik tydens die Tweede Wêreld Oorlog, toe veral baie wit manlike werkers na die oorlogsfront gestuur is. In hulle afwesigheid moes die arbeidstekorte sterk uit die geledere van swartmense aangevul word. In die proses is die binnegaan van en oorbly in stedelike omgewings nie so streng toegepas nie. Dit was uiteindelik op daardie stadium vir die VP as regering ook maar 'n kwessie van

---

[135] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 303.

[136] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London:Oxford University Press,1971), 42.

[137] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad:Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 459-460.

[138] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad:Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 401.

aanpas of ondergaan. Die NP se verwyt in hierdie opsig was dus baie kortsigtig en niks anders as 'n dwaling wat daarop gemik was om politieke voordeel te probeer verkry nie. Meer so omdat hulle nie as regering deur daardie omstandighede konfronteer is nie.

Afgesien daarvan, dit is natuurlik so dat hierdie tipe argument van die VP van nie-ekonomiese skeiding, maar wat wel in bepaalde ander opsigte segregasie toegepas het al het hulle ook versigtig op die daardie gebied getrap, ewe veel van 'n dwaling was. Die VP het geen behoorlike verklaring vir so 'n benadering op die ekonomiese terrein gegee wat die verskil tussen die soorte segregasie kon verduidelik nie. Hulle beskouing het gewoon nie sin gemaak nie. Hoe regverdig jy op die ekonomiese terrein die VP se beskouing van een ekonomie of dan ook eenheid daarvan en bydraes daartoe, maar steun en stel byvoorbeeld sosiale segregasie of skeiding op ander gebiede van die lewensterrein in. So asof daar 'n eenheid onder die Suid-Afrikaanse bevolking moet wees om 'n eendragtige ekonomiese bydrae te lewer tot voordeel van die land en almal, maar dan kan almal nie die voordele in sy wye begrip, uiteindelik ook ekonomies, van 'n gemeenskaplike nasie ervaar nie. Die NP daarenteen was baie duidelik in hulle beleid oor hierdie kwessie. Die uitskakeling van kompetisie tussen wit en swart was juis een van die belangrike oogmerke van hulle beleid om apartheid tussen die rasse te hê. Een van die sub-terreine van die ekonomie, waaroor dit eintlik hier gegaan het, was die arbeidsterrein. Bo en behalwe dat sosiale uitsluiting benadelend is en in wese onregverdig is, was dit in hierdie opsig dan juis die arbeidsterrein wat ideaal daarvoor geskik was om een bo die ander vir ideologiese en politieke voordeel onbillik te bevoordeel, wat volgens die NP se beleid moes gebeur.[139]

Soos wat dit argumenteer word dat die NP se beleid nie regverdig kan word nie, net so min kan die VP se standpunte oor sosiale segregasie regverdig word. Minstens in daardie opsig was die VP eintlik ook maar soos die NP, wel sterk op ras ingestel en met die benadering van paternalisme teenoor die 'onderhoriges'. Hierdie paternalisme kom maar eintlik neer op die siening van verskillende vlakke waar die 'ontwikkelde' na die 'onder-ontwikkelde' omsien.

Nietemin, alhoewel die VP oorwegend 'n liberale party was moes dit steeds met die twee kampe in sy geledere rekening hou, wat waarskynlik by beleidsbesluite fyn voetwerk moes

[139] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD,2009), 56-57.

verg. Ongetwyfeld is dit afleibaar dat hierdie verdeling die VP in liberale hervorming moes gerem het. Smuts, as partyleier, het geweet sy kiesers is nog nie gereed vir radikale verandering nie. Aan die een kant was daar 'n onderstreping van beide maatskaplike en politieke segregasie en aan die ander kant 'n losser en meer liberale beskouing wat verdere ontwikkeling in hierdie rigting voorgestaan het tot op die vlak van rasgelykheid. Laasgenoemde was voorgestaan deur Jannie Hofmeyr, 'n Kaapse liberalis en minister in die Smuts-kabinet, wat hom ten gunste van die verwydering van ras uit die grondwet uitgespreek het. Ongetwyfeld sou so 'n verwydering 'n gelykheid op alle vlakke tussen alle rasse gebring het.[140] 'n Gelykheid wat oor die spektrum van kiesers op daardie stadium nie net ongehoord sou wees nie, maar ook onaanvaarbaar.

Vir die interessantheid: As 'n begaafde intellektueel was Hofmeyr waarskynklik sy tyd in denke vooruit. Self spruit hy uit 'n begaafde Kaapse familie. Onder andere was een familielid, prof. Hofmeyr, een van die eerste twee teologie professore aan die Universiteit van Stellenbosch. 'n Ander weer, ook Jan Hendrik – die ou familiename, was bekend as "Onze Jan" en as bedrewe skrywer en koerantredakteur het hy hom ook besig gehou met die bevordering van die Afrikanersaak en Afrikaans as taal. Onze Jan het by geleentheid 'n pos in die kabinet van Cecil John Rhodes van die hand gewys. Jannie, ook "Slim Jannie", is in 1894 gebore. Op 12 jarige ouderdom slaag hy matriek en as 17 jarige behaal hy sy eerste meestergraad aan die Universiteit van Kaapstad. Daarna volg nog 'n M-graad in Klassieke Tale *cum laude* aan die Oxford Universiteit. Op 24 word hy aangestel as professor en rektor van die Universiteit van die Witwatersrand en op 30 as Administrateur van Transvaal. Daarna begewe hy hom tot die politiek. In 1939, met bedanking van Hertzog, volg hy Smuts na en word in die kabinet as minister van Finansies en Opvoeding aangestel.[141]

Maar, die argument om luidkeels met die opposisie oor ekonomiese vryheid en nie oor alle ander vorme van segregasie te verskil nie, was politieke huigelary en dus verkeerd. Dit is verkeerd om slegs ekonomiese vryheid of gelykheid te hê en bydrae vir ekonomiese voordeel te vra, maar die res van segregasie word of aanvaar of bewustelik misgekyk. Ekonomiese segregasie kan nie in isolasie gesien word nie. In hierdie opsig is die volgende opmerking van dr. Rupert van groot waarde; "Wanneer mense in die rykdom van

[140] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad:Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 400, 401 & 426.

[141] "Jan Hofmeyr," *Biographies. Special South Africans*, Januarie, 2007. <http://zar.co.za/hofmeyr.htm> (12 Januarie 2013).

die land deel en ook ‘n aandeel het in die skep daarvan, word gemeenskaplike belange en gedeelde waardes ontwikkel.”[142] Vanselfsprekend kan geen gedwonge skeiding, ekonomies en op ander terreine, ‘n pad wees waarop daar by die verwesenliking van die ideale in Rupert se stelling uitgekom sal word nie. Jy kan nie ekonomiese vryheid hê en op alle ander gebiede ingeperk word nie.

Die siening van die VP oor sy kleurbeleid aan die een kant en hulle gevoel dat daar aan die ander kant nie aparte ekonomiese ontwikkeling moet wees nie, het wel ondersteuners gehad. Hierdie ondersteuners was meestal ‘n minderheid binne die blanke groep en het uit Engelssprekende liberaliste bestaan wat tog ook oop was vir verandering. Tussen alles deur het hierdie groep ondersteuners gehoop dat hulle party meer sou liberaliseer en sy siening van die kleurbeleid verder sou verander en die beleid positief sou aanpas of uitbrei.[143] Dit sou egter meer as net hoop verg.

By gebiedskeiding, wat ook afsonderlike ontwikkeling binne eie grondgebied genoem is en wat as die sogenaamde ‘tuislande’ bekend gestaan het, het Smuts die NP teengestaan. Hy het hulle plan uitgedaag wat ten doel gehad het om aparte tuislande vir swartmense te ontwikkel.[144] Maar, Smuts kon onmoontlik sy eie posisie ten opsigte sosiale segregasie vergeet het. Die VP self het ‘n twee-spoor oor rasseaangeleenthede gevolg. “Rassewetgewing is ook stukkie vir stukkie op die wetboek geplaas” waarop natuurlik deur die NP voortgebou is.[145] Alhoewel dit op grond van sy algemene uitsprake en vir die behoud van stemme as populisties gesien kan word, was hy ook ten gunste van skeiding. Gegewe die argument dat hy as verteenwoordiger van ‘n meer liberale siening binne sy party gedien het, het die praktyk van werklike liberalisme nie altyd by implementering daarvan uitgekom nie. Die somtotaal daarvan was dus dat die party (en Smuts) in die tye wat hulle in regering was nie regtig die VP as ‘n liberale party in sy konsekwensie in beleid en uiteindelik in praktyk kon omsit nie.

Uiteindelik kan dit met reg ook bespiegel word oor wat die uitkomste vir Suid-Afrika sou gewees het indien die VP werklik ‘n ‘bevryde’ liberale party sonder die sterk teenwoordigheid van quasi-liberales of die oorspronklike NP-lede van Hertzog was. Veral

[142] Ebbe Dommisse, *Anton Rupert – ‘n Lewensverhaal* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers,2005), 226.

[143] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London:Oxford University Press,1971), 41.

[144] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London:Oxford University Press,1971), 43.

[145] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 400 & 401.

laasgenoemde wat eintlik deur samesmelting in die VP ingedwing is en wat andersins nie daar sou gewees het nie en uiteindelik grootliks weer uit is.

Baie Afrikaners was ten gunste van die toepassing van segregasie op al die verskillende terreine. Deel daarvan was omdat hulle in die stede bedreigd gevoel het met die groeiende persentasie van swartmense wat na stedelike gebiede verskuif het. 'n Ander was dat witmense se bedreiging baie op die terrein van arbeid ervaar is. 'n 'Vrees' om met swart-arbeid te moes kompeteer. Sekerlik sou enige party wat onderneem om na sy kiesers se vrese om te sien - of minstens uit die deel waaruit dit hoop om kiesers te trek, dit wel doen. Dit is daarom interessant om daarop te let dat dit opvolgend binne die beleid van afsonderlike ontwikkeling as doel gestel is om swartmense uit die stede te hou of minstens te ontmoedig om daar te wees of daarheen te gaan. Hierdie gebiedsuitsluiting of poging daartoe het egter nie gewerk nie. Wel, minstens nie soos dit binne die beplanning van die NP en in besonder dié van dr. Verwoerd, die eerste minister, bedoel was nie.[146]

Oor dr. Verwoerd se siening van gebiedskeiding en apartheid, maak prof. Welsh[147] in sy boek 'n baie interessante verwysing oor 'n uitlating wat Verwoerd volgens aanduiding in die middel vyftigs tydens 'n informele beleidsvergadering gemaak het en John Vorster, Verwoerd se opvolger, oor sy klaarblyklike kennis oor hoe Verwoerd oor apartheid gevoel het. Verwoerd het nie net erken dat 'algehele gebiedskeiding' nie haalbaar was nie, maar is deur minister Ben Schoeman van "blatante bedrog" beskuldig toe hy steeds volgehou het dat dit aan "ons mense" as werkbaar voorgehou moet word en dat hulle die regering daarin moet ondersteun. Verder in hierdie verband, Vorster het aan Ian Smith, premier van die eertydse Rhodesië en nou Zimbabwe, gesê dat Verwoerd besef het "apartheid is onwerkbaar."[148]

Ter ondersteuning van Welsh is die verwysing van Rupert se biograaf na Verwoerd in hierdie verband van belang. Volgens 'n mededeling wat Koos Potgieter, hoofsweep van die NP vir 27 jaar, ook onder Verwoerd, in 1995 aan Rupert gemaak het, het Verwoerd

---

[146] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD,2009), 59, 89.

[147] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD,2009), 58, 83.

[148] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD,2009), 58, 83.

enkele dae voor sy dood aan hom (Potgieter) verklaar dat apartheid as beleid onprakties en onuitvoerbaar is. Op 'n vraag van Rupert oor waarom daar voortgegaan is daarmee het Potgieter die premier se antwoord soos volg verwoord: "Jy kan nie 'n te kort draai maak nie, jy sal die kar omgooi". En, soos die biograaf dit namens Rupert beskryf; "Dit sal tot in lengte van dae 'n onbeantwoorde raaisel bly wat Verwoerd, met sy dryfkrag en intellektuele vermoëns, met ingrypende koersverandering kon vermag het."[149]

Al was die beleid van apartheid nie net onwerkbaar nie, is dit duidelik dat die NP nie net bereid was om vir die kiesers te lieg nie, maar dat hulle dit inderdaad gedoen het. Weereens, volgens hulle siening, moes die blanke Afrikaners regeer en daarvoor was skeiding noodsaaklik. Teen hierdie agtergrond was die siening of argument van die VP oor hulle sogenaamde 'twee-spoor kleurbeleid', wat duidelik op 'n twyfelagtigheid gedui, het goeie ammunisie vir die NP in propaganda teen die VP. Behalwe vir die ekonomiese terrein en enkele ander punte, het die VP op hulle beurt nie te veel die segregasiebeleid van die nuutverkose NP-regering aan flarde probeer skeur en argumenteer nie. Hulle het ook die idee aanvaar dat wit mense in beheer moes bly. Al was hulle die meer liberale party en al het hulle ook 'n meer laissez-faire siening gehad. Binne hierdie maalkolk van hulle eie pogings om uit die greep van rassediskriminasie te ontsnap, het hulle steeds volgehou om fout te vind met algemene beleidsaspekte van die NP en op daardie punte die regering probeer uitdaag. In hulle teenstand is ook net op die negatiewe, met ander woorde die verskille gewys, en nie dit waarop hulle saamstem nie. Dit sou dalk 'n gevaarlike spel geword het, want dit was juis as gevolg van hierdie teenstrydige punte waarop die NP die VP teruggekap en hulle beskryf het as 'n "maar" party.[150] Uit die gesigspunt van die NP is seker ook argumenteer dat die VP nie net 'n "maar" party was nie, maar inderdaad ook 'n 'maer' party in beleid. Die rede hiervoor was omdat hulle argumente en beleid oor segregasie vir en teen dit was.

'n Ander punt waaroor die NP en die VP ook nie dieselfde siening gedeel het nie, was die bedreiging van kommunisme. Beide het die leerstellings van kommunisme verwerp, maar klaarblyklik was die VP minder bekommerd oor die bedreiging daarvan. Na die Tweede Wêreldoorlog het kommunisme vinnig begin versprei. Dit was veral die geval in Europa. Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika het klaarblyklik beide gevrees dat

[149] Ebbe Dommisse, *Anton Rupert – 'n Lewensverhaal* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers,2005), 229 - 230.

[150] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 45.

kommunisme hulle sal tref. Die NP-regering was daarop ingestel om alles binne sy vermoë te doen om die vestiging van kommunisme in Suid-Afrika en noodwendig ook die invloed daarvan hier te keer. Die NP het kommunisme of Kommuniste beskryf as die vyand van die Christendom.[151] Of, in die woorde van Malan, as die "goddelose" Kommuniste.[152] Soos die NP bekend was vir hulle siening ten opsigte van kommunisme, was dit nie verrassend gewees dat dit as 'n prominente vyand van die regering, die Staat en die Suid-Afrikaanse bevolking beskryf en beskou is nie. Deur sulke beskrywings was dit bes moontlik bedoel om die burgery, Suid-Afrikaners oor die algemeen, te bevrees vir die bedreiging van kommunisme en so anti-kommunisties te rig.

Oor kommunisme, het Hofmeyr in die vroeg 1940's in 'n persverklaring verduidelik wat hulle, die VP, se gevoel was teenoor Rusland en kommunisme. Hofmeyr het gesê dat die VP nie hou van die "kommunistiese vorm van Rusland se regering nie", omdat dit 'n diktatuur is wat die burgers weerhou van politieke en godsdienstige vryheid.[153] In dieselfde asem egter het hy ook Rusland verdedig toe Duitsland se wêreldoorheersing op die voorgrond getree het. Ook gedagtig daaraan dat daar op daardie stadium nie so 'n duidelike boodskap as aanduiding van 'n ekpansionistiese strewe deur Rusland was nie. Hofmeyer het verder ook verduidelik hoe Rusland Brittanje help veg het teen Duitsland toe dié Europa probeer oorneem het.

Smuts self het Bolsjewisme by geleentheid as die wêreld se grootste gevaar bestempel. In die trant van Hofmeyr, het Smuts ook gesê dat Suid-Afrika Rusland ondersteun, maar nie sy leerstellings nie. Die VP het die Kommuniste wat in gevangenisskap was vrygelaat, hulle het die sensuur verslap en ook die verbod op die invoer van kommunistiese propoganda opgehef. Sy regering se verslappende optrede teenoor Kommuniste en hulle ideologie was egter 'n doring in die vlees van die NP en is vanselfsprekend uitgebuit. Soos dit deur die NP gesien is het die VP met hierdie meer positiewe siening oor Rusland 'n blinde oog op die moontlike gevare van kommunisme vir Suid-Afrika gedraai.[154]

---

[151] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 – Van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis,1994), 211.

[152] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 440.

[153] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 – Van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis,1994), 212.

[154] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 – Van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis,1994), 212.

Danksy die VP-regering het Kommuniste hierdie tydelike vryheid geniet. Hulle het nege jaar van redelike vrye beweging in Suid-Afrika gehad tot die NP-regering hulle in 1950 ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme verban het. Burgers/kiesers was baie bekommerd, want die verspreiding van kommunisme in Suid-Afrika was oënskynlik aan die toeneem. Daar was besware in 'n Kaapse dagblad, Die Burger, waarin die NP gekritiseer was vir hulle slapheid teenoor die "Rooi Gevaar."[155] Die moontlikheid wat die VP vir die groei van kommunisme in Suid-Afrika geskep het was daarom nog 'n waarskynlike rede waarom dit aangehou het om stemme te verloor, veral na die 1948-verkiesing. Die NP se taktiek oor kommunisme het duidelik vir hulle ook onder kiesers positiewe gevolge gehad.

Soos reeds genoem, het die VP 'n baie goeie verhouding met Brittanje gehad toe die NP aan bewind gekom het. Die NP, daarteenoor, het in hulle doelgerigheid om 'n nasionale gevoel te bevorder en van die koloniale verlede te probeer ontsnap, verskeie aksies geloods om Britse invloed te verbreek. Ten opsigte van die mate waarin die politieke naelstring wat nog bestaan het, asook die baie Britse gewoontes en gebruike, het verandering gekom en nog sou verder plaasvind.

Brittanje aan die anderkant, wou nie die kans waag om die band tussen hulle en Suid-Afrika te versteur nie, hoofsaaklik om twee redes; Suid-Afrika se ryk mineraal bronne en strategiese ligging. Die Engelse het bes moontlik gereken dat dit beskermingswaardige belange is. Daarom sal 'n bydrae om te verhoed dat Suid-Afrika onder kommunistiese invloed kom dus 'n bydrae wees om die bronne en strategiese ligging van die land te beskerm. Suid-Afrika was immers nog 'n kolonie. Brittanje het Malan reeds in 1949 skriftelik genader en oor die groeiende probleem van kommunisme en oor die bedreiging daarvan gepraat. Malan is ook gevra om die direkteur-generaal van die Britse Sekuriteitsdienste, Sir Percy Sillitoe, te ontvang ten einde oor samewerking te besin. Suid-Afrika sou toegang kry tot Britse en Amerikaanse inligtingsbronne in ruil vir doelgerigte anti-kommunistiese opleiding. Sillitoe sou ook vir eers eenkant toe kyk oor die rassepolitiek in Suid-Afrika. Hy het erken dat hy moontlik verkwalik kan word om die "Boer Nationalists" behulpsaam te wees om 'n "Gestapo" te vestig, maar Suid-Afrika se samewerking binne die Brits/Amerikaanse sekuriteitsnetwerk is noodsaaklik.[156]

---

[155] P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party Deel 5 – Van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948* (Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis,1994), 213.

[156] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 445.

Die deure wat hierdeur na die VSA oopgemaak is, was belangrik vir die NP. Hulle het nie die kans verby laat glip om nuwe bande met die VSA aan te knoop nie. Dit het gelei tot 'n ooreenkoms in ruil vir onder andere uraan en ook hulp in die stryd teen kommunisme. Ook hulle sou sekere binnelandse sake 'misgekyk' het. As gevolg van hulle eie binnelandse rassebeleid het Amerika klaarblyklik ook nie so 'n groot probleem gehad met die rassebeleid in Suid-Afrika nie. Soos genoem was Amerika redelik toegeneë tot Suid-Afrika. President Truman en sy administrasie het Suid-Afrika bestempel as 'n goeie en vriendelike land. Hierdie gesindheid teenoor Suid-Afrika het selfs meer positief geraak toe Malan aan Truman verseker het dat die Suid-Afrikaanse regering alles in hulle vermoë doen om kommunisme te beveg en dat hulle Amerika sterk in hierdie stryd ondersteun.[157] Die rassisme in Suid-Afrika en VSA kan vergelyk word met die soort rassisme wat tydens die koloniale tydperke na gekoloniseerde lande regoor die wêreld uitgevoer is.[158]

Alhoewel rassediskriminasie dus 'n wêreldwye tendens was, het die wêreld egter toenemend die juk van sulke diskriminasie begin afskud. Suid-Afrika was egter teenoorgesteld in sy optrede. In plaas daarvan dat verwydering of minstens geleidelike uitskakeling moes plaasvind, was dit onder die NP eerder 'n uitbreiding. Alhoewel dit aanvaar kan word dat die VP waarskynlik vroeër sy rug daarop sou draai, al was dit stelselmatig, sal niemand weet of dit in daardie opsig regtig in alle opsigte anders sou optree nie. Dit blyk ook of sake soos die minerale rykdom, veral strategiese minerale en die strategiese ligging van die land en les bes, die bedreiging van 'n kommunistiese ideologie 'n groter probleem was as die binnelandse rassebeleid in Suid-Afrika. Die gevolg was 'n oënskynlik 'blinde' groep Westerse lande met Amerika vooraan.

In 1949 het die wêreld, veral Amerika, klaarblyklik paniekerig begin raak, want die Sowjetunie was suksesvol om hulle eie eerste atoombom te bou en ook te toets.[159] In dieselfde jaar het Amerika agtergekom dat Suid-Afrikaanse goudmyne meer inhou as net goud. 'n Ander belangrike grondstof het ook in hierdie myne aan die Witwatersrand gelê, naamlik waardevolle uraan. Geen atoombom sal sonder uraan gebou kan word nie. Uraan

---

[157] Anna-Mart van Wyk, "The USA and Apartheid South Africa's Nuclear Aspiration" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon; Routledge,2009), 55.

[158] Christi van der Westhuizen, *White Power and the Rise and Fall of the National Party* (Cape Town: Zebra Press,2007), 53.

[159] Anna-Mart van Wyk, "The USA and Apartheid South Africa's Nuclear Aspiration" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon: Routledge,2009), 56.

is ook die brandstof wat nodig is vir die aandrywing van kernkraginstallasies vir lewering van eleketrisiteit. In 1950 het Amerika in Pretoria 'n ooreenkoms geteken met die NP-regering. Ingevolge hierdie ooreenkoms kon Amerika uraan-oksied op langtermyn koop en dit moes gevrywaar wees van beperkings. Hierdie was nie net 'n eensydige transaksie nie. In ruil vir die uraan-oksied het Amerika aan Suid-Afrika tegniese en wetenskaplike samewerking aangebied.[160] Een van hierdie ooreenkomste bestaan vandag steeds in Pretoria by die Raad vir Wetenskap en Industriële Navorsing (RWIN). Een van die eerste voortspruitings van die ooreenkoms was die "Nuclear Physics Institute" by die RWIN.[161]

In Amerika was daar ook druk binne die burokrasie van Nasionale Sekuriteit om sterker bande met Suid-Afrika te sluit.[162] Belangrike oorwegings hiervoor was die strategiese waarde wat Suid-Afrika in die opsigte, soos vroeër aangetoon, ook vir Amerika ingehou het. In terme van die seeroetes wat gewoonlik gebruik word en weens vyandelikhede bedreig of afgesny kon word, sal die Suid-Afrikaanse seeroete om die suidpunt van Afrika uiters strategies geleë wees. Hierdie strategiese ligging is verder afgerond met hawens wat funksionerend en strategies langs die kus geleë is. Suid-Afrika het die Amerikaners met ope arms verwelkom en die land se hawe- en militêre geriewe tot hulle beskikking gestel.[163] Suid-Afrika se hulp in die stryd teen kommunisme was volgens die NP-regering ook in belang van die land. Dit is moontlik ook so dat die meeste wit kiesers in Suid-Afrika een gevoel het met die Weste oor die algemeen en Amerika in besonder en daarom geen beswaar teen ondersteuning gehad het nie. Dit was immers Westerse wit mense wat die "beskawing" in Suid-Afrika gevestig het.[164]

Suid-Afrika het selfs ondersteuning ontvang van die Amerikaanse geheime diens, die Central Intelligence Agency (CIA). Suid-Afrika is beskou as 'n bondgenoot omdat die land Amerika gehelp het om die uitbreiding van kommunisme te keer. Hierdie organisasie wou

---

[160] Thomas Borstelman, *Apartheid's Reluctant Uncle : The United States and Southern Africa in the Early Cold War* (New York : Oxford University Press ,1993), 138,139.

[161] Anna-Mart van Wyk, "The USA and Apartheid South Africa's Nuclear Aspiration" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon: Routledge,2009), 57.

[162] Anna-Mart van Wyk, "The USA and Apartheid South Africa's Nuclear Aspiration" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon: Routledge,2009), 56.

[163] F.A .Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 485.

[164] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 485.

ook graag Suid-Afrika se teen-intelligensie vermoë om 'n potensiële rewolusionêre aanslag in Suid-Afrika af te weer, opskerp.[165] Amerika wou alles in hulle vermoë doen om die verspreiding van kommunisme te keer, veral in lande wat vir hulle belangrik was ten opsig van hulpbronne. Solank hierdie lande, onder andere Suid-Afrika, die VSA bygestaan het en hulle voordeel gekry het uit die natuurlike bronne en handel gedryf het, het Amerika die binnelandse sake van hierdie lande op sig of minstens in belangrike opsigte ignoreer.

Die geskiedenis het wel later getoon dat daar aandag aan gegee word. In die geval van Suid-Afrika se binnelandse beleid was dit nadat Amerika polities en statutêr sy eie huis van rasgedrewe diskriminasie in orde gekry het. Die sake in die Amerikaanse howe teen rassediskriminasie, waarna in hierdie hoofstuk verwys word, het geen geringe rol in die verandering in die rassebeleid in Amerika gespeel nie. Teen die einde van vyftiger jare het die land sy opvoedkundige en maatskaplike integrasie op 'n snelbaan geplaas. Ook in Europa moes die juk van rassediskriminasie wat stewig deur kolonies beoefen was, afgeskud word. Europese koloniale magte het dus vinnig van hulle kolonies begin ontslae raak.[166] Op hierdie gebied van rasseverhoudinge- en politiek sou Suid-Afrika nog 'n lang pad moes loop.

As die nuwe regerende party het die NP vinnig 'n plan gemaak dat swart politiek in Suid-Afrika effektief beperk word, veral omdat hulle agterdogtig was oor die bewegings en invloed van die SAKP.[167] Swart politiek was vir die regering nie net daartoe beperk om die beweging van die SAKP te volg nie, maar hulle wou ook die party vernietig. Die regering het nie lank gewag voordat hulle die Kommuniste en hulle party verban het nie. Hierdie geleentheid het hom voorgedoen met die arbeidstaking in Mei 1950 aan die Witwatersrand. In dieselfde jaar het die regering die Wetsontwerp op die Onderdrukking van Kommunisme, waarna in hoofstuk 2 verwys is deur die parlement gevoer en afgekondig en die SAKP as 'n onwettige organisasie verklaar.[168,169]

---

[165] Anna-Mart van Wyk, "The USA and Apartheid South Africa's Nuclear Aspiration" in *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, Sue Onslow et al. (Oxon; Routledge,2009), 56.

[166] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 446.

[167] Padraig O'Malley, "Colonial Background – Apartheid," *The O'Malley Archives*, <http://www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01508.htm> (25 Augustus,2012).

[168] Alistair Boddy-Evans, "Suppression of Communism Act, Act No 44 of 1950," *Apartheid Legislation in South Africa*, 2013. <http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm> (10 Februarie 2013).

[169] Willie Esterhuyse & Philip Nel, *Die ANC*(Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,1990), 14.

Hierdie optrede van die regering het ook gewys dat hulle ernstig is en nie sal huiwer om op te tree nie. 'n Nadeel van hierdie wetgewing vir die regering was egter dat die ANC en SAKP na mekaar gedryf is en nouer begin saamwerk het. 'n Samewerking wat in lyn met die opdrag van die Komintern was. Die ANC moes nou noodgedwonge as voertuig dien. Hierdie samewerking het ook 'n nadeel vir die ANC ingehou, alhoewel waarskynlik nie te ernstig nie. Nietemin, wit liberaliste is in die proses vervreem. Net soos die ANC Jeugliga op daardie stadium, het hulle ook nie gehou van die bande met die Kommuniste nie.[170]

Die nuwe wetgewing het nie net aan die regering bevoegdheid verleen om die Kommunistiese Party tot 'n verbode organisasie te verklaar nie, maar dit het ook ander bevoegdhede gegee. Enige publikasie van die Kommuniste kon verbied word en was vanselfsprekend gemik op publikasies wat die doelstellings van kommunisme bevorder het.[171] Die regering kon verder persone wat hulle verdink het van die bedryf van kommunisme of wat bande met Kommuniste gehad het of kommunisme bevorder het, krimineel aangekla of tot gelyste persone verklaar het. In laasgenoemde geval kon hulle bewegingsvryheid ingeperk word. Hulle kon byvoorbeeld verbied word om sekere beroepe te beoefen of om vergaderings by te woon. Die bedreiging in die land was volgens die regering klaarblyklik hoog genoeg om sodanige wetgewing te regverdig.

Kommunisme was beskou as die ideologie wat ekonomiese, sosiale of politieke verandering teweeg gebring het in sekere lande wat met die spreekwoordelike 'ystergreep' regeer is en waar individuele vryhede vernietig is.[172] Dit is dan juis hierdie bedreigings wat Suid-Afrika in die gesig sou staar indien kommunisme nie teengestaan word nie.
Intussen was ondersteuners van die VP steeds aan die woel om dié party weer aan bewind te kry en om bepaalde optrede van die NP-regering teen te staan. Dit was te midde van die NP wat weer gereken het dat hulle pogings tot politieke rigting daarop gerig was om van Suid-Afrika 'n beter plek te maak vir sy burgery. In die enkele jare van regeer het die NP-regering tot in 1953 nie minder nie as veertien stuks wetgewing afgekondig om uitvoering aan sy rassebeleid te gee.[173] Op hierdie gebied het die regering ook teenstand uit ander kringe gekry.

---

[170] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 77.

[171] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 461.

[172] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 462.

[173] Alistair Boddy-Evans, "Suppression of Communism Act, Act No 44 of 1950," *Apartheid Legislation in South Africa*, 2013. <http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm> (10 Februarie 2013).

Die rassebeleid het wyd geslaan en uiteindelik gevorder tot by die kieserslys waaroor die NP, toe nog in opposisie, 'n duidelike uitspraak gemaak het. Deel van die besluite onderliggend aan die beleid was die verwydering van die bruin stem van die algemene kiesersrol. In 1951 is daar uit die geledere van die liberaliste die sogenaamde Torch Commando gestig is. Hierdie "Commando" het duidelik uitgebeeld hoe die liberaliste of anti-Nasionaliste oor die regering se voorneme om bruin kiesers te ontkieser, gevoel het en dat hulle in teenstand daarvan kragte of vermoëns moes konsolideer.[174] Uiteindelik het hulle saam met die VP en die Arbeidersparty die United Front gestig wat na die 1953-verkiesing op die toneel verskyn het om die liberales te versterk. Nadat hulle van die toneel verdwyn het, het die VP onder eie naam polities voortgegaan.[175]

Stigting van die Torch Commando was onder leiding van 'n Afrikaner, AG Malan – ook bekend as Sailor Malan, 'n vegvliënier en held van die Tweede Wëreldoorlog. Bronne verskil oor die aantal lede van die Commando. Een bron rapporteer tot soveel as 125 000 lede in 1952, terwyl 'n ander bron noem dat die Commando op sy hoogtepunt tot soveel as 250 000 lede gehad het. Die protes teen die regering het meer as vyf jaar geduur. Die Torch Commando het aanvanklik bestaan uit 'n groep oud-soldate, maar het met tyd uitbreiding van diverse lede gehad. Die NP-regering was hoogs bekommerd oor hierdie organisasie wat onder sy lede regters, staatsdienswerkers en militêre personeel gehad. As gevolg van die Commando se weerstand teen regeringsbeleid het die regering alle staatsdienswerkers en militêre personeel verbied om lidmaatskap van die organisasie te hê.[176]

Met hierdie groot ledetal het hulle ook een van die land se grootste betogings organiseer. Al was hulle uiteindelik nie suksesvol om besluite oor die kiesersrol te beïnvloed nie, het minstens afkeur daarvan oor 'n wye basis duidelik oorgedra. Maar, al het hulle in opstand gekom vir die bruinmense se regte, het daar binne die groep die vraag ontstaan of bruin-oudgediendes ook lede sou kon word.[177] Dit was duidelik 'n ooglopende interne verskil wat daarop gewys het dat die opregtheid van die bedoeling van baie lede binne die

---

[174] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 41.

[175] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 306.

[176] "Adolph Gysbert Malan (Sailor)," *Biographies – Special South Africans,* Januarie, 2007. <http://zar.co.za/sailor.htm> (8 Januarie 2013).

[177] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 449.

Commando eintlik maar net nerfdiepte was. Dit kan beskryf word as iets soos: 'solank dit wat ver blyk wel ook net ver bly, dan verdedig ons. Maar, wanneer dit nader staan, stoot ons weg'. Die gevolg hiervan was dat die 'opregtes' en 'onopregtes' nie kon ooreenstem nie. Bydraend hiertoe was ook ander onenigheid wat daartoe gelei het dat die Torch Commando, hoe goed ookal die oorspronklike bedoeling daarvan, na enkele jare tot 'n einde gekom het en in die United Front opgegaan het.

Die United Front het na ooreenkoms tussen die drie bogenoemde partye, na die 1953-verkiesing tot stand gekom. Dit was nadat die VP nie suksesvol in die betrokke verkiesing was nie en hulle ondersteunersgetalle drasties begin daal het.[178] Die hoop was dat die United Front 'n vars bries teen die NP en sy houding/beleid teenoor onder andere bruinmense moes word. Maar, aanduiding was egter dat hierdie 'nuwe' politieke poging nie suksesvol sou wees nie. Die United Front het wel goeie ondersteuning ontvang van kapitaliste, maar helaas was dit, gegewe die atmosfeer wat polities ten gunste van die grootste stemgeregtigde groep vorm begin aanneem het, nie genoeg nie.[179]

Vanaf die ANC het die regering intussen ook meer weerstand begin kry. In 1952 het die regering 'n brief ontvang waarin bepaalde optrede voor 29 Februarie daardie jaar geëis word. Na aanleiding van 'n gesamentlike vergadering tussen ondersteunende organisasies vroeg in 1951 is besluit om sekere eise aan die regering te stel. Hierdie eise, wat in Desember 1951 tydens 'n konferensie van die ANC in Bloemfontein goedgekeur is, is per brief aan die eerste minister kommunikeer. Twee bekende ANC leiers, dr. Moroka en Walter Sisulu was by die opstelling betrokke.

In die brief stel ANC-leiers 'n ultimatum aan die regering om alle diskriminerende wetgewing voor 29 Februarie 1952 te skrap.[180] Swart mense moet toegelaat word om by wyse van direkte verteenwoordiging in die parlement en ook ander wetgewende liggame te dien.[181] As die regering nie sou reageer op hierdie en ander eise, soos die skrapping van sekere wetgewing wat op grond van ras diskriminerend is nie, sal hulle, die ANC en

---

[178] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 41.

[179] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 306.

[180] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 280.

[181] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 461.

ook ander sogenaamd nie-wit mense hulle tot burgerlike ongehoorsaamheid wend.[182,183] Van die betrokke wetgewing wat uitgewys is, was die volgende: Paswette, Groepsgebiedewet, Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, Bantoesake, Aparte Verteenwoordiging van Kieserswet en ook die Verpligte Uitdunningsbeleid van Vee.[184] Dit was dan natuurlik ook geen verrassing dat Malan nie gunstig hierop reageer het nie. Ook nie die stelling dat hierdie wetgewing 'n "stelselmatige uitbuiting van swart mense [is nie]" en dat hulle direkte verteenwoordiging op regeringsvlak eis nie.[185]

Dit kan redelik aanvaar word dat die brief 'n toets van die regering se houding was of die spreekwoordelike 'toets van die water'. Toe dit egter duidelik is dat die eise nie ontmoet gaan word nie, het die ANC voortgegaan met hulle veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid. Hierdie veldtog, wat as die Defiance Campaign bekend geword het, is op 26 Junie 1952 geloods.[186] Enkele punte van Malan se reaksie word in die volgende hoofstuk by verwysing na die Defiance Campaign, genoem.

Die ANC het sy ondersteuners, ander organisasie betrokke by die beplanning van die kampanje en alle vrywilligers gevra om as deel van die program van openbare verset of burgerlike ongehoorsaamheid sekere wetgewing en verbiedinge te ignoreer. 1952 was dan die jaar waarin die regering vir die eerste keer werklik die teenstand begin voel het van dit wat as die sogenaamde "swart gevaar" beskou is. In dieselfde jaar, in reaksie daarop, het die regering twee prominente leiers van die ANC, Walter Sisulu en Albert Luthuli, inhegtenis geneem.[187] Die NP-regering sou nie toegee nie en sou ook nie terugstaan nie.

Die Defiance Campaign het nuwe hoop aan ondersteuners van die VP gegee. Hulle wou nie enige rimpels voor die 1953-verkiesing hê nie, want hulle wou nie enige kanse wat die VP kon hê in die wiele ry nie. Hulle was beïndruk met die beginsels van die Defiance

[182] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press,1962), 28.

[183] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 280 - 282.

[184] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press,1962), 27.

[185] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 461.

[186] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 282

[187] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press,1962), 8.

Campaign en die potensiële gevolge daarvan op die regering. Met ander woorde, hoe slegter die kampanje die regering laat vertoon, hoe gunstiger kan dit vir die VP wees om veld te wen onder bekommerde kiesers of kiesers wat die regering se hantering afwys. Die regering het egter vinnig en doelgerig opgetree en al die bekende hoofleiers arresteer. Soos Pike dit noem: "The South African police acted with great wisdom, arresting only the known communists in the earlier stages of the campaign."[188] Hoe ookal, met die leierskorps uit die weg het die kampanje wat aanvanklik deur duisende ondersteun is, binne agt maande tot stilstand gekom.[189] Van die VP se hoop dat dit die regering by die kiesers in 'n meer negatiewe lig sou plaas het toe nie veel van gekom nie.[190]

'n Verdere ongelukkigheid vir die liberaliste en die VP was dat die NP se kiesersondersteuning inteendeel taamlik gegroei het na die 1953-verkiesing. Die feit dat die regering strenger opgetree het teen die "swart gevaar" en dalk ook die "rooi gevaar", het baie Nasionaliste meer gerus laat voel. Hulle was duidelik beïndruk met hierdie vertoon van kragdadigheid. In 1952 het die regering ook 'n strenger stelsel van instromingsbeheer toegepas en die "kwytskelding van swart professionele mense" onder die sogenaamde Instromingsbeheerwet is opgehef.[191] Maar, soos hierbo genoem, was die verhindering van swart mense om te verstedelik reeds vroeg as 'n mislukking beskou en ervaar.

Die VP het natuurlik die regering in hulle verkiesingsveldtog aangevat oor die onderwerp van ekonomiese segregasie. Hierdie keer het hulle die kleurkwessie bietjie op die agtergrond gehou omdat hulle self in bepaalde opsigte pro-kleurskeiding was.[192] 'n Duidelike benadering tot die kiesers wat natuurlik daarop gemik was om nie die wit kiesers vir die VP, wat nie so liberaal ingestel is nie, af te skrik nie. Dit kan ook as oneerlikheid gesien word. Baie liberale kiesers van die VP was egter verbaas dat die party die kleurkwessie uit hulle verkiesingskampanje gelaat het. Maar, hierdie kiesers kon ook in 1953 nie anders as om vir die VP te stem nie, want dit was die enigste ander party wat die NP die stryd kon aansê.[193]

---

[188] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 283

[189] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 283

[190] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 90.

[191] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 460.

[192] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 95.

[193] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 95.

Ten spyte van die VP se probeerslae en die hoop van sy ondersteuners, het die NP se kieserstal net aanhou groei na die 1948-verkiesing. Daar was verskeie redes hoekom die NP in terme van kieserondersteuning vorentoe bly beweeg het en die VP begin verbrokkel het. Een daarvan was dat die NP na die 1948-verkiesing dadelik planne gemaak het om immigrasie strenger te maak. Die doel daarvan was om sulke getalle drasties te laat daal, sodat daar 'n beter balans kon wees in die getalle van Afrikaans– en Engelssprekendes. Immigrante sou eerder vir die VP stem.[194]

Onder die indruk dat swart mense in saakmakende opsigte beperk sal word, het verstedeliking onder Afrikaners begin gestyg. In Johannesburg het die getalle van Afrikaans skole gegroei en die wit jeug wat stemgeregtig geword het, het ook later 'n rol gespeel in die verowering van stedelike kiesafdelings vir die NP. Die burgery wat die NP ondersteun het, het gehou van hulle party se voorstelle van aparte ontwikkeling en die 'voordele' wat dit en ander vorme van segregasie sou bring. Die feit dat die VP hierdie planne vir uitgebreide en doelgerigte toepassing van segregasie kritiseer het, het Afrikaners meer oortuig dat die regerende party veel meer die toekoms van wit mense wil beveilig en laat groei as dit wat die VP dalk mag doen en waarmee hulle uiteindelik wil eindig. Dit is ongelukkig ook so dat die VP ten opsigte van segregasie maar 'n relatiewe 'arm' beleid voorgestaan het, gegewe hulle eie geskiedenis by die toepassing van rasseskeiding. Hulle bontpratery daaroor was eintlik daarop gemik om ondersteunende kiesers nie te veel af te skrik nie.

Hierdie negatiewe siening van die VP sou vir hulle, soos vroeër aangetoon, 'n ewe negatiewe gevolg by die stembus inhou as, onder andere, 'n nuwe leierskap. Met Strauss aan die stuur ten opsigte van swak leierskap en 'n gebrek aan sterk leiding, was hulle eintlik leierloos. Strauss was nie sterk genoeg om die VP vorentoe te neem nie. Daarby het hulle ook nie regtig 'n beleid gehad wat sodanig sterk genoeg gestaan het om teen die NP standpunt in te neem met 'n goeie of minstens redelike vooruitsig om daarmee 'n verkiesing te wen nie.[195] Soos argumenteer, al het die VP meer liberale beskouings as die NP gehad, was die party in vele ander opsigte, byvoorbeeld segregasie, die

[194] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 304.

[195] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 305.

paternalistiese benadering van swart mense en die toepassing van paswetgewing, nie fundamenteel anders as die NP nie.

In die verkiesing van 1953 het die NP-regering, soos hierbo genoem is, die verkiesing op 'n meer behoorlike wyse gewen. Die NP het 94 behaal teenoor die VP se 57.[196] Na die oorwinning het die NP dadelik aan die werk begin spring om met beleidsontwikkeling voort te gaan. Malan het in dieselfde jaar 'n sterk aanval op die liberale opposisie geloods.[197] Hy het die liberale groepe veroordeel wat geglo het in gelykheid van die rasse. Volgens Malan sou sulke gelykheid die bestaan van die blanke ras in Suid-Afrika verwoes.[198]

As deel van die beleid van die NP moes onderwys aan swart mense vanselfsprekend ook weer onder die soeklig kom en kon die NP se beleid en benadering daaroor in die toepaslike tydperk, 1950 tot 1953, nie bygedra het tot harmonieuse samesyn onder die verskillende bevolkingsgroepe nie. Dit is belangrik om as vertrekpunt by swart onderwys na opmerkings in hierdie verband te verwys. Onteenseglik was die NP-regering se fundamentele beskouing van bruin en swart onderwys noodwendig in lyn met sy beleid van segregasie en om die praktyk daarvan te beskerm. Hierdie beskouing het noodwendig ook 'n direkte invloed op die ontwikkeling daarvan gehad.

Teen die agtergrond van die verwydering van die bruin en swart stem van die kiersersrol, om te verseker dat dit nie bydra tot die opponerende VP om die NP by die stembus opdraande te gee nie of 'n politieke aanspraak uit swart bevolking te laat ontwikkel nie, maak 'n waarskuwing van J.G. Strijdom aan D.F. Malan ook sin. Interessant genoeg is dit baie onderliggend aan die argument van Malan hierbo. In September 1946 het Strijdom, as leier van die Nasionale Party in Transvaal, hom sterk uitgelaat oor hoe negatief opgevoede bruin en swart mense die Afrikaner nasionalisme kon raak. Hy was uitgesproke dat dit vir die NP onmoontlik sou wees om die kleurskeidslyn binne 'n stelsel van goeie opvoeding te kon handhaaf. Pogings om dit te doen en die verwagtinge wat opgeleide mense kon hê, sou volgens hom "noodwendig op bloedige botsings en rewolusies" uitloop.[199]

---

[196] F.A. Van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Johannesburg Tweede Uitgawe: Perskor Uitgewery,1976), 306.

[197] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 129.

[198] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 130.

[199] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 456.

Giliomee rapporteer ook dat meer as 90% van swart onderwys in 1948 in kerke en sendingstasies gesetel was. Teen 1952 het nie meer as 3% van swart kinders verder as laerskoolvlak gevorder nie. In 1937 was daar ook slegs vier hoërskole vir bruin mense en 182 het 'n matrieksertifikaat gehou, teenoor die bykans 8500 swartes in 1952. Onder hierdie omstandighede is predikante ook deur Strijdom verwyt vir hulle gewaande 'wedywering' onder mekaar in die verskillende kerkgenootskappe oor wie van hulle dan nou aan die "meeste klein kaffertjies skoolopleiding" kan bied.[200]

Die denke oor die NP se benadering tot swart onderwys was duidelik in die vooraf jare reeds vasgelê toe Verwoerd in 1954 van mening was dat dit nutteloos vir swart kinders is om Wiskunde op skool te leer, omdat hulle dit as gevolg van die tipe werk wat hulle sal doen nie nodig sal hê nie.[201] Al het skole voortgegaan om dit aan te bied en al was skole se leerplanne toe, volgens kenners, "grotendeels" dieselfde as dié van wit skole, was die opmerking van Verwoerd vanselfsprekend jammer, maar ook 'n aanduiding van dit wat met die beleid beoog is. Deels was die onderwys van swartmense oor daardie tyd dus nie heeltemal op die vlak van wit onderwys nie, maar ook belangrik was dat dieselfde omvang van onderwys vir swartmense is met sulke opmerkings as onnodig gesien is. Met ander woorde, die strewe vir gelyke onderwys was nie noodwendig nie, aangesien die aanwending daarvan beperk sal wees.

Oor die oorweging van staatsbeheer oor swart onderwys het die regering in 1949 'n kommissie van ondersoek aangestel. In die verslag is daar geen verwysing na "rasse-minderwaardigheid" gemaak nie en die swart kultuur, gebruike, geskiedenis ensovoorts is in aggeneem by aanbevelings, soos byvoorbeeld moedertaalonderrig op laerskoolvlak. Dit is later ook na hoërskoolvlak uitgebrei. Van verdere belang egter is die politieke beskouing van Verwoerd wat natuurlik in lyn met die NP se beskouing daardie tyd was. Kortliks kom sy siening as minister daarop neer dat 'Bantoe-onderwys' in geheel op swartmense self binne hul gebiede en tot diens van hulself gerig moes wees. Binne daardie gemeenskap "staan die deure oop". Daar is bokant 'n sekere vlak van opleiding nie vir die swartmens plek op die arbeidsterrein binne wit gebiede nie. Die implikasie daarvan is natuurlik dat 'n behoorlike opvoeding van swartmense daarom nie regtig die moeite werd is nie, want hulle gaan dit nie noodwendig in eie gebiede nodig hê nie en in wit gebiede gaan hulle nie

[200] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 455,456.

[201] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 457.

toegelaat word om dit te gebruik nie. Behalwe daar waar onderwys en ander dienste aan swartmense deur swartmense binne stedelike gebiede gelewer word.[202] Vir die regering was hierdie moontlikheid oor stedelike gebiede natuurlik 'n afwysende gedagte, aangesien tuisland-ontwikkeling eerder 'n prioriteit moes word.

Met die NP se 'edel' voorneme, volgens hulle beskouing, van ontwikkeling vir swartmense wat swart gerig moet wees in eie ontwikkeling, was voornemens of verklarings in hierdie verband eintlik leeg en niks anders as 'n rookskerm om Suid-Afrika volgens rasselyne- of indelings te regeer nie. Die vraag kan gevra word hoe hierdie voorneme ooit regtig in praktyk natuurlik en onbevange sou kon ontwikkel?

Dit moet ingedagte gehou word dat die regering selfs wetgewing, die Wet op Swart Owerhede,[203] ingestel het waarvolgens die persoon van die stamkaptein, met ander woorde die stamkaptein self, statutêr sogenaamd tot 'voordeel' van 'natuurlike inheemse demokrasie', bepaal is. Die regering het dus besluit oor die wie. Dan, belangrik, ingevolge dieselfde wetgewing kon die regering op enige stadium van beweerde 'moeilikheidmakers' ontslae raak. Vanselfsprekend sou dit stamhoofde wees wat die segregasiebeleid van die regering sou kon benadeel het of diegene te behou wat dit sou bevoordeel.[204] Gedagtes oor daardie "eie ontwikkeling" in 'n 'eie omgewing' en hoe beperkend of onbevange dit sou wees, het onwillikeurig 'n invloed op die spektrum van die sosiale-maatskaplike terrein, wat onderwys insluit.

Elk van die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het 'n departement van onderwys gehad. Die NP-regering het in 1953 wetgewing ten opsigte van swart onderwys, die Wet op Bantoe-onderwys, aanvaar.[205] Ingevolge hierdie wet is swart onderwys onder beheer van die Departement van Naturelle Sake geplaas.[206] Ter ondersteuning van die gevolgtrekking dat swart onderwys wel so bestuur moes word om tot voordeel van die binnelandse beleid te

---

[202] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 456, 457.

[203] Alistair Boddy-Evans, "Bantu Authorities Act, Act No 68 of 1951," *Apartheid Legislation in South Africa*, 2013. <http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm> (10 Februarie 2013).

[204] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 63.

[205] Alistair Boddy-Evans, "Bantu Education Act, Act No 47 of 1953," *Apartheid Legislation in South Africa*, 2013. <http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm> (10 Februarie 2013).

[206] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 130.

wees, verwys Engelbrecht[207] in sy doktorale proefskrif na die volgende opmerking van Verwoerd: "Native education should be controlled in such a way that it should be in accord with the policy of the state... If the native in South Africa today...is taught to expect that he (sic) will live his adult life under a policy of equal rights, he is making a big mistake... There is no place for him in the European community above the level of certain forms of labour."

Engelbrecht gaan op bogenoemde punt verder en verwys ook na die ongelyke befondsing. Om gevolg te gee aan die bedoeling om nie swart en wit onderwys op dieselfde vlak te plaas nie, het die regering gewoon nie swart onderwys op dieselfde basis as wit onderwys befonds nie. Die verhouding tussen leerder en onderwyser was ook nie dieselfde nie. Daarby was swart onderwysers oor die algemeen ook nie op dieselfde vlak opgelei as wit onderwysers nie. Daar was dus 'n algehele ongelykheid om hoegenaamd van gelyke geleenthede op skoolvlak te praat.

Om ongelykheid te skep en andere in die proses te benadeel is waarskynlik om 'n resep te ontwikkel ingevolge waarvan die praktyk en die geskiedenis so 'n beleid as benadelend, onbillik en gewoon verkeerd sal uitwys. Dit is wat uiteindelik ook met die NP se beleid gebeur het. Die geskiedenis het die beleid as 'n kortsigtige benadeling van geslagte mense uitgewys. Hulle onderwys het volgens Engelbrecht se verwysing minstens drie nadelige gevolge gehad:

- "die geloofwaardigheid van hierdie onderwys word bevraagteken...;
- die relevantheid van die kurrikula is bevraagteken; en
- die wyse en ontwikkeling van hierdie onderwys is bevraagteken".[208]

Natuurlik was swart mense hoegenaamd nie tevrede met die aanbod van hierdie tipe onderwys nie. Hulle het dit gesien as opleiding om onderdanig te bly en ontoepaslik te

[207] Gawie Stoltz Engelbrecht. "Riglyne vir 'n Akademiese Ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe" (Ph.D diss., Technikon Pretoria, 1999), 78-79. <http://upetd.up.ac.za/thesis/submitted/etd-01242007-104337/unrestricted/03chapter3.pdf> (18 Januarie 2013).

[208] Gawie Stoltz Engelbrecht. "Riglyne vir 'n Akademiese Ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe" (Ph.D diss., Technikon Pretoria, 1999), 80. <http://upetd.up.ac.za/thesis/submitted/etd-01242007-104337/unrestricted/03chapter3.pdf> (18 Januarie 2013).

wees tot hulle "ervaring" en ander "realiteite".[209] Dit maak natuurlik goeie sin oor waarom daar uit die geledere van swart mense ongelukkigheid was oor die opmerkings van Verwoerd, soos genoem en die uiteindelike praktiese instelling van 'Bantoe-onderwys'. Die party wat daarna gestreef het om 'n situasie te skep van onopgeleides wat nie die regering se beleide en ander diskriminasie sou uitdaag nie, was uitgelewer om later jare nog deur die swart gemeenskap verras te word.

In hierdie verband was praktyk uiteindelik goeie voorbeeld waar die ANC verskeie leiers met goeie opvoeding gelewer het. Dit was egter, soos die statistiek hierbo toon, eerder uitskieters en nie die gemiddeld nie. Dit was juis daardie middelmatigheid wat onaanvaarbaar was en groterwordende teenstand uitgelok het. 'n Groeiende besef onder opgevoedes van diskriminerende en onbillike stelsel gegrond op ras. Presies oor hierdie ontwaking en bewustheid wat met opvoeding gepaardgaan, het Strijdom gewaarsku dat dit 'n bedreiging vir die binnelandse beleid van die party sou inhou. Opvolgende NP-regerings sou hierdeur getref word.

In plaas daarvan om eerder met 'n aanpassing in beleid te kom, is gepoog om die aandrang op billikheid, wat as 'n bedreiging gesien en later wel 'n geweldsbedreiging sou word, op verskillende maniere af te weer. Daarom het die regering dit voortdurend nodig gevind om deur allerlei wetgewing hulle beleid van segregasie te beskerm, selfs op die terrein van die skool. As amptelike opposisie het die VP op daardie stadium hierdie rigting en optrede van die regering teengestaan en dit tereg duidelik gemaak dat die basiese grondslag van onderwys dieselfde moet wees vir al die rasse.[210] As gevolg van 'n sterker posisie by die stembus na die 1953-verkiesing, het die NP se posisie as party egter verstewig. Dit, terwyl posisie van die VP as amptelike opposisie verswak het. Die uitwerking van so 'n beroep was dus gedoem.

Teen die einde van 1953 was Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog verby. Die 'goeie' verhouding met Amerika was steeds in plek. Met geen behoorlike opponerende uitdaging binne die wit politiek nie en 'n ontoeganklikheid van nie-wit tot daardie politieke sfeer, het die NP die skeiding tussen wit en swart meer definitief volgens die beleid van

[209] Gawie Stoltz Engelbrecht. "Riglyne vir 'n Akademiese Ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe" (Ph.D diss., Technikon Pretoria, 1999), 80 .http://upetd.up.ac.za/thesis/submitted/etd-01242007-104337/unrestricted/03chapter3.pdf (18 Januarie 2013).

[210] Janet Robertson, *Liberalism in South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 131.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

segregasie. Uiteindelik is dit in so ‘n mate verbreed dat dit na byna alle lewensfere uitgebrei is en uiteindelik as apartheid bekend geword het.

Te midde hiervan was die binnelandse omstandighede besig om toenemend meer gespanne te raak. Internasionaal het ander lande op politieke vlak toenemend negatiewe standpunt teen Suid-Afrika jeens sy binnelandse beleid ingeneem. Binnelands het swart organisasies wat billike burgerregte opgeeis het ook sterker in weerstand begin staan. Hierdie organisasies, met die ANC as die belangrikste en dus as die voorpunt, en die regering het gaandeweg teenoor mekaar begin stelling inneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. SWART POLITIEK
African National Congress (ANC)
en die
Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)

Dit is gemeensaak dat die African National Congress (ANC) die oudste swart politieke organisasie in die hoofstroom van politiek in Suid-Afrika is en by verre ook sedert stigting die belangrikste.

Na die ontbanning van die ANC en ander verbode organisasies op 2 Februarie 1990, en met die aanvang van politieke onderhandelinge vir ‘n oorgang na ‘n volle demokrasie, waarby ‘n onderhandelde en ooreengekome Grondwet vir Suid-Afrika en ‘n voorgenome veelparty demokratiese verkiesing ingesluit is, het die ANC deel van die hoofstroom politiek in die land geword. Sedert 1994 het dit ook deel van parlementêre politiek geword toe dit as ‘n verkose regering sitting in die parlement opgeneem het. Maar, sedert stigting, waarna hieronder verwys word, tot met ontbanning en die opvolgende onderhandelinge was die politieke landskap in Suid-Afrika, soos in die voorafgaande hoofstuk beskryf is, sodanig dat die ANC noodgedwonge tot buite-parlementêre politiek beperk was. Dit was vir knap meer as drie dekades binnelands ‘n verbode verklaarde oftewel onwettige organisasie.

‘n Veeltal faktore het bepaalde omstandighede geskep waarvolgens daar binne gemeenskappe klasse- en uiteindelik rassediskriminasie ontwikkel het. Meeste van die verbandhoudende redes en omstandighede het reeds voor die stigting van die ANC ontwikkel. Alhoewel dit dus buite die trefwydte van die verslagtydperk, 1950-1953, van hierdie studie val sal dit dit egter ‘n leemte wees om nie minstens sommige van die oorsake te noem wat sodanige organisasie in die denke van die stigterslede genoodsaak het nie. Oor tyd het die faktore wat hieronder genoem word individueel en kollektief hierdie tipe diskriminerende denke en omstandighede help vorm. Uiteindelik het dit meegehelp om die onstaan en bestaan van ‘n regte- en belange-organisasie, soos die ANC, te ‘noodsaak’:

- die algemene verwagting en afdwing van onderdanigheid wat uit die tydperk van slawerny[211] en uit die persepsie van 'n verhewe status van wit-Europeërs oor mense van kleur uit die koloniale tyd gespruit het;[212]
- die klasse- en latere rasseonderskeid in die gemeenskap het reeds in die koloniale tyd begin en is nie net binne gemeenskappe en op owerheidsvlak toegepas nie,[213] maar na Unie-wording het opvolgende regerings van die VP en veral die NP, soos in die voorafgaande hoofstuk aangetoon is, statutêr meer en sterker diskriminerende praktyke geskep, soos die inperking van die vryheid van beweging, van werk, van woon ens.;
- die aanvanklike reg tot koop en verkoop van grond deur bruin- en swartmense in die Kaap het daar en in die res van 'wit' Suid-Afrika van problematies tot 'n verbod verswak en om 'n stryd gevra;[214]
- om die bedreiging van stemreg vir swart- en bruinmense in die Kaap af te weer en om stemreg ook in die res van Suid-Afrika te verkry.[215]
- Pogings om algemene sinvolle politieke en administratiewe deelname te kry is afgewys en moes vanselfsprekend tot teenstand lei;[216]
- vrees onder baie wit politici om deur die swart meerderheid van die sogenaamde "inferior race" verswelg te word en dus die sluiting van die politieke speelveld vir mense wat nie wit was nie;[217] en
- die duidelik verklaarde strewe van opvolgende wit regerings, hetsy die VP of die NP, om binne die benadering van paternalisme en uiteindelik binne die verklaarde doelwit van afsonderlike ontwikkeling slegs 'n wit regering in (wit) Suid-Afrika te hê.[218]

Binne hierdie omstandighede en op grond van hierdie redes het 'n groep vooraanstaande swartmense enersyds die toenemende negatief veranderende houding en praktyk uit die

---

[211] Lance, Selfa, "Slavery and the origins of racism." *International Socialist Review Issue* 26, (November-December 2002). <http://www.isreview.org/issues/26/roots_of_racism.shtml> (29 Januarie 2013).

[212] J.Rank," Africa: German Colonies -Colonial Administration, Africa Revolts, Racial Purity, Voices Of Concern, Economic And Social Development," *Online Encyclopedia*, <http://encyclopedia.jrank.org/articles/pages/5926/Africa-German-Colonies.html> (29 Januarie 2013).

[213] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 39.

[214] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 259 - 261 & 454.

[215] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 449.

[216] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 461.

[217] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 257.

[218] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 257 - 258.

wit gemeenskap en vanaf die regering teenoor die breë swart gemeenskap identifiseer. Andersyds, daar het 'n vanselfsprekende strewe in die hart en verstand van daardie mense vir menswaardige behandeling van hulle mense oor tyd ontwikkel en 'n punt bereik waar die spreekwoordelike 'streep in die sand' getrek is. Die voorlopers was denkende mense wat tersiêre opvoeding in Europa, Engeland en ook Amerika ontvang het. Binne 'n gemeenskap van benadeeldes het hulle namens die swart gemeenskap leiding geneem om met groter eenheid en op 'n georganiseerde wyse standpunt in te neem en teenstand te organiseer. Vir dié doel moes 'n organisasie gestig word wat daarvoor geskik sou wees.

By die stigting van 'n organisasie het veral twee persone na vore gekom, naamlik Pixley ka Isaka Seme en Solomon T. Plaatje. Volgens hulle het swartmense se belange agterweë gebly met die vorming van die Unie van Suid-Afrika onder Groot Brittanje. Hulle fokus was nie op daardie stadium politieke oorname nie. Dit het meer oor 'n besorgdheid van 'n sinvolle politieke deelname en oor die sosio-ekonomiese welstand van swartmense gehandel.[219]

Opvolgend is die South African Native National Congress (SANNC) in 1912 in Bloemfontein in die Vrystaat gestig.[220] Die SANNC het in 1923, in terme van 'n besluit tot naamsverandering, oorgegaan om die ANC te word en sou voortaan as sodanig bekend staan.[221] Soos in die geval van die SAKP, is die ANC meer in die volksmond bekend en daar sal dus voortaan as sodanig daarna verwys word.

Nadat die ANC as 'voertuig' gestig is waarmee beoog is om vir swartmense in hulle verskillende sosiale vlakke 'n beter en meer regverdige politieke en sosio-ekonomiese bedeling te probeer bewerkstellig, het van die ander rassegroepe binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap ook begin om hulself binne groepsverband vir dieselfde doel te posisioneer en betrokke te raak. Soos genoem in die voorafgaande hoofstuk, het onder andere die Transvaal Indian Congress (TIC), die Cape Indian Congress en ook die African People's Organisation (APO), wat op verskillende stadia tot stand gekom het, tot hierdie weerstand teen diskriminasie begin toetree. Die Natal Indian Congress (NIC) het toe reeds

---

[219] Morgan Norval, *Inside tha ANC: The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press,1990), 2.

[220] Willie Esterhuyse & Philip Nel, *Die ANC* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 1990), 9.

[221] Mueni Wa Muiu, *The Pitfalls of Liberal Democracy and Late Nationalism in South Africa* (New York: Palgrave MacMillan, 2008), 38.

bestaan. Dan, natuurlik was daar ook die toetrede van die South African Indian Congress (SAIC), as 'n sambreel oganisasie vir Indiër-organisasies. Die SAIC het juis vroeg in die twintigste eeu as gevolg van die bestaan van die verskillende Indiër-organisasies ontstaan.[222]

Op sig was die ANC as 'n potensiële massa-organisasie die ideale voertuig om die belange van die benadeeldes te hanteer. In haar werk oor die politiek van klas, ras en etnisiteit van die ANC en Oliver Tambo, verwys Callinicos na Erik Wright se beskouing van 'n klasse-alliansie en 'n multi-klas beweging. 'n Duidelike skeiding word tussen die twee aangedui. Daarvolgens word die klasseverskille in 'n klasse-alliansie openlik erken en onderhandel. Dit is dus 'n enkelvoudige situasie wat soortgelykes betrek. By 'n veelvoud of 'n reeks van klasse word dit binne 'n multi-klas beweging bymekaar gebring en hanteer. In so 'n geval is dit meervoudig wanneer die middelstand, werkersklas en kleinboer of plattelanders bymekaar kom om gesamentlik teen 'n gemeenskaplike vyand te staan. Volgens Callinicos was die ANC van meet af so 'n multi-klas beweging. Tereg so, gaan sy verder en argumenteer dat ANC meer as net 'n multi-klas beweging is. Volgens haar is die ANC ook 'n veelrassige of dan 'n nie-rassige organisasie.[223]

Die laaste stelling moet kwalifiseer word. Soos hieronder sal blyk, was die ANC aanvanklik 'n rasgedrewe organisasie wat nie net die verbetering van die sosio-ekonomiese situasie van swartmense as doelwit gestel het nie, maar die lidmaatskap van die organisasie en leierskap was swartmense.

Die oorsigverslag van Callinicos was in 1999 opgestel. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat dit handel oor die vraagstuk van ras, etnisiteit en klasse-verskille van 'n 1970-ANC in ballingskap. Reeds toe was die ANC, wat sy benadering tot ras betref, 'n 'ander' organisasie gewees. Van 'n aanvanklike rasgerigte organisasie, het dit 'n organisasie geword wat nie net verwagting van 'n "multi-klas beweging" voldoen het nie, maar wat inderdaad ook 'n "veelrassige of nie-rassige" organisasie geword het.

---

[222] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 237.

[223] Luli Callinicos, "Olivier Tambo and the Politics of Class, Race and Ethnicity in the African National Congress of South Africa," *African Sociological Review* 3 (1) (1999):130, <www.ajol.info/index.php/asr/article/download/23160/30778> (4 Februarie 2013).

In verband met laasgenoemde het dit 'n organisasie geword wat in die beskrywing van Oliver Tambo, indertyd die president van die ANC, almal verwelkom het wat teen die wit-regering gekant was en hulself as die swart opposisie gesien het. Ook dat hulle almal op die een of ander wyse die slagoffers van wit rassisme was. Oor witmense, wat redelikerwys ook vir enige van die ander rassegroepe in die land kan geld, het sy die volgende gesê: "As for whites in the struggle, 'as a group they are no force. They are individuals who have chosen their places on the side of the Blacks in the black vs White conflict. While they were not 'black' in colour, in so far as we represent the struggle as assuming a black vs White character, then they are part of the blacks. The distinction I would make is that a white man must identify completely, to a degree which makes his skin colour irrelevant."[224]

Hierdie verwelkoming het ook later die SAKP ingesluit. Alhoewel die pakket van oogmerke van die SAKP nie noodwendig dieselfde as dié ander genoemde organisasies, veral die ANC, was nie, was die party se ontstaan en toetrede tot die stryd van die ANC en ander ondersteunende organisasies van belang en sal hieronder na verwys word. Uitgesonderd die SAKP, het hierdie organisasies en die ANC, juis as gevolg van hulle meestal gemeenskaplike doel, ook dikwels in hulle weerstand teen die beleid van rassediskriminasie van die regering saamgewerk. Aanvanklik was dit teen die VP-regering en afwisselend die NP-regering, vir die twee keer wat hulle voor 1948 aan bewind was. Maar, in later jare was dit vanselfsprekend teen die NP-regering, soos dit toe was, tydens hulle bewindsjare vanaf 1948.

Samewerking tussen die SAKP met die ANC was egter grootliks om verskillende redes. Daarom, afgesien van latere verwysings na die ander organisasies, soos die SAIC, word daar, vir doeleindes van hierdie studie, meer gefokus op die verhouding tussen die ANC en die SAKP. Soos die geskiedenis leer was die ondersteunende en samewerkende verhouding tussen hierdie twee organisasies van besondere belang vir die toneel van swart politiek in Suid-Afrika en sal verklaar waarom die SAKP in besonder in hierdie gedeelte van die bespreking betrek word.

---

[224] Luli Callinicos, "Olivier Tambo and the Politics of Class, Race and Ethnicity in the African National Congress of South Africa," *African Sociological Review* 3 (1) (1999):132, <www.ajol.info/index.php/asr/article/download/23160/30778> (4 Februarie 2013).

Dié twee organisasies was aanvanklik nie soos algemeen geglo of persepsueel aanvaar is na aan mekaar nie. Nie net was die stigting van die SAKP voorafgegaan deur verskillende stadia van ontwikkeling nie, soos in hoofstuk 2 aangetoon is, maar uiteindelik het die ontwikkeling van ‘n verhouding tussen die SAKP en die ANC ook deur verskillende stadia gegaan, soos opsommend hier aangetoon sal word.

Dit is interessant om daarop te let dat die spreekwoordelike ware ‘onderrok’ oor kleurblindheid, of in hierdie geval eerder kleurbewustheid, van ‘n veronderstelde liberale party soos die Labour Party (LP), waar die eerste boustene van die Kommunistiese Party gelê is, reeds vroeg in die 1900’s na vore getree het. Tydens ‘n periode waar groot arbeidstekorte aan die Randse myne ondervind is, is besluit om Chinese as arbeiders in te voer. Uiteindelik is ‘n program vir die invoer van sulke werkers inwerking gestel. Na verskeie voorvalle van misdadigheid deur en onder Chinese arbeiders, het die LP sterk standpunt ingeneem ten gunste van wit arbeid en die beskerming daarvan. Witmense moes volgens hulle superieur wees binne ‘n beleid van sterk werkreservering vir geskoolde en half-geskoolde wit arbeid.[225]

Alhoewel die LP dit in later jare ten doel gestel het om die kwessie van wit en swart op gelyke voet te hanteer, was dit juis hierdie aanvanklike beskouing van ras en verdeeldheid daaroor wat later ‘n belangrike faktor was. Soos in hoofstuk 2 na verwys is, het rassevooroordeel in die SAKP uitgeslaan. Aangesien die LP dan ook uiteindelik ‘n voedingsbron vir die Kommunistiese Party was, was dit dan ook juis daardie oordraging van rassisme en verdeeldheid wat later ‘n sterk aanwesigheid by die Kommunistiese Party getoon het. Dit kan argumenteer word dat hierdie oordrag van rassisme ‘n tipe genetiese oordrag was. In die opsig van ‘n rassebeskouing of ‘n rassegerigtheid was daar aanvanklik geen verskil tussen die SAKP en die ANC nie. Die een was wit-gerig en die ander swart-gerig.

Die ANC is bykans ‘n dekade voor die SAKP gestig. Tussen die twee organisasies het die gronde vir stigting en die stigtingslyne heeltemal anders verloop. Anders as met die Kommunistiese Party, het die ANC, behalwe vir ‘n gedeeltelike verandering in die naam, as dieselfde organisasie sedert stigting bly voortbestaan.

[225] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 73.

Die eerste formele kontak tussen die ISL, as oorgangsorganisasie tussen die LP en die Kommunistiese Party, en die ANC was tydens die stigting van eersgenoemde in 1916. Twee ANC-lede was genooi om op die verhoog sitplek in te neem. In die onmiddellike tyd na stigting was die ISL onsuksesvol om swartmense te betrek. Die ISL se beleid om swartmense as deel van die "werkersklas" te behandel, het hier ook tot groot ongeloof van sommige voormalige LP-kollegas en die skok van bestaandes gelei. Nieteenstaande, dit het die kleursamestelling van die ISL begin verander. Meer en meer swartmense is oor tyd gelok. Uiteindelik het omstandighede ook sodanig ontwikkel dat die redakteur van die ANC se eertydse dagblad, Abantu-Batho ("Our People"), 'n byeenkoms van die ISL in Johannesburg toegespreek het.[226]

Die eerste samewerking tussen die ISL en die ANC was met die stigting van 'n werkersgerigte organisasie genaamd Industrial Workers of Africa (IWA), waarby onder andere ook die APO, hierbo na verwys, as organisasie vir bruinmense, betrokke geraak het. Werkers wat by die IWA aangesluit het was deur die verteenwoordiger van die APO aangemoedig om vir hulle self op te staan. Verder, moes hulle die weg volg wat die Bolsjewiste in die 1917-rewolusie in Rusland gevolg het.[227] Dit is duidelik dat beïnvloeding deur die sosialisties gerigte ISL reeds op die die APO afgevryf het. Betrokkenheid op die arbeidsterrein by die stigting van vakbonde deur die ISL, so kort na stigting, was baie meer kragdadig as dié van die ANC wat reeds enkele jare ouer was.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die voorbeeld van samewerking op die 'IWA-projek' voor stigting van die Kommunistiese Party was. Later, met die oorgang na 'n Kommunistiese Party was die verskille tussen die twee organisasies, die ANC en die SAKP, groot genoeg om van 'n 'afstand' tussen die twee te praat. Hierdie verskille wat meer breedvoerig in hoofstuk 2 na verwys word, opsommend hoofsaaklik in die volgende geleë:

- eerstens, die SAKP was besig met die bevordering van hulle beleid van sosiale-sosialisme binne 'n groter groep van Kommunistiese Partye internasionaal wat weer binne die breë voorskrifte en beleid van die oorkoepelende Komintern opgetree het;
- tweedens, die SAKP was volgens aanduiding binne hierdie beleid aanvanklik sterk daarop ingestel om dit op 'n rassistiese wyse uit te voer. 'n Sosialistiese Suid-Afrika

[226] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press, 1985), 86.

[227] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press, 1985), 86.

met witmense aan die stuur was die doelwit. Teenoorgesteld van 'n wit apartheid-Suid-Afrika sou hier dan van 'n wit sosialistiese-Suid-Afrika gepraat kon word; en
- derdens was die SAKP van die begin af baie meer gerig op daadwerklike optrede wat meer rewolusionêr van aard was.

Gedurende die jare in aanloop tot en gedurende die verslagtyd van hierdie studie was die ANC ook verdeel wat die rasse- en klassebeskouing betref. Hieroor was die vraag tweeledig. Enersyds, of die organisasie rasgerig was en swartmense sonder die hulp van witmense moes voortgaan of andersyds, was dit klasgerig en het dit hoofsaaklik om die werkers gegaan?

Dit was veral die Congress Youth League (Jeugliga), wat sedert stigting in 1944, hulle posisie en benadering op swartmense gerig het.[228] Hoe ookal, binne hierdie aanvanklike rassisme en interne verskille oor ras en klas was daar binne die ANC ook 'n verdeeldheid oor die kommunisme. Aan die een kant was daar die verwerping van die leerstellings van kommunisme, terwyl die aanvaarding van die Kommuniste as medestryders teen 'n onregverdige bedeling aan die ander kant gestaan het.[229] Die praktiese gevolg hiervan was dat daar aan die beginjare nie enige of minstens enige noemenswaardige samewerking tussen die ANC en die SAKP was nie. Kontak was daar wel op 'n relatiewe vroeë stadium toe enkele individuele lede van die ANC ook lede van die SAKP was. Op senior vlak was E.J. (Eddie) Khaile, wat lid van die SAKP se Sentrale Komitee was, tot algemene-sekretaris van die ANC verkies.[230] In later jare het daar wel 'n nouer verbintenis tussen die ANC en SAKP ontwikkel nadat 'n nouer samewerkende alliansie tot stand gekom het. Sommige lede van die ANC was ook binne die SAKP opgeneem en *vice versa*.

Binne die konteks van die argumente hierbo is dit belangrik om op hierdie stadium die volgende opmerking te maak: daar is geen gronde waarop argumenteer kan word dat die een organisasie gestig is om die ander te dien nie. Inteendeel, elkeen van hierdie organisasies is gestig volgens 'n eie behoefte en op die wyse soos hierbo aangetoon is.

---

[228] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 403.

[229] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 239.

[230] Louis Hendrik Watermeyer, "'n Veiligheidsanalise van Plaasaanvalle in die RSA, 1997 tot 2003" (Masters diss., Universiteit van Pretoria, 2005), 25. <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-10172005-143120/unrestricted/00dissertation.pdf> (6 Februarie 2013).

Om iemand wat in die vyftigerjare, en vir jare daarna, polities met die regering verskil het 'n Kommunis te noem, was natuurlik nie ongewoon nie. So is daar baie dikwels verkeerdelik en dus onbillik, soos ook in die later jare van apartheid, sondermeer na 'n lid of ondersteuner van die ANC as 'n Kommunis verwys. So asof dit vanselfsprekend was.

Die aankondiging van die VP-regering in 1942 oor die meer toegeeflike beleid ten opsigte maatskaplike dienste deur die staat en die vergrote begroting aan onderwys en opleiding aan swartmense, losgemaak van die siening van finansiering op grond van direkte belastings, ens., het hoop gebring. Laerskool was gratis en die staat se bydrae tot onderwys op hoërskoolvlak het dramaties gestyg. Alhoewel dit in kontras was met die 1941-wetgewing wat werkgewers gedwing het om aparte geriewe aan verskillende rassegroepe te verskaf, die swart/wit verdeling van strande begin het, asook ook die skep van woonbuurte vir bruinmense, het die hoop tog opgevlam. Swart studente kon aan sekere wit universiteite in die medisyne en die sosiale wetenskappe gaan studeer. Die gevolg was dat swartmense geglo het dat hulle in die na-oorlogse Suid-Afrika in 'n gunstiger posisie sal wees wat verdere toegeeflike regeringsbeleid betref. Die ANC het 'n dokument onder die titel "The Atlantic Charter and African Claims" opgestel en by sy 1943-konferensie uitgegee. Alhoewel volle burgerskap en direkte politieke verteenwoordiging daarin geëis is, het die leierskap besluit om aksies effektief gedurende die oorlog te staak of minstens af te skaal.[231]

Met die VP se dubbelspoor rassebeleid sou dit vanselfsprekend moeilik wees om die opregtheid en permanensie van hulle aankondings te beoordeel. Giliomee stel hierdie benadering van die regering soos volg: "Die een spoor het politieke en maatskaplike segregasie beklemtoon, maar die ander het die behoeftes van die oorlogsekonomie en die gepaardgaande groot vraag na swart arbeid as 'n prioriteit beskou."[232] Uiteindelik was daardie aankondiging van toegeeflikheid dus van korte duur. Dit was vir die tyd, vir die behoefte en met klaarblyklik geen opregte bedoeling om toe werklik met 'n ommekeer te begin om Suid-Afrika polities te verander nie. Soos duidelik ook blyk uit die vrees vir verwerping by die stembus oppad na die 1948-verkiesing, volgens opmerkings van die VP-leierskap, in besonder Smuts.[233]

---

[231] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 400, 403 & 404.

[232] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 400 & 401.

[233] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 404.

Gevolglik het die regering na die oorlog, teen 1946, voortgewoel en verskeie rasgerigte wetgewing ingevoer. Soos in hoofstuk 3 genoem is, het die "VP stukkie vir stukkie ook ander wetgewing [op] die wetboek geplaas waarvan die NP gebruik kon maak om hul beleid van apartheid toe te pas...", wat inderdaad ook later op hierdie fondamente voortgegaan het. Die VP-regering het verskeie beperkinge op verskillende rassegroepe geplaas, onder andere:

- die koop van eiendom in die 'blanke gebiede' deur Indiërs is gestop. Wetgewing is ingestel om afsonderlike Indiër- en witgebiede te skep;
- verdere politieke ingenieursprojekte vir politieke verteenwoordiging vir die verskillende rassegroepe is bedink. Dit het aansluiting by die 1936-wetgewing gevind wat 'n Verteenwoordigende Naturelleraad (VNR) ingestel het. Die Indiërs en Bruinmense het elk ook 'n raad gekry; en
- Paswette wat slegs op swartmense van toepassing was is na die oorlog weer ingestel en ook na die Kaap-provinsie uitgebrei.[234]

Die ANC was tot in die 1940's 'n gematigde organisasie. Hulle benadering om op 'n gematigde en dus 'n nie-militante wyse standpunt teen die regering en sy beleide in te neem, het bykans 'n absolute tol van die ANC geëis. Die organisasie het gesukkel om by sy ondersteuners of potensiële ondersteuners genoeg indruk van behoorlike optrede in hulle guns te wek. Die gevolg was dat dit bykans tot niet gegaan het. Die besluit van die ANC-leierskap om, in teenstelling met ander rassegroepe ten opsigte van hulle onderskeie verteenwoordigende rade, wel daaraan deel te neem het nie juis gehelp met sukses op daardie gebied nie. Soos duidelik uit die volgende futiele poging van die VNR blyk: in 1947 het die VNR die spreekwoordelike 'hakke in die grond gekap' en die afskaffing van diskriminerende wetgewing geëis, maar moes uiteindelik aanvaar dat dit nie gaan gebeur nie. Die regering het dit baie duidelik afgewys. Selfs die liberale Jannie Hofmeyr, gedurende daardie tyd as waarnemende eerste minister toe Smuts by die VN oor Suid-Afrika se binnelandse beleid toenemende negatiwiteit moes ervaar, het hiervoor teruggedeins.[235]

Met hierdie ervarings van onmag en die aanduiding van 'n nuwe wit regering met "veel strawwer" wit oorheersing was die stembus-oorwinning van die Nasionale Party in 1948,

[234] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 401 - 404.

[235] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 404.

veral vir die stedelike middelklas swartmense, 'n verdere aanduiding van die swak posisie van die ANC.[236] Sou die organisasie die *status quo* ten opsigte van sy strategie volhou, sou die uiteinde wees dat daar weinig, indien enige, van die leierskap self en van die ANC as organisasie oorgebly het.

Ten einde as organisasie te oorleef, was dit daarom nodig dat die ANC vernuwend moes dink. 'n Aanpassing in hulle hele benadering volg. Dr. A.B. Xuma, was, gegewe die posisie van die ANC soos hierbo gestel, vanselfsprekend bekommerd en het dit nodig gevind om "nuwe lewe" in die ANC te bring. Hy het jonger manne vir dié doel identifiseer en het mense soos Anton Lembede, Nelson Mandela, Oliver Tambo en Walter Sisulu by die ANC ingebring. Hierdie stap van Xuma het hom 'n belangrike aandeel in die stigting van die ANC Jeugliga in 1944, gegee.[237] Met Lembede as die eerste president van die Jeugliga sou die betrokkenheid van genoemde persone 'n tweërlei uitwerking op die liga self en die breër ANC hê. Enersyds sou dit binne die nuutgestigde Jeugliga self 'n besondere rol speel om as jeugorganisasie van die ANC te ontwikkel. Andersyds, *ex post facto* geoordeel, sou dit nie net in aanloop tot en gedurende die verslagtydperk van hierdie studie besondere diep spore in die rigting, ontwikkeling en totale pakket van weerstand van die ANC speel nie, maar ook vir die jare daarna. Die laaste gedeelte val egter buite die tydperk en doelwit van hierdie studie, maar sal nogtans interessante gronde vir 'n selfstandige studie wees.

Gedurende 1931 is die Bantu Women's League as 'n afdeling vir vroue binne die ANC erken. Hulle betrokkenheid was meestal op die stryd teen die passtelsel gerig en wel met passiewe weerstand. Sedert 1943 is vroue formeel as volwaardige lede van die ANC toegelaat. Na bepaalde ontwikkeling is die ANC Women's League (ANCWL) in 1948 gestig. Hierdie vroue het op verskillende maniere aan die Defiance Campaign deelgeneem en ook die stryd teen die sogenaamde 'Bantoe Onderwys' gevoer.[238] Dit is egter die Jeugliga wat hier van belang is.

Die Jeugliga het vroeg 'n militantheid gewys waarin die beleid van Afrikanisme gekies is. Dit is verklaar dat alle swartmense moet mobiliseer en teen die onderdrukking moet

[236] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 461.

[237] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 461.

[238] "A Short History of the Women's League," *African National Congress Women's League*, 2010. <http://www.anc.org.za/wl/show.php?id=3038> (6 Februarie 2013).

opstaan en self protesoptredes moet inisieër en lei. Binne die Afrikanistiese benadering het die Jeugliga nie ondersteuning van witmense in die onmiddellike vooruitsig gestel of minstens verwag nie. Op daardie stadium was die beskouing dat witmense die opbrengste van Afrika sal kan geniet, maar 'n verhouding met hulle sou eers moontlik kon wees wanneer die magsewewig in die guns van swartmense gedraai het. In hierdie verband is drie voorwaardes gestel:

- "die verwerping van blanke baasskap;
- die aanvaarding van 'n proporsionele verdeling van die grond; en
- 'n vrye "people's democracy."[239]

Die kulminasie van verbandhoudende omstandighede het tot gevolg gehad dat die ANC van 'n meer rustige en nie-militante protesgroep oorgegaan het na 'n meer militante weerstandsgroep. Dit was duidelik dat die aanvanklike reaktiewe pogings moes plek maak vir sterker optrede. Soos prof. Welsh dit stel wanneer hy oor die ANC praat: "Its backbone had been stiffened by the ANCYL, and the rise to positions of influence of tough-minded young men..., who were determined to break with the traditional elitist and non-confrontational stance of the ANC."[240]

In 1949 is die 'Programme of Action' (Program van Aksie (PvA), wat deur die Jeugliga inisieër is, deur die ANC aanvaar en afgekondig. Hierdie aksieprogram was meer militant gerig en sou in die toekoms 'n groot invloed hê. Met die PvA het die uitdagende jong leiers, soos Lembede, Mandela, Sisulu en Tambo gepoog om van die tradisionele benadering van 'n vermyding van konfrontasie weg te beweeg. Die weg van voornemende meer militante optrede was plavei.[241] Die jonger lede van die Jeugliga het geglo dit is al manier hoe hulle meer onmiddelike resultate sou kon verkry.[242] Hoe dit ook sy, daarvolgens is die lyne getrek vir geen samewerking met die regering nie, asook ander optredes van protes. Op dié wyse is 'n duidelike boodskap van groter militantheid uitgestuur. Volgens die ANC het dit weer 'n reeks onderdrukkende wetgewing en verwante

---

[239] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 403.

[240] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 110.

[241] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 110.

[242] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press, 1962), 3.

optrede deur die wit oorheersers tot gevolg gehad het.[243] Waarskynlik was die verwysing in hierdie verband onder andere na die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

Al was die SAKP in 1950 tot 'n verbode organisasie verklaar, was die bepalings in die wetgewing sodanig wyd geskryf dat die minister besonder wye diskresie gehad het. Hy kon allerlei byeenkomste en aktiwiteite, hetsy deur 'n organisasie of persoon, as verbode te verklaar. Die gevolg is dat dit opsigself polities en aktiwiteitsgewys 'n besondere onderdrukkende en dus negatiewe uitwerking op die ANC gehad het. Soos genoem, geen van die verbiedinge wat die minister op 'n organisasie of persoon geplaas het kon in 'n geregshof getoets word nie, behalwe die korrekte nakoming van tegniese aspekte.[244]

In hierdie tyd het die ANC nuwe strategieë goedgekeur wat ingevolge die PvA van stapel gestuur is. Daarvolgens moes boikotte, stakings en aksies van burgerlike ongehoorsaamheid uitgerol word.[245] Dit was dan ook in hierdie tyd dat samewerking tussen die Kommuniste en die ANC nouer geword het. Dit is belangrik om weer te noem dat die nouer bande en groter samewerking tussen die ANC en die Kommuniste die gaping tussen die ANC en blanke liberaliste vergroot het.[246] Welsh meld dat hierdie ontwikkeling twee gevolge gehad het. Enersyds, het dit die besware van Afrikaniste oor die invloed van nie-Afrikane in die ANC en die beskouing van kommunisme as 'n vreemde of buitelandse ideologie aangevuur. Andersyds en as gevolg van die verbreding van ondersteuning vir die ANC, het dit die potensiaal ontwikkel om nog meer aandag van die regering te trek. Tipies 'n konserwatiewe regering, is die kommunistiese tamboer gedurig geslaan. In die proses is beduidende propaganda as gevolg van die 'kommunistiese bedreiging' verkry.[247] Dit sou net 'n kwessie van tyd wees voordat die meule van die regering sou begin maal.

---

[243] "1949 ANC Programme of Action." *The Guardian*, ANC Archives, 2013 <http://ancarchives.org.za/programme-of-action/> (2 Februarie 2013).

[244] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 110.

[245] Janet Robertson, *Liberalism In South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 64.

[246] Janet Robertson, *Liberalism In South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 69.

[247] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 113.

Die Kommuniste het in hierdie jare begin om 'n besondere hoë mate van invloed op die ANC uit te oefen. Volgens prof. Welsh was die verhouding wat tussen die ANC en die SAKP ontwikkel het besig om sodanig te word dat dit die beskrywing van "symbiotic" regverdig het. Die aanvanklike doelwit van die ANC om van onderdrukkende en benadelende beleide en wetgewing ontslae te raak, is as gevolg van hierdie invloed uitgebrei. Vir die Kommuniste, in die realisering van 'n beleid van sosialisme, moes daar onder andere voortgegaan word om van remmende en onderdrukkende wetgewing en dies meer ontslae te raak. Vanselfsprekend was dit 'n noodsaaklikheid dat hierdie problematiek op die pad saam met ander sake hanteer moes word, soos die beïnvloeding van die ANC. Juis omdat die ANC noodsaaklik was vir die uitvoering. Vir hierdie doel het die Kommuniste so opgetree teenoor die saak van die ANC dat daar geen vermoede tot 'n gebruik van die organisasie was nie. Selfs Mandela se persoonlike vriendskappe met Kommuniste soos Joe Slovo en Ismail Meer het sy oordeel in so 'n mate beïnvloed dat dit bygedra het tot sy versagting om met nie-Afrikane saam te werk, soos hierbo na verwys. Uiteindelik is die doelwit van die ANC besig om uit te brei. Bo en behalwe dat verset teen benadelende en remmende wetgewing en praktyke wat rasgedrewe en onderdrukkend is voortgaan, is die twee-fase rewolusie van die SAKP ook in die denke van die ANC opgeneem.[248]

Die SAKP sou nie vrywillig van hierdie beïnvloeding wegstap nie. Dit blyk of dit 'n aspek is wat in die vroeë vyftigerjare begin het en in 1972 reeds sodanige afmetings aangeneem het dat daar binne die buitelandse strukture van die ANC 'n diepe ongelukkigheid was. Die beskouing was dat die Kommuniste die ANC gekaap het. Mense soos Slovo en Carneson is as middel-klas wittes beskryf wat geen breë ondersteuning het nie.[249]

Met afkondiging van die PvA in 1949 het dit die bloudruk geword vir enige verset-aktiwiteite van die organisasie. Die manier hoe die ANC as 'hooforganisasie' die militantheid van die program gesien en gebruik het, was nie deur middel van wapens nie,

[248] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 113.

[249] Luli Callinicos, "Olivier Tambo and the Politics of Class, Race and Ethnicity in the African National Congress of South Africa," *African Sociological Review* 3 (1) (1999): 133, 134 & 141. <www.ajol.info/index.php/asr/article/download/23160/30778> (4 Februarie 2013).

maar deur middel van 'n massabeweging om 'n punt te maak.[250] Hulle het geglo dat hulle benadering van vreedsame protes by stakings en ander aktiwiteite hulle meer geredelik suksesvol sal laat wees ter bereiking van gestelde politieke doelwitte.[251] Daarenteen wou die Jeugliga die PvA veel meer militant aanbied. Dr. Xuma was egter nie hiervoor te vinde nie. Volgens hom was ordelike optrede die weg om te volg. Die Jeugliga was ontevrede hiermee en het geweier om dit te aanvaar. Saam met ondersteuners van die Jeugliga is aksies aan die gang gesit om Xuma uit te dryf. Na sy suksesvolle verwydering het J.S. Moroka hom as president van die ANC opgevolg.[252] Moroka wat uit die geledere van die Jeugliga gekom het, het die PvA in sy geheel aanvaar. Hy het ook nie gehuiwer om met die SAKP en die SAIC saam te werk nie.

1952 was 'n belangrike jaar, eerder 'n waterskeidingsjaar ten opsigte van weerstandspolitiek vanuit die swart gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking. Die PvA het voortgerol. Die optredes van die ANC wat hieronder genoem word het bepaalde waarde vir die organisasie ingehou en was dus van groot belang:

- 'n Brief aan die NP-regering wat duidelik twee belangrike punte na vore gebring het. Enersyds, dat apartheid, uit die gesigpunt van die ANC, nie oor beskerming van witmense *per se* gehandel het nie, maar oor die blatante uitbuiting van swartmense tot die voordeel van witmense. Andersyds, dat wetgewing wat daarop gerig is om apartheid uit te brei en in stand te hou as 'n "belediging vir swart mense" verklaar is. In die proses is die eis van direkte verteenwoordiging op alle vlakke van regering deur swartmense gestel; en
- die afkondiging van die Defiance Campaign (DC), ingevolge waarvan bepaalde optredes tot weerstand afgekondig en georganiseerd gedryf is.[253]

As 'n aanduiding van die onversetlikheid om hoegenaamd in enige opsig enige geleentheid te benut om die binnelandse politieke beleid van die land op enige versoenende wyse te hanteer, was die reaksie van die eerste minister, dr. Malan. Dit het 'n duidelike boodskap aan die ANC gestuur. Nie net het hy die versoeke soos in die brief

[250] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press, 1962), 3.

[251] Willie Esterhuyse & Philip Nel, *Die ANC*(Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 1990), 14.

[252] Morgan Norval, *Inside the ANC*: *The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press, 1990), 40.

[253] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 461.

gestel is summier geweier nie, maar ook aan die organiseerders 'n waarskuwing gerig om hulle daarvan te weerhou om mense aan te moedig om wetgewing te verontagsaam.[254] Hy het onder andere geweier dat swartmense in enige "administratiewe, uitvoerende of wetgewende gesag" beheer oor witmense uitoefen. Giliomee verwys ook na Malan se verduideliking aan 'n Amerikaanse geestelike oor barbaarsheid en beskaafdheid as die twee onversoenbare lewensweë. Verder in hierdie trant ook die onversoenbaarheid tussen die oorweldigende getalle mense aan die een kant en die baie klein getal aan die ander kant. Uiteraard verwys dit na die getalle van swart teenoor wit. Teen die agtergrond van wat hier beskryf is beskou Giliomee hier aspekte as van groot belang.[255]

In die argument van Malan is wit as die beskaafde ras en dus die regerende ras baie duidelik. Met ander woorde, 'wit regering'. Dit beklemtoon ook dat die 'kwesbaarheid' van die relatiewe klein getal witmense teenoor die groot getal swartmense bloot gelê word. Hierdie vrees van Malan is eintlik niks anders nie as vrees dat wit politieke beheer voor swart politieke beheer sal moet swig indien suiwer na getalle gekyk word. Hierdie beskouing van Malan is weereens 'n bevestiging van dit wat in die voorafgaande hoofstuk uitgewys is. Daarom moes segregasie, ook op die politieke vlak, soos dit reeds voor 1910 en gedurende die verslagtydperk was, nie net in plek bly nie, dit moes uitgebrei word ten einde 'n 'gelukkige' naasbestaan in aparte klein 'nie-wit Suid-Afrikas' – ook bekend as die sogenaamde 'Bantustans', te skep en so die druk van politieke eise van wit Suid-Afrika te verwyder.

By oorweging van die primêre stellings in die brief van die ANC en die reaksie van die regering, teen die agtergrond van dit wat in hierdie studie aangetoon word, kan die volgende mening gegee word:

- die realiteit was die verwagting vanaf die regering dat swartmense, as gebore Suid-Afrikaners, vir die land moes werk, maar hulle moes (kon) ook geen verwagting hê om enigiets meer as stemlose en dus politiek onbemagtigde arbeiders binne 'n wit Suid-Afrika te wees nie. Duidelik was dit egter 'n reg waarop daar volgens aanvaarding van die ANC aanspraak gemaak kon word. Die regering was van mening dat politieke bemagtiging ondervang moes word deur dit binne die geïdentifiseerde 'tuislande' te setel of in die geval van stedelike swartmense, deur wit verteenwoordigers in die

[254] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press, 1985), 280.

[255] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 461.

parlement. Gegewe die verklaarde beleide en optredes van beide die VP en die NP in aanloop tot en gedurende die verslagtydperk, prontuit gestel, is daar geen twyfel dat die grondslag van hierdie rasgerigte omstandighede en ondersteunende wetwing niks anders was as om wit beheer in 'n 'wit Suid-Afrika' in stand te hou en te beskerm nie. Daarom het dit weliswaar oor meer as net die uitbuiting van swartmense gegaan, soos die ANC argumenteer het;

- Dat swartmense die wetgewing onderliggend tot hierdie beskerming as onaanvaarbaar beskou het, is vanselfsprekend in lyn met 'n beskouing dat hulle nie van die fundamentele regte in die land van geboorte ontsê kon word nie. Duidelik het nie een van die partye die beskouing van die ander as grondig geag nie. Die rassesegregasie, hoe onaanvaarbaar ook, en die eise om as volle politieke deelnemers erken te word was histories deel van 'n komplekse samevloei van omstandighede en gebeure. Dit was ooglopend so dat elk ander volgens eie oordeel die 'regte' optrede gehad het. Agterna gesien, was 'n brief met verwyte aan die regering en 'n aandrang op politieke deelname en die opvolgende afwysing van die verwyte en aandrang van die ANC duidelik nie die wyse waarop so 'n situasie hanteer moes word nie. Die optrede van beide kante was egter in die gewrig van die tyd met rassediskriminasie en teenoptrede in ander lande, soos die VSA, gewees. Afwysing van die ANC sou dus in elk geval wees al was die Kommunistiese Party nie betrokke nie.

In samewerking met ondersteundende organisasies het die ANC op 26 Junie 1952 die Defiance Campaign (DC) van stapel gestuur.[256] Hierdie kampanje kan as die belangrikste georganiseerde en praktiese politieke weerstand van die ANC gedurende daardie tyd gesien word. Agterna was daar verskillende menings daaroor. Negatief of positief, dit neem egter nie die gevolge daarvan tot die guns van die ANC weg nie. Die ANC het tydens hierdie veldtog verskillende taktieke probeer om buite-parlementêre agitasie op 'n vreedsame wyse tot gevolg te hê.[257] Die DC het behels dat daar volgens die beskouing van Gandhi, die bekende Indiese menseregte-aktivis, passiewe weerstand teen vooraf aangeduide diskriminerende apartheidswetgewing en apartheidstrukture gebied moes

[256] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 110.

[257] Stephen Ellis &Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992), 26.

word.[258] Die gevolg was dat vrywilligers wat deur die organiseerders uitgesoek is aangemoedig is om onder andere:

- doelbewus alle geriewe wat vir die gebruik van witmense aangedui word te betree;
- om die paswetgewing en aandklokreëls van toepassing op swartmense te ignoreer; en
- om 'gebiede' vir swart mense, die sogenaamde 'lokasies' sonder permitte binne te gaan.

Wanneer oortreders dan deur die polisie arresteer word moes hulle die toestaan van borgtog weier en eerder gevangenisstraf aanvaar as om enige boetes te betaal. Baie belangrik is ook dat deelnemers hulle van enige geweld moes weerhou. Vanselfsprekend het die regering op hierdie uitdaging van sy gesag reageer. Sterk staatsoptrede het tot die uiteindelike arrestasie van 8500 van hierdie 'vrywilligers' gelei. Opvolgende onluste in verskeie dele van die land het in die laaste maande van 1952 tot die dood van minstens 40 mense gelei. 'n Verklaring deur die ANC het die negatiewe gevolge van die DC voor die deur van uitlokkers gelê. Natuurlik was hierdie argument gevoer teen die agtergrond van hulle beleid van geen geweld tydens die kampanje. Nietemin, hierdie gebeure het die gevolg gehad dat die kampanje uiteindelik ook afgelas is.[259]

Aan die einde van 1952 het die president van die ANC, op daardie stadium was dit hoofman Albert Luthuli, sy reaksie in twee verdeel. Oor die regeringsoptrede was hy baie duidelik daaroor dat die regering nie die uitdaging van hierdie nie-gewelddadige optrede kon hanteer nie. Dit maak dus enige gewelddadige regeringsoptrede moreel bitter moeilik regverdigbaar. Sou die regering wel onder sodanige omstandighede gewelddadig optree, sal dit die morele hoë grond moeilik kan betree. Aan die ander kant, sou swartmense wel gewelddadig optree, word die inisiatief en regverdiging vir geweldsoptrede aan die regering gebied om dan as die herstellers van wet en orde gesien te word. Morele regverdiging word dus in daardie opsig aan die regering voorsien.[260]

---

[258] Janet Robertson, *Liberalism In South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 68.

[259] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 110.

[260] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 111.

Tydens 'n toetslopie vir die DC het Moroka op 6 April 1952 'n openbare toespraak gelewer wat vanselfsprekend die aandag van die regering getrek het. Opvolgend was die praktiese uitvoering van die DC enkele weke later, en die regering het inderdaad reageer. Afgesien van die ander inhegtenisnemings wat hierbo na verwys is, is 21 leiers van die ANC op 30 Julie inhegtenis geneem. Onder hulle was Moroka, Mandela, Sisulu, JB Marks, Yusuf Dadoo en Ahmed Kathrada. Hulle is ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme aangekla en skuldig bevind. Dit is egter Moroka, as sittende president van die ANC, wat besondere aandag getrek het. Tydens hulle hofverskyning het hy besluit om 'n eie regsverteenwoordiger te kry. Met sy pleit om versagting het hy sy rug op feitlik al die beginsels van die ANC gekeer en selfs van die mede-beskuldigdes met sy vinger as Kommuniste identifiseer. Nodeloos om te sê, dit was die einde van Moroka se presidentskap. Hy is aan die einde van daardie jaar, tydens die jaarlikse konferensie in Desember 1952, verwyder en deur Albert Luthuli opgevolg.[261]

Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat die ANC bekend was daarvoor dat hulle nooit regtig in staat was om 'n groot veldtog te organiseer nie, maar die DC het anders bewys. Hierdie kampanje was tot op die stadium wat dit begin en ten einde geloop het die mees volhoubare weerstandsoptrede teen die regering.[262]

Afgesien van die negatiewe gebeure en die negatiewe uiteinde van die kampanje, was die DC opsigself ongetwyfeld vir die ANC en vir die hele 'bevrydingsbeweging' om teen diskriminasie en 'n onregverdige binnelandse beleid standpunt in te neem, eerder gunstig. Ten opsigte van ledetal het die kampanje 'n besonder goeie inspuiting vir die ANC beteken. Gedurende hierdie tyd het daardie getalle van 10 000 tot 100 000 gestyg.[263] Maar, dit was egter nie net in terme van die styging in ledetal daarna nie, maar ook in die baie belangrike opsig om 'n gees van bewustheid vir verset te skep en waaraan momentum verleen is.

Welsh is van mening dat die DC minstens in een opsig as 'n mislukking gesien kan word, naamlik die feit dat die regering sy onversetlikheid teen die uitdaging van sy regeergesag met sterker optrede verhard het. Vanselfsprekend sou die ANC hierdeur benadeel word.

---

[261] "Dr James Sebe Moroka," *South African History Online*, <http://www.sahistory.org.za/people/dr-james-sebe-moroka> (6 Februarie 2013).

[262] Tom Lodge, *Black Politics in South Africa since 1945* (Braamfontein: Ravan Press (Pty) Ltd, 1983), 43.

[263] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 462.

Die regering daarenteen sou hierdie verharding gemaklik kon bekostig. Die stembus het bewys hiervan gelewer. Kiesers het die regering se kragdadigheid in die vasvat van hierdie 'onbehoorlike' burgerlike ongehoorsaamheid tydens die 1953-verkiesings beloon. Die aantal meerderheid setels van die NP-regering is tot 31 verhoog.[264]

Soos hierbo na verwys is, is dit egter ook so dat die regering se 'onversetlikheid' binne die komplekse historiese aanloop vir die onstaan van die gesagsregeerde omstandighede in Suid-Afrika gesien moet word, en dat dit noodwendig voorsien moes gewees het. In lyn hiermee is daar ook geen aanduiding dat daar 'n verwagting bestaan het dat die regering sondermeer aan die eise sou toegee nie. Die eise aan die regering was waarskynlik eerder daarop gemik om die morele hoëgrond te verkry en verder 'n bewustheid vir hulle posisie en aansprake aan te wakker. In beide hierdie opsigte het die ANC eerder sukses gehad. Gegewe die houding teenoor inhegtenisnemings as deel van die 'sterker optrede, is dit tot voordeel omgesit deur die besluit van nie-aanvaarding van borgtog.

Die standpunt wat die regering ingeneem het en die "sterker optrede" het weliswaar die regering binne die raamwerk van sy kiesers op die korttermyn gebaat, maar het ook positief op die saak van die ANC ingewerk om deelname, en belangrik ook, 'n bewustheid en 'n gees van verset te skep. Vanselfsprekend was die dood van agiteerders 'n ongelukkige voorkoms, maar kan dit as deel van 'sterker optrede' deur die regering as 'n mislukking in daardie opsig vir die DC aangemerk word? Op grond van die argument hierin, asook dit wat in die paragraaf hieronder vervat is, word daar met respek van Welsh se mening verskil.

Uiteindelik sou die kragte wat deur die DC losgemaak is 'n baie belangrike invloed op die politieke pad van Suid-Afrika hê. Prof. Welsh is tereg van mening dat die gees van verset in die swart politiek in Suid-Afrika nie weer dieselfde sou wees nie. Hy toon aan dat "... it had shown that the spirit of opposition had not been cowed." Vervolgens verwys hy na 'n geskrewe opmerking wat Nelson Mandela gemaak het: "... the ANC was more talk than action." Hierdie opmerking was natuurlik voor die aanvang van die DC en in lyn met dit wat hierbo aangedui is en gelei het tot Xuma se inbring van 'nuwe bloed'. Mandela was krities daaroor dat die ANC op daardie stadium ook geen betaalde amptenare in diens gehad het

[264] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 111.

nie. Daarby was die lede eintlik maar passief. Na die DC egter, in aansluiting by prof. Giliomee hierbo (bl.87), het Mandela ook na die styging in ledetal verwys. Belangrik egter was die volgende opmerking wat Mandela gemaak het: "The ANC emerged as a truly mass-based organization with an impressive corps of experienced activists who braved the police, courts and jails." Die negatiewe konnotasie met tronke (vir die saak) het verdwyn. Dit opsigself was 'n besondere mylpaal, aangesien die vrees vir gevangesetting, volgens Mandela, 'n groot struikelblok vir 'n bevrydingstryd is.[265]

Binne hierdie positiewe gevolge vir die ANC as bevrydingsbeweging was daar oor 'n lang tyd ook onderlinge verdeeldheid oor die aanvaarding van medewerkende organisasies. In besonder het hierdie verdeeldheid gehandel oor die Indiër-organisasies, gebaseer op rassegronde. By noodwendige implikasie het dit ook bruin- en witmense en hulle organisasies ingesluit. Dan ook die Kommuniste in die verskillende verskyningsvorme, wat noodgedwonge by verskillende fronte en organisasies moes inskakel ten einde verlamming van wetgewing te probeer vryspring. Soveel te meer nadat die SAKP verbode verklaar is. Afgesien van 'n ideologiese verskil met die Kommuniste, was die ANC se verdeeldheid duidelik ook op rassegronde en dus eintlik rassisme gewees.

Na die onverwagse afsterwe van Anton Lembede in die ouderdom van 33 jaar is hy deur Peter Mda opgevolg. By die Jeugliga het die 32 jarige Nelson Mandela president geword.[266] Mandela was uitgesproke ten gunste daarvan dat die stryd van die ANC vir swartmense deur die ANC as 'n organisasie vir swartmense gevoer moes word. Met ander woorde, swart Afrikane vir swart Afrikane, 'n Afrikanistiese benadering. Hy en ander se teenkanting teen Indiër-organisasies en die Kommuniste was duidelik. In persoon het Mandela selfs so sterk daaroor gevoel dat hy skerp met Walter Sisulu verskil het oor dié se bereidheid om met die Indiërs saam te werk. Hy het hom selfs 'n verraaier genoem.[267]

Dit was nieteenstaande die feit dat die DC met hulp van die verskillende Indiër Kongresse beplan en uitgevoer is. Oor sy teenkanting om met Kommuniste saam te werk was

---

[265] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 111.

[266] "African National Congress Youth League (ANCYL)." *South African History Online*, <http://www.sahistory.org.za/topic/african-national-congress-youth-league-ancyl> (5 Februarie 2013).

[267] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 112.

Mandela ook deur Oliver Tambo ondersteun.[268] Eintlik was baie van die leiers van die Jeugliga verdeeld oor hierdie kwessie.[269] Byvoorbeeld, Anton Lembede het nie saamgestem nie en was betrokke by pogings om verhoudinge met die NIC, die TIC en die APO te bou. Dit word gestel dat hy, Lembede, "an important part of the ANC's non-racial tradition" verteenwoordig het.[270]

As gevolg van die verdeeldheid oor rasseverskille was samewerking tussen die ANC en nie-swart organisasies vanselfsprekend op 'n onbehoorlike voet en die onderlinge wantroue het lank op die voorgrond gestaan. Hierdie is demonstreer tydens die bloedige gevegte tussen swartmense en Indiërs in Natal in 1949, nadat 'n gerug oor rassisme die rondte gedoen het. Tydens die gewelddadige konflik is 87 swartmense en 50 Indiërs gedood. Die gedwonge samewerking tussen die ANC en die NIC om die vrede te herstel was maar die spreekwoordelike veldiepte. Uiteindelik was die gesprekke en ooreenkomste tussen die leiers verwyderd van grondvlak. Indiërs, soos witmense, was as uitbuiters gesien.

In die geval van die onderskeie Indiër Kongresse wat onder die SAIC saamgesnoer is en wat deel van die opkomende Congress Alliance gevorm het, was die beskouing ook nie anders nie. Die vooroordeel het bly staan. Die Congress Alliance moes juis as 'n oorkoepelende organisasie dien om ook die SAIC, die Congress of Democrats - wat in 1952 eintlik maar die tuiste van Kommuniste geword het, en die ANC onder een sambreel van samewerking in te sluit.[271] Duidelik was die Indiërs en Kommuniste nie welkom nie of was minstens teësinnig aanvaar. Vanselfsprekend was nie almal in die SAIC Kommuniste nie. Maar, argumenteer dr. Pike, dit is 'n gevestigde gebruik oor die geskiedenis heen dat nie-kommunistiese organisasie onbewus is van die planne van Kommuniste om 'n organisasie tot hulle voordeel binne te dring en te gebruik. Daarvolgens, alhoewel die SAIC opsigself nie 'n kommunistiese organisasie was nie, was dit ook nie gevrywaar van

---

[268] Stephen Ellis &Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992), 22.

[269] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 112.

[270] "Anton Muziwakhe Lembede," *Political Life,* Ulwazi <http://wiki.ulwazi.org/index.php5?title=Anton_Muziwakhe_Lembede> (6 Februarie 2013).

[271] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 112.

kommunistiese invloed nie. Soos wat hy reken wel met die SAIC gebeur het. Diegene onder die leierskap wat aktief die Kommuniste binne die organisasie teengestaan het, is weggewerk en die organisasie het groter ondersteuning aan Kommuniste gegee.[272] Dus, uiteindelik sou die SAIC, volgens Pike se argument, as 'n lid van die oorkoepelende Congress Alliance 'n groter stukrag aan die Kommuniste in die Congress of Democrats en hulle ideologiese strewe binne die alliansie gee. Daarom is dit nie vreemd dat Yusuf Dadoo, 'n Kommunis, hoof van die SAIC geword het nie.[273] Die finale kwessie was natuurlik aanvaarding en behoorlike samewerking met die ANC as die belangrikste vennoot in daardie veelrassige alliansie.

Tydens sy termyn as leier van die Jeugliga het Mandela se houding jeens Indiërs en Kommuniste versag. Welsh voer aan dat die rede daarvoor te vinde is in die feit dat mense wat nie wit was nie almal dieselfde lot van rassediskriminasie ervaar het.[274] Nog 'n geldige gevolgtrekking is dié van Giliomee. Hy is van mening dat die staat se optrede teen die ANC bygedra het tot dalende getalle. Die gevolg hiervan was 'n groter realisme en dus die soeke na ondersteuning tussen verskillende rasse.[275] Al sou die gronde vir deelname van die verskillende organisasies verskil, het almal die rasgerigte regering in die visier gehad. By uiteindelike sukses met die instelling van politieke regte en verwydering van rassediskriminasie, moes die ANC, op daardie stadium, logies as die grootste vennoot die hoofrolspeler bly. Dus kon ander ondersteunende organisasies *per se* nie as 'n bedreiging gesien word en om daardie rede aanvanklik vermy is nie. Dit was dus later eerder 'n geval van aanvaarding van ondersteuning.

Nietemin, die gevolg van hierdie 'versagting', op grond van 'n gemeenskaplikheid en 'n gekombineerde 'slaankrag', wat tot groter aanvaarding en samewerking gelei het, was goeie nuus vir die Kommuniste. Behalwe vir hulle eie hoofdoelwit, naamlik om 'n swart sosialistiese republiek te vorm,[276] was die basis van hulle gemeenskaplike stryd op daardie stadium die omverwerping van die regering met sy onderdrukkende beleide en

---

[272] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press,1985), 237.

[273] Stephen Ellis &Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992), 24.

[274] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 112.

[275] Hermann Giliomee, *Die* Afrikaners (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004), 462.

[276] Keith Campbell, *ANC: a Soviet task force?*(Great Britain: Thetford Press Ltd,1986), 7.

wetgewing. Met onderdrukkende reëls in plek was dit vir die SAKP onmoontlik gewees om sy status te herwin of om hoegenaamd te kon funksioneer. Die ANC moes ook om daardie rede in sy weerstand ondersteun word. Hierdie nuwe benadering oor ras het ook gestrook met Tambo se argument daaroor, hierbo na verwys. In die opsig van samewerking met die Kommuniste verklaar Tambo dan ook dat hulle na 1950 almal saam was en wanneer hulle politieke gesprekke gehad het, het hulle nie eers aan hulle verskillende filosofieë gedink nie. "We were all equals deciding what to do."[277]

Met 'n veranderende benadering oor ras, wat 'n wegbeweeg van 'n streng Afrikanistiese benadering beteken het, sou die ANC volledig nie-rassig word. Juis hieroor was daar binne eie geledere groot ongelukkigheid. Die mate hiervan was uiteindelik so groot dat Robert Sobukwe enkele jare later, in 1959, met eendersdenkendes in die ANC weggebreek en die Pan Africanist Congress (PAC) gestig het. Die PAC was gesien as 'n militante Afrikanisties-gerigte organisasie. Met die wegbeweeg van Afrikanisme vroeg in die 1950's, het die Afrikaniste die ANC-leiers van verraad teenoor die grondbeginsels van die PvA beskuldig. Samewerking met nie-swart Afrikane binne die Congress Alliance was onaanvaarbaar.[278]

Vir die Kommuniste self was hierdie verandering jeens hulle noodsaaklik. Die Kommuniste van die nou reeds verbode SAKP moes gehuisves word in terme daarvan dat hulle 'n massa organisasie, soos die ANC, as voertuig nodig gehad het om hulle ideologie uit te leef. Soos vroeër aangetoon het die voelers wat na die ANC uitgesteek is reeds jare gelede plaasgevind. Waar dit eers teësinnig en in opdrag van die Komintern was, was die pogings om later strategies deel van die ANC se hoofstroom te word waarskynlik eerder te vinde in die oorlewingstryd van die Kommuniste na 1950. Daarom het dit in hierdie tyd, gegewe alle verbandhoudende faktore, net sin gemaak om deur 'n organisasie soos die ANC te funksioneer.

Om hierdie nuwe strategie van die benutting van 'n massa organisasie suksesvol te laat gebeur, moes die Kommuniste hulself binne die ANC posisioneer en so van binne die

---

[277] Luli Callinicos, "Olivier Tambo and the Politics of Class, Race and Ethnicity in the African National Congress of South Africa," *African Sociological Review* 3 (1) (1999): 132. <www.ajol.info/index.php/asr/article/download/23160/30778> (4 Februarie 2013).

[278] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 117-118.

organisasie die plan inwerking stel. Hierdie strategie van die Kommuniste staan bekend as "entryism". Hierdie term word deur Hirson as volg beskryf: "The problem for socialist groups lies in their need for a base larger than the one they can create themselves. Members of socialist groups, or at times the group as a whole, have worked in trade unions and co-operatives, entered community bodies, and in South Africa in a later period have functioned inside, or in alliance with, national liberation movements. Such activities are not unusual and usually go unremarked."[279] Hierdie strategie het baie handig te pas gekom toe die Kommunistiese Party in 1950 verban is.[280] Alhoewel dit uit die betrokke passasie van Tambo oor die SAKP, hierbo na verwys, duidelik bedoel het dat daar nie sprake van "entryism" was nie, verskil dit met dié van Hirson. Gegewe meerdere mening hieroor, die Kommuniste se eie strategie om van 'mass based organisations' gebruik te maak, Tambo se eie erkenning dat hulle nie eintlik filosofieë bespreek nie, maar eintlik uitkyk vir ondersteuning en die feit dat Kommuniste noodgedwonge van die ANC gebruik moes maak, is dit meer aanvaarbaar dat "entryism" inderdaad in die geval van die ANC toegepas is.

Die SAKP se visier op die ANC is reeds oor tyd op die ANC ingestel. In 1928 het die president van die ANC, J.T. Gumede, saam met 'n bruin lid van die SAKP se Sentrale Komitee, James La Guma, op uitnodiging van die Russe na Moskou gereis. 'n Rede vir die besoek was Moskou se belangstelling om nasionale bevrydingsbewegings in die verskillende Britse kolonies te versterk en so die Britse Ryk te vernietig. Volgens Moskou was Brittanje die verteenwoordiging van die groot euwel, naamlik kapitalisme. Hierdie siening het Brittanje en Amerika die belangrikste vyande gemaak. Brittanje sou eerste aan die beurt kom, gevolg deur Amerika. Ten opsigte van Brittanje wou Moskou hierdie ideologiese vyand knak deur verskillende kolonies ideologies op so 'n wyse te beïnvloed dat sosiale-sosialisme ingestel word. Die idee om van nasionale bevrydingsbewegings vir die doel van afsnyding van die koloniale heerser gebruik te maak, was 'n konsep wat Lenin ontwikkel het. Suid-Afrika was natuurlik een van daardie kolonies en Moskou het die ANC as die perfekte kandidaat beskou.[281] Om hierdie rede is die SAKP reeds in 1925 opdrag gegee om van hulle rassistiese gerigtheid weg te beweeg en op die werwing van

[279] Baruch Hirson, *A History of the Left in South Africa : Writings of Baruch Hirson* (London: LB Tauris, 2005), 44.

[280] Keith Campbell, *ANC: a Soviet force?* (Great Britain: Thetford Press Ltd,1986), 7.

[281] Morgan Norval, *Inside the ANC*: *The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press, 1990), 32.

swartmense oor die algemeen en ‘n verhouding met die ANC in besonder, te fokus. Iets wat hulle in elk geval as gevolg van staatsoptrede later jare sou baat.

As gevolg daarvan dat die SAKP op ‘n vroeër stadium as die ANC ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme tot verbode organisasie verklaar is, het dit waarskynlik bepaalde implikasies vir die ANC ingehou. Vanselfsprekend was dit vir lede van die ANC, in besonder sy leiers, nou ‘n risiko om in die openbaar met Kommuniste identifiseer te word uit vrees vir die gevaar van arrestasie.

Die verbode verklaring van die SAKP was egter nie in alle opsigte tot die party se nadeel nie. In die proses, binne die om-arming van die Congress Alliance en gevestig binne die Congress of Democrats en ander organisasies, soos die SAIC, was dit in ‘n bepaalde opsig voordelig. Dit was presies wat die SAKP nodig gehad het om hulle gemakliker by die ANC te kon inskakel. Meer so na die versagting in houding teenoor nie-Afrikane en Kommuniste. Ondergronds het die SAKP steeds probeer funksioneer, maar bogronds en met die omstandighede wat inskakeling by die ANC gunstig beïnvloed het, was hulle beïnvloeding van die ANC ‘n wesenlike moontlikheid.[282] Gegewe die einddoel van die SAKP, sal die langtermyn oogmerk wees om die ANC te transformeer tot ‘n rewolusionêre organisasie wat hom beywer vir die instelling van sosialisme.[283] Soos hierbo aangetoon, volgens Welsh, het die SAKP besondere goeie sukses met sy beïnvloeding getoon. Die SAKP het ook daarin geslaag om suksesvol verskeie dubbele lidmaatskap tussen hulle en die ANC te werf. Die Kommuniste het groot invloed gehad op baie van die leiers en ander lede van die ANC en ook al hoe meer oor hoe die karakter van die ANC na sosialisme moes verander.[284] Tydens sy termyn as president van die ANC het Luthuli verklaar dat hy geen probleem het om met die Kommuniste saam te werk nie en dat hy hulle as sy ‘bure’ sien. Bedoelende natuurlik binne die stryd om die binnelandse beleid omver te werp. Selfs al was hy nie ‘n Kommunis nie.[285]

---

[282] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),10.

[283] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),18.

[284] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),10.

[285] Henry R. Pike, *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press, 1985), 289.

Die Jeugliga het hulle eie radikale nasionalistiese idees gehad wat hulle aan die ANC voorgestel het.[286] Soos hierbo aangetoon was die verhouding tussen die ANC en die SAKP voor die verbode verklaring van die SAKP baie swak. Behalwe vir lede van die party wat by die ANC lidmaatskap gehou het en onderlinge individuele vriendskappe, ook tussen persone wat nie Kommuniste was nie, basiese respek en onderlinge vertroue teenoor mekaar as vriende, wat as 'n tipe naelstring gedien het, het daar omtrent nie kommunikasie bestaan nie.[287]

As gevolg daarvan dat die Kommuniste, in vergelyking met die aanvanklike amper onderdanige inname van standpunt deur die ANC teenoor die regering, reeds op 'n vroeë stadium radikaal en militant opgetree het, was die sterker aanslag van die Jeugliga baie welkom. 'n Meer militante ANC was meer in lyn met hoe die SAKP, as 'n rewolusionêre organisasie, dit gesien het. In hierdie opsig het hulle en die Jeugliga nie van mekaar verskil nie. Trouens, dit was 'n wedersydse doelwit dat die ANC as die eintlike verteenwoordiger die meerderheid swartmense in 'n duidelik meer radikale en populistiese organisasie omskep moet word.[288] Hierdie doelwit is met vrug nagestreef en het bepaalde dividende vir beide gelewer. Dit is gemeensaak dat die ANC in die 1950's 'n meer radikale organisasie geword het. Meer so nadat die NP-regering se binnelandse beleid, soos in hoofstuk 3 aangetoon is, meer beklemmend teenoor buite-parlementêre opposisie, soos optrede van die ANC begin toeneem het. Verder, dat die uitbreiding van die beleid van apartheid ook as 'n sneller vir groter militantheid gesien kan word. Hulle doel was nou om 'n swart meerderheidsregering te skep.[289] Anders as die eise wat vroeër jare gestel is.

Die regering se toepassing van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en die Wet op Oproerige Byeenkomste, het dit vir die ANC en sy leiers al moeiliker gemaak om openlik met die organisering van en deelname aan protesaksies deel te neem. Dit was in lyn met Welsh se uitwysing hierbo (bl.81). Hy het verwys na 'n konserwatiewe regering wat sy fokus op die Kommuniste geplaas het (voetnota 247). 'n Nadeel daarvan is dat openlike

---

[286] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),24.

[287] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),25.

[288] Stephen Ellis & Tsepo Sechaba, *Comrades Against Apartheid* (Indiana: Indiana University Press, 1992),26.

[289] Janet Robertson, *Liberalism In South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971),69.

interaksie met Kommuniste die aandag van die regering sal trek. So het die regering stadig maar seker die leiers van die ANC een vir een begin verwyder.[290] Regeringsoptrede het as gevolg van die feit dat bande met die verbode SAKP stewig begin word het toegeneem en die beweging en organisering van ANC-leiers moeiliker gemaak. Hulle het te na aan die Kommuniste begin staan en is sinomiem met en onder die invloed van Marxiste geag. Feit, het hierdie stelling soos volg beskryf; "As many Congress leaders,... [ANC leaders] had drunk deeply at the well of Marxism."[291] In 1952 was twee senior leiers van die ANC arresteer. Hulle was die president–generaal, Albert Luthuli en die sekretaris–generaal, Walter Sisulu.[292]

Al het die Defiance Campaign tot 'n einde gekom, het die regering dit nie daar gelaat nie. In Januarie 1953, het die regering twee nuwe stuks wetgewing ingestel, die Wet op Openbare Veiligheid en die Strafregwysigingswet. Die eersgenoemde wetgewing het die regering die mag gegee om 'n noodtoestand af te kondig, sou omstandighede ontstaan waar die eerste minister van mening is dat dit noodsaaklik is. Dit sou byvoorbeeld wees in die geval waar 'n kampanje van burgerlike ongehoorsaamheid, soos die Defiance Campaign of stakingsaksies of ander vorms van protes wat langdurig is en met geweld gepaard gaan, plaasvind. Wetgewing, soos die Strafregwysigingswet, het weer aan die minister die bevoegdheid gegee om voorwaardes neer te lê waaraan byvoorbeeld 'n organisasie soos die ANC sal moet voldoen by aansoek om een of ander vorm van openbare protes te hou.[293]

Teen so vroeg as 1953 was die invloed van kommunisme binne die ANC duidelik. Die ANC was waarneembaar besig om weg te beweeg van hulle beleid van swart nasionalisme in die rigting van veelrassigheid. Swart nasionalisme, of enige nasionalisme, is nie in ooreenstemming met die leerstellings van Marx se klassekonflik nie.[294] Met hierdie

---

[290] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press, 1962), 8.

[291] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press, 1962), 8.

[292] Edward Feit, *South Africa – The Dynamics of the African National Congress* (London: Oxford University Press, 1962), 8.

[293] Janet Robertson, *Liberalism In South Africa 1948-1963* (London: Oxford University Press,1971), 92.

[294] Morgan Norval, *Inside the ANC*: *The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press, 1990), 48.

nuwe benadering van veelrassigheid het die ANC in 'n toenemende mate met ander nie-swart organisasies saamgewerk. Die belangrikste van hierdie was SAIC, South African Coloured Peoples Organisation (SACPO) en die South African Congress of Democrats (COD).[295] Hierdie organisasies het weer almal onder die oorkoepelende sambreel van die Congress Alliance bymekaar gekom. Vanuit die struktuur van die Congress Alliance is protesaksies organiseer en geloods. Kommuniste was, soos vroeër aangetoon is, op verskillende wyses by die verskillende organisasies opgeneem en was ook as Kommuniste werksaam. As gevolg daarvan dat hierdie organisasies op een of ander wyse ook die werksaamhede van die SAKP voortgesit het, sou tot optrede teen hulle lei ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

Juis teen hierdie agtergrond van optrede ingevolge genoemde wetgewing, het die Vryheidsmanifes van die ANC tydens die hoogverraad-verhoor in 1956 teen lede van die Congress Alliance, ter sprake gekom het. Alhoewel dit buite die verslagtyd van hierdie studie val is dit egter binne die konteks hiervan belangrik om daarna te verwys. Die staat het in sy akte van beskuldiging ook aangevoer dat die Vryheidsmanifes "'n bloudruk was vir 'n Marxistiese-Leninistiese staat." As sulks het die Vryheidsmanifes 'n baie belangrike deel van die staat se argument uitgemaak.[296]

In die opsig van die Vryheidsmanifes is dit egter van besondere belang om kennis te neem van prof. Z.K. Matthews se voorstel wat hy reeds in 1953 per memorandum by die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee tydens die organisasie se jaarlikse vergadering voorgelê het. Matthews, wat op daardie stadium Kaapse leier van die ANC was, het voorgestel dat die tyd na sy mening reg was om 'n konsep-manifes vir 'n toekomstige demokratiese Suid-Afrika op te stel. Op hierdie wyse, waarskynlik sonder dat die latere veelbesprokenheid en invloed van die dokument voorsien is, is die grondslag vir die Vryheidsmanifes ("Freedom Charter") gelê.[297] Die ANC het hierdie manifes as rigtinggewing goedgekeur en in 1955 by

[295] Morgan Norval, *Inside the ANC*: *The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press, 1990), 48.

[296] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 113.

[297] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 114.

Kliptown aanvaar.[298] Die verwikkeling ten opsigte van prof. Matthews se voorstel was die laaste belangrike gebeurtenis ten opsigte van aktiwiteite van die ANC in die oorsigtyd van hierdie studie. Gegewe die baie bespiegelinge en in baie gevalle die 'geraas en geblaas' oor die Vryheidsmanifes, is dit belangrik om die gedeelte waar Matthews in sy memorandum op sy voorstel uitgebrei het, soos deur Welsh aangeteken, vir doeleindes van kennis en volledigheid hier weer te gee:

"The main task of the Congress [of the People] will be to draw up a 'Freedom Charter' for all peoples and groups in South Africa. From such a Congress ought to come a Declaration which will inspire all the peoples of South Africa with fresh hope for the future, which will turn the minds of the people away from the sterile and negative struggles of the past and the present and to a positive programme of freedom in our lifetime. Such a charter properly conceived as a mirror of the future South African Society can galvanise the people of South Africa into action and make them go over into the offensive against the reactionary forces at work in this country, instead of being perpetually on the defensive, fighting rearguard actions all the time."[299]

In die finale instansie is dit belangrik om kennis daarvan te neem dat prof. Matthews nie 'n Kommunis was nie. Prof. Welsh beskryf dit soos volg:"The Freedom Charter had its origins in an impeccably non-communist source, namely Professor ZK Matthews... and the country's most distinguished African scholar..."[300]

Op die binnelandse politieke terrein is die slagordes opgestel en vir dekades wat sou kom sou die Nasionale Party-regering en die African National Congress mekaar op allerlei wyses konfronteer, probeer troef en selfs probeer vernietig. Die binnelandse politieke terrein was in die verslagtydperk besig om meer gespanne te raak en sou in die toekoms snaarstyf gespan word.

---

298 Morgan Norval, *Inside the ANC*: *The Evolution of a Terrorist Organisation* (Washington DC: Selous Foundation Press, 1990), 48.

299 David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 114.

300 David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 113 - 114.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. OPSTANDE TYDENS DIE HERFS-OESTYD IN KOREA

"Now our young patriots have risen in an effort to protect our fatherland from the danger of re-colonization! It is their aim to clear this land of bad policemen who repress our true patriots, bad officials who extort excessive quotas of rice, and pro-Japanese traitors who are behind them" ~ A leaflet that was circulated in Paech'ŏn[301]

Alhoewel die een eintlik uit die ander voortvloei, bring die opstande tydens die Herfs-oestyd twee belangrike punte na vore. Die een toon dat Amerika nie die gemaklikste beginjare van regering in Suid-Korea gehad het nie. Alhoewel kommunisme en die ekspansionistiese beleid van Rusland as potensiële bedreigings gesien is, is dit uit hierdie hoofstuk duidelik dat Amerika binne Suid-Korea nie behoorlik die gevoel van die mense geken het of verstaan het of in aggeneem het nie. Alleen die insig en oordeel van die administrasie het gegeld. Die vooropgestelde idee dat die betrokke gemeenskaps-organisasies noodwendig die kommunisme en die Russiese ideaal wou bevorder, was waarskynlik 'n oordeelsfout. Die gemeenskapsvrees vir 'n volgende rondte oorheersing is misgekyk. Die ander punt bring Suid-Afrika in die prent en toon in bepaalde opsigte dieselfde benadering as Amerika. Alhoewel die binnelandse omstandighede van Suid-Afrika kompleks was en 'n lang geskiedenis het en sonder om die potensiële bedreiging van kommunisme en Kommuniste te ignoreer, het die hoofstukke hierbo gepoog om bepaalde insig te bring.

Soos met Amerika in Suid-Korea, is die indruk duidelik dat Suid-Afrika oor die verslagtyd in so 'n mate mense en organisasies wat die binnelandse beleid van die regering op vreedsame wyse teengestaan of selfs kritiseer het, noodwendig as kommunisties of Kommuniste uitgewys is. 'n Situasie wat vererger het toe vreedsame teenstand in protesaksies omgesit het. Die gevolg was dat geen opbouende gesprek plaasgevind het nie. Trouens, gewone aspirasies van Suid-Afrikaners, soos dié van Suid-Koreane, is ook in kennis, begrip en inagneming nagelaat. Die konteks van hierdie studie maak die Herfs-opstande relevant.

Japan het Korea reeds in Augustus 1910 koloniseer en tot die einde van die Tweede Wêreldoorlog bewind gevoer. Oor hierdie jare het Japan 'n wye omvang van regering ontwikkel. Daar was egter wydverspreide ontevredenheid oor Japan se onderdrukkende

[301] Hugh Deane, *The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc.,1999), 35.

regering. Die Japannese het verskeie veranderinge aangebring. Onder andere is die inheemse of tradisionele owerhede opgeskort. Hulle het ook gepoog om die kultuur van Koreane te verander, selfs die gedwonge naamsverandering van sommige mense. Dit is gemeensaak dat daar aan die einde van die oorlog, na die oorgawe van Japan, 'n vakuum in die regeer van Korea ontstaan het. Amerika het die leiding in Suid-Korea geneem, terwyl die Sowjet-unie dit in Noord-Korea gedoen het.[302]

Plaaslike komitees is in verskillende dorpe regoor Suid-Korea gestig om plaaslike regering te herstel. Hierdie komitees was oorspronklik vertakkings van die Voorbereidingskomitee vir die Opbou van die Land (PCBC, Preparatory Committee for Building the Country). Die komitees was verder aangemoedig deur die groter instansies soos, Yõ Unhyŏng en die Korean People's Republic (KPR). Lede van twee verskillende agtergronde was in hierdie komitees verteenwoordig wat weer in twee groeperinge verdeel was. Aan die eenkant was daar die onbekende intellektueles en teenoor hulle ook die bekende en gesiene persone vanuit die plaaslike gemeenskappe. Elkeen van hierdie twee groepe wou hulle beurt gehad het om leiers te wees en die land te regeer.[303]

Al was Korea na die TWO letterlik in twee verdeel, met die Noorde as sosialisties en die Suide as kapitalisties, was die Amerikaners steeds agterdogtig oor die instelling en aktiwiteite van plaaslike komitees. Juis as gevolg van Amerika se sensitiwiteit vir kommunisme het dit hulle sensitief en versigtig gemaak.[304] Bes moontlik hieroor dat hulle militêre hoofde hierdie komitees eintlik heeltemal verkeerd opgesom en beoordeel het. Hulle het die plaaslike komitees daarvan beskuldig dat hulle kommunistiese doelwitte het. As gevolg daarvan dat die Amerikaanse Militêre owerhede in eie oortuiging seker was van die gronde vir hulle beskuldigings, het hulle die amptelike erkenning van die komitees

---

[302] "South Korea marks 100th anniversary of colonisation by Japan," *Asiaone News*, August 29 2010,(aanlyn weergawe) 2011. <http://news.asiaone.com/News/Latest%2BNews/Asia/Story/A1Story20100829-234506.html> (13 Februarie 2013).

[303] Keith Pratt, Richard Rutt & James Hoare,*Korea: A Historical and Cultural Dictionary* (Richmond Surrey: Curzon Press,1999), 347.

[304] "South Korea marks 100th anniversary of colonisation by Japan." *Asiaone News*, Aug 29, 2010. (aanlyn weergawe) 2011. <http://news.asiaone.com/News/Latest%2BNews/Asia/Story/A1Story20100829-234506.html> (13 Februarie 2013).

geweier. In 1945, en weer so in 1946. Hulle selfs sover gegaan as om van die lede in hegtenis te laat neem en op daardie wyse uit die gemeenskap te verwyder.[305]

Die inhegtenisnemings wat onder hierdie omstandighede uitgevoer is en die nie-erkenning van die komitees was klaarblyklik net so aanvaar en uiteindelik toegelaat om 'n stille dood te sterf. Indien die Amerikaners en die komitees mekaar eerder kon vind en 'n ooreenkoms tot samewerking kon uitwerk, sou dit 'n positiewe bydrae tot die hantering van plaaslike probleme kon lewer. Lede van die komitees was immers Koreane wat vertroud was met die plaaslike omstandighede. Die nie-erkenning van daardie komitees en inhegtenisneming van sommige lede moes die ongetwyfeld die verkeerde boodskap na die gemeenskap uitgestuur het, naamlik een van 'n volgende rondte van onderdrukkende oorheersing. Persepsies soos hierdie behoort natuurlik eerder vermy te word om sodoende ander probleme te vermy.

As gevolg van die Japannese besetting en die wyse waarop hulle die inwoners behandel het, was die Koreane moeg daarvoor om onderdruk te word. Hierdie weersin teen onderdrukking het in die laaste maande van 1946 baie sterk na die oppervlak begin kom. In September daardie jaar het burgerlike opstand op die arbeidsterrein sy verskyning begin gemaak. Stakings het in Pusan onder die treinspoorwerkers begin. Daar het so ongeveer 8000 werkers op 23 September gereedskap neergesit en net geloop. Hierdie stakings het vanaf Pusan tot by Seoul, die hoofstad van Suid-Korea, uitgebrei. Dit het veroorsaak dat treinvervoer regdeur Suid-Korea tot stilstand gekom het.[306] Die stakende treinspoorwerkers was deur die plaaslike koerante ondersteun. Die stakings het nou vinnig na ander sektore uitgekring. Binne dae het hierdie stakings dan ook na ander nywerhede soos elektrisiteit, drukkerye, die telegraafkantoor, asook poskantoorwerkers uitgebrei.[307]

Die aantal stakers het vinnig gegroei en die arbeidsaksie in so 'n mate uitgebrei, dat dit spoedig 'n algemene staking bereik het. Selfs skoolkinders van 'n gesiene hoërskool, die Kyŏnggi Hoërskool, was die eerste wat hulle bydrae gelewer het deur te weier om klasse

---

[305] Keith Pratt, Richard Rutt & James Hoare,*Korea: A Historical and Cultural Dictionary* (Richmond Surrey: Curzon Press, 1999), 347.

[306] Mark Peterson & Phillip Margualies,*A Brief History of Korea* (New York: Facts on File Inc., 2009), 192.

[307] Bruce Cummings,*The Origins of the Korean War. "Autumn Harvest Uprisings"* New Jersey: Princeton University Press, 1981), 352.

by te woon.[308] Die stakings, wat nou landwyd voorgekom het, was reeds 'n maand aan die gang toe ander skole en tersiëre instellings betrokke geraak het. Op 1 Oktober het duisende skoolkinders en studente die strate in gevaar en 'n massabetoging gehou om hulle ondersteuning van die staking te wys. Tot soveel as 16 000 kinders en studente het in strate regoor Suid-Korea marsjeer. Die polisie het saam met die regse jeugbendes gewerk en betogers aangerand.[309]

Onder andere is 'n kind gedood as gevolg van die polisieoptrede. Die gevolg hiervan was dat 'n groep betogers die volgende oggend, 2 Oktober, in Taegu, die strate ingevaar het. In die arms van die voorste ry was die lyk van die kind wat die vorige dag deur die polisie en jeugbendes gedood is. Hierdie en die algemene optrede van die polisie teenoor die stakers is as swak veroordeel.[310] Baie soortgelyke omstandighede, ampter 'n *dé javu*, was dertig jaar later ook in Suid-Afrika te sien.

Op 16 Junie 1976 het skoolkinders in Soweto in opstand gekom teen 'n regeringingsbeleid in verband met Afrikaans as 'n gedwonge gedeeltelike onderrigtaal in swart skole. Alhoewel ontevredenheid oor 'n verskeidenheid van sake oor 'n lang tyd besig was om op te bou, was dit klaarblyklik die taalkwessie wat die vonk in die kruitvat was. Hoe ookal, die eerste noodlottig gewonde deur die polisie was 'n skoolseun. Op daardie dag het die kinders en ander die skiettoneel verlaat, terwyl hulle die lyk van die dertienjarige Hector Peterson, as eerste slagoffer van daardie tragiese gebeurtenis, in die straat gedra het.[311] Net soos in Suid-Afrika in 1976 met uitgebreide betogings en onluste, het die gemeenskap in Suid-Korea in 1946 ook na daardie voorval in opstand gekom.

Die Oktober-opstande het 'n uitkringeffek gehad van demonstrasie en ook oproer in die Kyŏngsang-provinsies, Suid-Chŏlla, Kyŏnggi en Kangwŏn. Hierdie opstande het aangehou tot laat in Desember 1946.[312] Soos die opstande deur die land versprei het was dit deur verskeie magte wat uit die Amerikaanse Weermag, die Koreaanse Polisie en ook die

---

[308] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War. "Autumn Harvest Uprisings*" (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 352.

[309] Hugh Deane, *The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc., 1999), 34.

[310] Mark Peterson & Phillip Margualies, *A Brief History of Korea* (New York: Facts on File Inc., 2009), 192.

[311] David Welsh, *The Rise and Fall of Apartheid* (Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009), 151 - 161.

[312] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press,1981),352.

Koreaanse Militêre Polisie bestaan het, onderdruk.[313] Laasgenoemde groep was eintlik die Koreaanse Weermag, maar mag nie openlik as sodanig bekend gewees het nie. Genl. John R. Hodge het opdrag van Amerika gehad om nie ‘n Koreaanse Weermag te vorm nie. Hy het van ‘n kombinasie van die magte wat hierbo genoem is, gebruik gemaak. Taktieke wat gebruik was om die opstande te onderdruk was brutaal en in baie opsigte sal dit selfs as barbaars aangemerk kon word. Die magte wat verantwoordelik was om die opstande te onderdruk het in sommige gevalle hele nedersettings uitgewis en die inwoners op die wreedste maniere vermoor.[314]

Die Oktober-staking(s) het hoofsaaklik om twee redes plaasgevind. Enersyds, hulle het beter werk- en leefomstandighede gevra. Andersyds, die stakers en ander deelnemers aan protesaksies wou die gevolge van die Amerikaanse besetting omkeer en sake herstel soos dit was voor enige ingemenging plaasgevind het. Die staking het ‘goed’ begin. Daar was min geweld in die eerste week en die demonstrasies deur die strate van Suid-Korea was taamlik ordelik. Die stakers se eise het oor feitelik dieselfde soort sake gehandel as dié waarmee hulle geworstel het onder die regeertyd van Japan. Die werkers en kleinboere het gevra vir beter verhoudinge of balans tussen die produksie van rys en inkomste daaruit, hoër lone en beter werksomstandighede in die fabrieke. Die werkers het nie net hierdie verbeteringe vir hulle self gevra nie, hulle het ook gevra dat werkloses en persone wat teruggekeer het na Suid-Korea, nadat die Japannese die land verlaat het, ook rys en huise moet ontvang.[315] Hierdie eise, soos dit deur die stakers gestel is, was nog redelik deur die Amerikaners aanvaar. Dit was egter opvolgende eise, hieronder na verwys, wat die Amerikaanse Militêre Owerheid (AMO) laat glo het dat Rusland agter dit alles was. Die AMO het die skuld op die Kommuniste van Noord-Korea gepak en hulle daarvan van beskuldig dat hulle die opstande aangehits het.

Die stakings was gevolg deur oproerigheid in die platteland. ‘n Voorbeeld hiervan is Suid-Chŏlla. Hier was die plaaslike organisasies baie sterk en die Rooi-kleinboer Unies het al sedert die 1930’s hier bestaan.[316] Die eise wat die Amerikaners tot so 'n gevolgtrekking laat kom het dat dit deur die Kommuniste orkestreer is, was die volgende: werkers van die verskillende sektore het aangedring op ‘n “demokratiese arbeidswet” - wat Noord-Korea

[313] Mark Peterson & Phillip Margualies, *A Brief History of Korea* (New York: Facts on File Inc., 2009), 192.

[314] Mark Peterson & Phillip Margualies, *A Brief History of Korea* (New York: Facts on File Inc., 2009), 192.

[315] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 354.

[316] Hugh Deane, *The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc., 1999), 34.

reeds gehad het. Verder is aangedring op die vrylating van politieke gevangenisse en dat daar ‘n einde moet kom aan reaksionêre terreur. Die laaste eis was daarop gerig om meer mag vir die plaaslike komitees te verkry.[317] Hierdie versoeke kon alles as redelik aanvaarbaar beskou word en daarom het daar in politieke verslaggewing van koerante oor ‘n wye spektrum ondersteuning vir hierdie opstande opgegaan. Vir die AMO, wat volgens eie oortuiging baie meer op die hoogte was van gebeure op die grond, was dit egter net nog ‘n teken dat Korea en sy mense nie gereed was om hulself te regeer nie.[318]

Daar was ook ‘n groep rebelle wat in opstand gekom het teen die AMO en die wyse waarop hulle te werk gegaan het. In besonder was hierdie teenstand op die bewering gerig dat mense gemartel en doodgemaak is en dat die huise van burgers binnegeval en vernietig is. Die rebelle het hoofsaaklik uit kleinboere bestaan. Hulle was egter nie alleen in hulle stryd teen die Amerikaners en die jeug-rebelle nie. Arbeiders, smouse, kleinhandelaars en studente het by die groep kleinboere aangesluit. Die rebelle het nie vuurwapens gehad nie. Hulle was meestal met plaasgereedskap, bamboesstokke, knuppels en spiese toegerus. Met hierdie tipe wapens het die rebelle dieselfde gevegstegnieke toegepas, soos hulle vaders in die Tonghak-rebellie gedoen het.[319]

In die drie jaar van Amerikaanse besetting was daar nie weer opstande ervaar soos dié van 1946 nie. Dit het die regering en die burgery op elke vlak geruk. Al wat die Suid-Koreane eintlik wou gehad het was om die gevolge van die Japannese besetting, wat hulle sosiale orde omvergewerp het en die Amerikaners wat nie die praktyk in die herstel daarvan noodwendig reg gelees het nie, terug te draai. Hiervoor moes baie egter met hulle lewens betaal. Die volgende is vier interessante punte van hierdie opstande wat ‘n invloed op die latere ontwikkeling gehad het:

- “... [dit] het duidelik die mislukkings uitgewys van die Militêre Owerheid. Die foute in hulle politieke– en ekonomiese beleide, asook op sosiale gebied;
- Die rebellies het ‘n einde beteken aan die mense-komitees en groter organisasies wat hulle self begin assossieer het met die rebellies, soos met sterk politieke magte wat openlik met mekaar kompeteer het vir leierskap in die onderskeie provinsies;

[317] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 354.
[318] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 354.
[319] Hugh Deane, *The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc.,1999), 35.

- Die onderdrukking van die 1946-opstande, asook die ondergang van die komitees het ‘n geweldige draaipunt in die voorspoed van die Regse Verteenwoordigers aangedui en so ook dié van die Koreaanse Polisie; en
- Die vinnige verspreiding van die opstande het die effekte van omgewingsfaktore gemanifisteer op die politiek van ‘n bevryde Korea.”[320]

Soos genoem het die Amerikaners omtrent dadelik verklaar dat kommunisme agter hierdie opstande gesit het. Genl. Hodge het leiers in Moskou en P’yŏngyang verdink en was seker dat hulle die opdragte gegee het. Hy was ook seker dat ‘n militêre aanval vanaf die Noorde in beplanning was. Ondersoeke agterna, en waarnemers, het later verklaar dat hierdie opstande nie ‘n oorlog of komende oorlog of ‘n rewolusie verteenwoordig het nie. Die opstande van kleinboere, treinspoor– en fabriekwerkers was maar net die gewone kleinboer en werker wat opgestaan teen die persepsie van verdere onderdrukking en dus ‘n poging om vryheid te ervaar.[321] Die onderdrukking van die opstande en nie-erkenning van plaaslike komitees aan Amerikaanse kant het, soos gestel, hierdie bedoeling verkeerd gelees.

Dit was ‘n groot skare werkers en kleinboere wat teen die onbillikheid en gewoon verkeerdhede of dwalinge van die Amerikaners, soos ook teen die Japannese, begin protesteer het.[322] Dit word bereken dat daar uiteindelik tot 251 000 inwoners van Suid-Korea aan die stakings en opstande deelgeneem het.[323] In Seoul alleen is 295 ondernemings tydens hierdie opstande tot stilstand gedwing.[324]

Die koste van hierdie onverwagse opstande vir die Amerikaners was groot. Die totale sterftesyfers is nooit regtig bepaal nie of, eerder, dit kon eintlik nie bepaal word nie. Een van die redes hiervoor was dat daar binne die gees van geweldadigheid en ‘n gebrek aan ‘n sosiale struktuur van wet en orde, wat daardie tyd nog sterk aanwesig was, by van die families ‘n vrees vir weerwraak laat ontstaan het indien hulle die dood van geliefdes sou

[320] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981),354.

[321] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981),351 & 352.

[322] Hugh Deane, *The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc.,1999), 35.

[323] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean Warb* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 354.

[324] Hugh Deane,*The Korean War 1945 – 1953* (San Francisco: China Books & Periodicals Inc.,1999), 34.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanmeld.[325] Die mislukking van die komitees ten opsigte van politieke mag het twee jaar later, in 1948, na vore gekom. Ongelukkig vir die Amerikaners en saam met hulle eie foute, was die wrewel jeens die Japannese en die vrees vir nuwe onderdrukking nog steeds hoog.[326] Wrewels en vrese wat deur die Amerikaners nagelaat is. Hier te lande was die wrewels en aspirasies deur opvolgende regerings tot laat in die vorige eeu ook nagelaat.

[325] Bruce Cummings, *The Origins of the Korean War* (New Jersey: Princeton University Press, 1981), 379.

[326] Keith Pratt, Richard Rutt & James Hoare, *Korea: A Historical and Cultural Dictionary* (Richmond Surrey: Curzon Press, 1999), 347.

6. DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG IN DIE KOREAANSE OORLOG EN KAAPSE MEDIADEKKING

"In the past it has been pondered what influence the news media exercises over public opinion. However, in the case of the Korean War we see that sometimes the greatest impact of all is the one that the conditions on the home front have on the journalist."[327]

Om binne die konteks van die aangehaalde passasie hierbo kortliks oor die dekking van die Koreaanse Oorlog deur Kaapse media te besin, sal dit nodig wees om eers enkele aspekte van die Amerikaanse situasie te oorweeg. Soos dit in hoofstuk 3 aangetoon is, het Suid-Afrika en Amerika bepaalde ooreenkomste gehad wat binnelandse beleide betref. Een daarvan was dat beide lande nie net sterk teen kommunisme ingestel was nie, maar binnelands ook allerhande optrede ingestel het om dit te bestry. Vir doeleindes van verslaggewing maak dit dus die binnelandse omstandighede in Amerika net so relevant soos dié in Suid-Afrika.

In die geval van die Amerikaanse media was die verslaggewing eintlik sonder kritiese sifting en oorweging aan die publiek gelewer. Terugslae op die oorlogsfront het nie voorbladnuus gehaal nie. Daarteenoor was vordering deur die militêre weer oorspeel. Amptelike inligting wat verkry is, selfs al was dit verdag, was klaarblyklik onbevraagd aan die publiek meegedeel. Daar was met ander woorde 'n sterk onkritiese aanbod van nuus in die media, beide wat die militêre en die politiek betref. Die redes kan onder andere gesoek word in die feit dat toestande in die gevegsomgewings sodanig was dat joernaliste op verslae vanaf die weermag moes staatmaak. Vanselfsprekend sou dit in bepaalde gevalle sodanig aangepas word ten einde die VVO-magte se beeld te beskerm of dalk om te verhoed dat sensitiewe inligting wat tot nut vir die vyand kan wees, na buite bekend raak.[328] Dit kan ook gesoek word in Genl. MacArthur se formele muilband van kritiese

[327] Andrew Fraser, "News of War in a Distant Land: The News Media and the Korean War," *Canadian Journal of Media Studies,* Vol. 5(1). 113. <http://cjms.fims.uwo.ca/issues/05-01/fraser.pdf> (14 Februarie 2013).

[328] Andrew Fraser, "News of War in a Distant Land: The News Media and the Korean War," *Canadian Journal of Media Studies,* Vol. 5(1). 113. <http://cjms.fims.uwo.ca/issues/05-01/fraser.pdf> (14 Februarie 2013).

verslaggewing oor terugslae, oneffektiewe toerusting, kritiek op die regeer van Suid-Korea ensovoorts.[329]

Volgens die bedoeling van Fraser, in navolging van die aanhaling hierbo, kan dit inderdaad ook gesoek word in die omstandighede aan die tuisfront. Met ander woorde, die aard van die verslaggewing kon ook met die verwagtinge by die huis te make gehad het en nie net van die oorlogsfront af huistoe nie. Die Koreaanse Oorlog was die eerste binne die gespanne era van die Koue Oorlog. Amerika was tuis gesien as die muur of groot verdediger teen kommunisme. Net voor die oorlog het Rusland 'n atoombom getoets en China het na 'n staatgreep kommunisties geword. Toe kom die Koreaanse Oorlog. Drie belangrike opeenvolgende verwikkelinge wat aanleiding gegee het tot 'n gevoel van vrees binne Amerika dat die land sy greep begin verloor.[330] Vanuit hierdie perspektief was dit asof die media nie net gerusstellende beriggewing wou deurgee nie, maar ook ondersteuning aan die publiek, die politici en die militêre wou bied. Die teen-kommunistiese sentiment en sukses in die bestryding daarvan moes eerder bevestig as bevraagteken word.

Oorlog en konflik was nog altyd deel van die mens. In die moderner tye is daar 'n groter gemeenskapsverwagting om daaroor ingelig te word. Dit het reeds in ons samelewing uitkristaliseer en dit word algemeen aanvaar dat die media hierdie verantwoordelikheid teenoor die publiek het.[331] Vanselfsprekend sal sulke beriggewing nie tot alle mates kan plaasvind nie. Natuurlik moet die potensiaal van benadeling wat dit vir die vegtendes kan inhou, sou sensitiewe inligting onbehoorlik hanteer en bekend gemaak word, inaggeneem word. Daarby sal die regeringsbeleid oor benadering van die media ook 'n invloed uitoefen. Binne hierdie omgewing en beperkende faktore aan die een kant en publieke verwagting aan die ander kant, moet die media volgens algemeen geldende reëls te werk

---

[329] Douglas Porch, "No bad stories: The American Media-Military Relationship," *Naval War College Review,* Winter 2002, Vol LV, No.1. <www.polsci.wvu.edu/duval/Ps791/Notes/eLibrary/AmDefPolicy_Ch5.pdf> (15 Februarie 2013).

[330] "Andrew Fraser, News of War in a Distant Land: The News Media and the Korean War," *Canadian Journal of Media Studies,* Vol. 5(1). 112 & 113. <http://cjms.fims.uwo.ca/issues/05-01/fraser.pdf> (14 Februarie 2013).

[331] Charl Francois de Klerk, "Militêre Beriggewing in Suid-Afrika soos gemanifesteer in Beeld" (M.Tech Joernalistiek, Tshwane Universiteit vir Tegnologie,2007),1. <http://libserv5.tut.ac.za:7780/pls/eres/wpg_docload.download_file?p_filename=F656486445/DeKlerkC.pdf> (16 Februarie 2013).

gaan. de Klerk verwys hier na "persteorieë wat universeel geld en rigting gee aan die wyse waarop joernalistieke take uitgevoer word." Ook dat hierdie "botsings van belange" in alle samelewings aangetref word. Binne hierdie verhouding moet die partye steeds sinvol funksioneer deur balanse te vind. As verwysing na die bekende spreekwoord dat die "pen magtiger is as die swaard", verwys de Klerk na 'n opmerking van Napoleon: "Four hostile newspapers are more to be feared than a thousand bayonets."[332]

Gegewe die gewone reëls wat hierbo na verwys is, was daar, sover dit die Koreaanse Oorlog betref, nie ander beperkende voorskrifte vir die Suid-Afrikaanse media, en vir doeleindes van hierdie studie, die betrokke Kaapse media nie. Dit was dus hier te lande 'n funksie wat die media eerlik en onbevange kon verrig. Gegewe dit, kan die vraag dus tereg gevra word of daar aan die tuisfront in Suid-Afrika 'n kritiese en onbevange verslaggewing oor die oorlog was en of die omstandighede as gevolg van die binnelandse beleid teen kommunisme en andersins, onkrities was?

By oorweging van hierdie vraag sal dit nodig wees om 'n oorsig van die omstandighede in aanloop tot deelname aan die Koreaanse Oorlog en tydens die oorlog te onderneem.

Die oorlog het nie net Noord-Amerika, Brittanje en die Ooste geraak nie, maar wyer. Dit was 'n oorlog, soos ook in hierdie studie ondersteun word, wat met die Koue Oorlog in verband gebring kan word.[333] Uit die aard van die rede waarteen die oorlog gevoer is, is die saamstaan van eendersdenkende nasies uit die pas afgelope TWO teen 'n gemeenskaplike vyand binne die georganiseerdheid van die VVO, nie vreemd nie. Dit is dus vanselfsprekend dat, met die besondere uitsondering van Rusland, ander deelnemende lande wat aan die geallieerde kant geveg het, direk geraak sou word. As 'n voormalige geallieerde het Rusland nou 'n opponent geword.

Na beeïndiging van Japannese heerskappy oor Korea, met die regeervakuum, soos genoem in hoofstuk 5, en met die duidelike lyne wat tussen Rusland en die Weste getrek

---

[332] Charl Francois de Klerk,"Militêre Beriggewing in Suid-Afrika soos gemanifesteer in Beeld" (M.Tech Joernalistiek, Tshwane Universiteit vir Tegnologie, 2007),5. http://libserv5.tut.ac.za:7780/pls/eres/wpg_docload.download_file?p_filename=F656486445/DeKlerkC.pdf> (16 Februarie 2013).

[333] "Division of Korea post the II World War," *History about the Korean War*, 2013. <http://www.buzzle.com/articles/history-about-the-korean-war.html> (15 Februarie 2013).

is in terme van ideologiese en staatkundige benaderings, was die tafel gedek vir die stryd tussen sosialisme en kapitalisme. Vanuit die Westerse hoek was dit ‘n stryd teen kommunisme en die ekspansionistiese beleid van die Sowjetunie, wat nie net reeds in Europa en elders ervaar is nie, maar ook met Russiese steun in Noord-Korea. In Korea wou die Noorde die Suide aan kommunisme onderwerp, terwyl dit in die Suide, waar ‘n demokrasie voorgestaan is, verwerp is.[334] Indien onderwerping egter suksesvol sou wees, is dit redelik om te aanvaar dat dit aan Sowjetunie verdere geleentheid vir gebiedsuitbreiding of minstens uitbreiding van sy ideologiese invloedsfeer sou wees. Die kommunisties-gerigte Noord-Korea sou ook ‘n bondgenoot in die stryd tussen die Ooste en die Weste wees.

Suid-Afrika was op daardie stadium by duidelike verklaring en optrede, soos aangetoon in hoofstuk 3, sterk teen kommunisme gekant en in sy binnelandse beleid vooraan in die bestryding en onderdrukking daarvan. Dit was dan ook waarom die land ondersteunend van ander lande, soos Amerika, in hulle stryd teen kommunisme was. Deelname aan die oorlog of nie, Suid-Afrika en sy burgery sou op die een of ander wyse geraak of beïnvloed word. Neem hulle deel, sal dit ‘n opoffering vra, beide in terme van mense en finansies. Word teen deelname besluit, word die verantwoordelikheid as VVO-lid versaak en so ‘n bondgenootskap met nie-kommunistiese lande teen uitbreiding van die gemeenskaplike vyand.

Die nuus dat die oorlog in die Verre Ooste op 25 Junie 1950 uitgebreek het was die volgende dag in die Suid-Afrikaanse koerante rapporteer. Die Burger, asook die Cape Times, beide Kaapse dagblaaie, het op 29 Junie rapporteer dat die Suid-Afrikaanse regering ‘n verklaring uitgereik het wat meegedeel dat die regering “is bereid om enige noodoproep om steun aan Korea sorgvuldig en simpatiek te oorweeg.” Die regering het ook verklaar dat hulle binne die beperkinge van die omstandighede hierin met Brittanje en ander Statebondslande sal saamwerk. Verder, dat hulle die optrede van die Veiligheidsraad steun.[335],[336] Teen hierdie tyd was die Suid-Afrikaanse regering al deur die VVO oor hulpverlening genader. Die volgende dag, 30 Junie, het Malan ‘n brief vanaf Sam

[334] “Division of Korea post the II World War,” *History about the Korean War*, 2013. <http://www.buzzle.com/articles/history-about-the-korean-war.html> (15 Februarie 2013).

[335] “Suid-Afrika en die Stryd in Korea – VVO Se Aanbeveling Oor Hulpverlening” *Die Burger* 29 Junie 1950, 1

[336] “UK Press Approves Korea Action – SA in Commonwealth London Talks Today” *Cape Times,* 29 June 1950, 1.

Henry Friedman, ‘n gesant van die VVO uit Milan ontvang. In die brief het Friedman aan Malan verduidelik dat hy, na President Truman se verklaring aan die wêreld - namens Suid-Korea, die voorreg het om die Suid-Afrikaanse regering te vra of eerder vriendelik te versoek om deel te neem aan die oorlog en in die stryd teen kommunisme.[337]

Sedert Suid-Afrika deur die VVO om hulpverlening gevra is, was die land deurentyd op die hoogte gehou van verwikkelinge in Korea en ander lande wat aan die oorlog deelgeneem het. Op 5 Julie was daar ‘n brief aan die sekretaris van Buitelandse Sake in Pretoria gestuur. Daarin het die sekretaris van die VVO-afvaardiging verduidelik hoeveel lande hulle magte beskikbaar gestel het sedert hulle laaste kontak met die Suid-Afrikaanse regering.[338] In hierdie periode tot 5 Julie is die sekretaris-generaal deur meer as tien lande van hulle ondersteuning verwittig.[339] Afgesien daarvan dat die VVO Suid-Afrika, as ‘n lidland op hoogte gehou het oor watter lande ingestem het om Amerika in Korea te ondersteun, het Erasmus se besoek aan Amerika ook bygedrae. Tydens Erasmus se besoek aan Amerika in 1949, het hy die NP-regering se sterk anti-kommunistiese beleid baie duidelik aan die Amerikaanse regering gestel.[340] Die lande het immers ‘n gemeenskaplike vyand waarom sal hulle dan nie ‘n land soos Suid-Afrika vra om deel te neem nie.

Baie ander lande het ondersteuning gewys vir die VVO ten opsigte van die oorlog. Al die ondersteuning was egter nie militêr of van ‘n ander fisiese aard nie. Geskrewe vorderingsverslae en versoeke om hulp van Suid-Afrika, was as gevolg van die land lid se lidmaatskap van die VVO en nie net omdat daar by wyse van fisieke bydraes dringend hulp in Korea nodig was nie. Hoe ook sy, uiteindelik het dit ook oor dringende fisiese hulp gegaan en hierdie amper ‘uitroep’ deur die VVO was natuurlik binne die gees van daardie tyd heeltemal verstaanbaar. Dit is gemeensaak dat die TWO ‘n uitmergelende oorlog was. ‘n Gevolg daarvan was dat lande, veral deelnemende lande, oor die algemeen in alle

---

[337] Brief van Sam Henry Friedman aan Malan, 30 Junie 1950. *Political Development in (a) Korea (b) Formosa.* Registry 3-7-1950 BTS VOL 3 1/6/11

[338] Die eertydse benaming van die funksionele hoof van 'n staatsdepartement. Dit word vandag die direkteur-generaal genoem.

[339] Departement van Buitelandse Sake 5 Julie 1950. *Political Development in (a) Korea (b) Formosa.* Registry 14-7-1950. BTS VOL 3 1/6/11

[340] Louisa Jooste, “FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948-1959,” (MA Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, 1995), 178.

belangrike opsigte deur die oorlog uitgeput is. Toe die oproep van die VVO om hulp in Korea dus uitgegaan het, was daar lande wat nie baie gretig was om hulp, in besonder militêre hulp, te stuur nie. Bloot omdat hulle nie oor die nodige hulpbronne beskik het nie. Die na-oorlogsjare was duidelik nie lank genoeg om te herstel nie. Minstens nie om weer in 'n volskaalse oorlog, en op 'n ander kontinent daarby, betrokke te raak nie. Soos hieronder aangetoon, die regering se huiwering om hulpverlening het juis oor dit gegaan. Die uitwerking van die TWO moet nie onderskat word nie. Ook nie op politieke vlak nie. In Suid-Afrika was dit 'n ruim bydraer tot die nederlaag van die VP.

Suid-Afrika se deelname aan die oorlog was dus nie 'n gegewe nie. Belangrike uitvloeisels van die TWO moes in ag geneem word. Deelname sou teen 'n finansiële prys kom. Soos die ekonomiese omstandighede in die na-oorlogsjare was, was dit problematies. Nie net die land self in die breë nie, maar in besonder was die Suid-Afrikaanse Weermag nog in 'n herstelfase. Hierdie was van die faktore wat in ag geneem moes word by oorweging van die VVO se versoek om ondersteuning.

Afgesien van skaars hulpbronne en herstelling, het faktore ook huiwering gebring. Dermot Moore verduidelik in sy proefskrif dat die TWO nog vars was in die geheue van soldate, familie, publiek en les bes ook die politici. As gevolg daarvan wou die NP-regering nie net inspring omdat dit van hulle as lidland verwag was nie.[341] Die gebeure rondom die voormalige VP-regering en dié se ondersteuning van Brittanje aan die TWO het vars in die geheue gelê. Die NP-regering was klaarblyklik nie van plan om dieselfde "fout" te maak nie. Daar was ook die land se uitgesproke afwysing van kommunisme en sterk binnelandse optredes wat duidelike goedkeuring by die stembus gekry het. Die verwagting van ooreenkomstige optrede deur die regering was dus daar en tussen hierdie knellende faktore moes 'n balans gevind word.

Die Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, het Vrydag 30 Junie 'n afspraak gehad met die eerste minister, D.F. Malan. Erasmus het na die Natalse Suidkus gevlieg om die opsies van deelname met die eerste minister te bespreek. Daar was teen deelname besluit. Die Departement van Buitelandse Sake het gevolglik vroeg in Julie opdrag gekry om 'n verklaring aan die media uit te reik waarin Suid-Afrika se posisie en besluit aan die

[341] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953," (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 90.

Veiligheidsraad van die VVO verduidelik word. Die raad moes ook ingelig word dat Suid-Afrika toe die oorlog slegs moreel ondersteun. Ook dat dit buite Suid-Afrika se militêre verantwoordelikheid is. Hierdie verklaring het ook onderneem dat Suid-Afrika noodoproepe tot hulp "simpatiek" sal oorweeg.[342]

Nie almal het egter die regering se sentimente en beskouings gedeel nie. Daar was burgers wat geglo het dat Suid-Afrika wel aan die Koreaanse Oorlog moes gaan deelneem. Sodanige deelname sal prakties demonstreer dat die regering werklik veg vir dit waarteen hulle "predik", naamlik die gevaar van kommunisme. Dit is duidelik dat daar meer as net 'n geïmpliseerde verwagting was dat Suid-Afrika gunstig op die VVO moes reageer. Die redakteur van die koerant, Eastern Province Herald, het in 'n redakteursartikel gesê dat Suid-Afrika nie alleen kan staan of optree nie, dus moet bystand aan die Statebond en die VVO gebied word.[343] Die Cape Times het op sy beurt weer op 1 Julie 'n lys publiseer van nege lidlande wat hulp aan die VVO gebied het.[344] Duidelik het nie net die regering geweet watter ander lande reeds by die Koreaanse Oorlog betrokke was nie, maar deur die media was die publiek ook op hoogte gehou. Die media sou dus die openbare mening sodanig kon beïnvloed dat die regering onder openbare druk kon kom om hulle besluit te heroorweeg.

Op Donderdag 20 Julie het Malan 'n dringende kabinetsvergadering geroep om die verwikkeling in die Verre-Ooste te bespreek en te besluit oor verdere stappe. Die vergadering was gereël nadat die regering nog 'n versoek van die sekretaris-generaal van die VVO ontvang het. Die regering het toe egter net 'n vorige besluit bevestig dat Suid-Afrika nie aan die oorlog sou deelneem nie. Militêr sou dit vir die land onprakties en onrealisties wees.[345] Soos genoem in hoofstuk 3, het Amerika en Suid-Afrika nou bande met mekaar gehad. Na die besluit geneem is het Suid-Afrika en Amerika in gesprek getree oor ander vorme van hulp waarmee Suid-Afrika sou kon help, wat eerder oorweeg kon

---

[342] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953, " (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 80 & 90.

[343] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 90.

[344] "South Africa "Satisfaction" with Korea Move – Statement after Malan's Natal Talks," *Cape Times*, 1 July 1950, 1.

[345] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 90.

word. Alhoewel Amerika 'n lys van 'ander hulp' aan die regering gegee het, het hulle terselfdertyd egter volgehou dat direkte militêre bystand die gunstigste en dus nodigste bydrae sal wees.[346]

Twee dae later, op 22 Julie, het die Cape Times, verslag gedoen oor die kabinetsvergadering en die besluit wat oor die oorlog geneem is. Die berig het nie gehuiwer om duidelik oor die teleurstelling onder sommige NP-lede en ook in die kringe van die opposisie, die VP, verslag te doen nie. Na aanleiding van die Eastern Province Herald was dit vir die regering nodig om met deelname aan die oorlog die "practice what you preach" na te kom. Die teleurgesteldes het gevoel dat deelname aan die oorlog goed sal wees vir die beeld van die land. Daarby sal sou dit ook vir die VVO 'n aanwins wees, veral op psigologiese vlak.[347] Volgens J.G. Strauss, as VP-leier, was dit 'n jammerte dat die regering die kans laat verby glip het oor hulle beskouing. Daardeur is nagelaat om die teen-kommunistiese kruistog te steun.[348] Interessant dat Strauss se klaarblyklike standpunt oor kommunisme verskil met dié van sy voorganger, genl. Smuts, soos vroeër uitgewys, wat die gevaar wat ander in kommunisme gesien het, afgewys het.

Behalwe vir korrespondensie met Amerika en die VVO, het Suid-Afrika ook heelwat amptelike briewe ontvang, onder andere van Australië - ook lid van die VVO. Hierdie brief was 7 Julie geskryf en gepos, maar dit was eers 18 Julie in Suid-Afrika ontvang. Australië het Suid-Afrika in kennis gestel van hulle noodvergaderings en besluite oor die deelname in Korea.[349] Dalk was dit ook maar 'n poging tot aanmoediging van militêre hulp. Met al hierdie korrespondensie tussen die lid-lande van die VVO, Amerika wat vir Suid-Afrika daarop gewys het dat die VVO meer sou baat by militêre bystand en die beriggewing in die plaaslike media wat duidelik 'n ongelukkigheid aangetoon het, het die regering dit in Augustus goed gedink om weer te besin.

---

[346] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 90.

[347] "Cabinet Meeting Secrecy – Malan's Precautions over Talks on Korea," Cape Times, 22 July 1950, 3.

[348] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 91.

[349] Departement van Buitelandse Sake, *Kantoor van die Hoë Kommesaris,* BTS Vol 3 1/6/11 18-07-1950, (Canberra, A.C.T, 7th July 1950).

Die volgende vergadering op 4 Augustus 1950, was uitdagend. Na 'n dag van beraadslagings is besluit dat Suid-Afrika wel in 'n militêre hoedanigheid ondersteunend aan die Koreaanse Oorlog sal deelneem. 'n Gevegseskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) sal na die gestuur word.[350] Hierdie besluit was die volgende dag hoofnuus in Suid-Afrika en deur al die koerante gedek. In die Kaap het Die Burger en die Cape Times dit op die voorblaaie gedra. Die Cape Times se hoofopskrif daardie Saterdag na die vergadering was, "Union Fighter Squadron for the Cabinet Decision to Send Aid to UN."[351]

Die Burger het basies dieselfde opskrif gehad. In die betrokke artikel is gemeld van die "Vrywilligers" wat al gereed is.[352] Lede van die Suid-Afrikaanse Weermag was net verantwoordelik om diens binne Suid-Afrika te verrig. Dit sou dus meebring dat enige persoon wat militêre diens in Korea wou verrig, vrywillig moes gaan.[353] Hierdie vrywilligheid sou eers deur die VVO goedgekeur moes word voordat die eskader kon vertrek. In afwagting van 'n antwoord vanaf die VVO het die aanbod van vrywillige offisiere en manskappe die vraag ver oorskry. Om die eskader personeelgewys toe te rus was net so oor die 200 offisiere en ander personeel nodig. Op daardie stadium was die aanmelding 332 offisiere en 1094 persone van ander range.[354] Op 25 Augustus is die regering meegedeel dat Suid-Afrika welkom was om met vrywilligers aan die oorlog deel te neem. Hierdie mededeling is *via* die generalestaf aan die regering oorgedra.[355]

Na die regeringsbesluit dat Suid-Afrika wel aan die oorlog sou deelneem, het F.C. Erasmus bepaalde opmerkings gemaak oor wat in hierdie verband in Die Burger rapporteer is. Die betrokke artikel meld Erasmus se verduideliking dat die regering rekening gehou het met die moontlikhede dat die oorlogslinie moontlik kan verskuif en die stryd teen kommunisme vinnig kan versprei. In sulke omstandighede sal Afrika, asook

[350] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 91.

[351] "Union Fighter Squadron for the Cabinet Decision to Send Aid to UN," *Cape Times*, August 5 1950,1.

[352] "Unie Regering Stuur Vliegtuie na Korea – Vrywilligers is al Gereed," *Die Burger*, 5 Augustus, 1950, 1.

[353] "Union Fighter Squadron for Korea – Cabinet Decision to send aid to UN," *Cape Times*, 5 Augustus, 1950, 1.

[354] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 1.

[355] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 1.

Suid-Afrika, op die spel kan kom. Verder, die Unie-regering het ook rekening gehou dat die Weste se oë op Suid-Afrika gerig was, juis omdat die Unie die sterkste bestryder van kommunisme in die Suidelike halfrond was.[356]

Suid-Afrika het ook hierdie aanvaarding van sy aanbod tot hulp as 'n groot eer en geleentheid gesien. Buiten dat Suid-Afrikaanse soldate oorsee sou help om kommunisme te stuit, het dit ook gewys dat die land as deel van die wêreld beskou word wanneer dit by belangrike sake kom. Finansies was egter steeds 'n bekommernis. Al het die regering die deelname as belangrik geag, was hulle versigtig oor die uitgawes wat aangaan sou word om te kon volhou met deelname. Hieroor het die Cape Times berig dat die regering, voor dit op 'n meer uitgebreide vlak betrokke sou raak by die Koreaanse Oorlog en dit wat daaruit kon ontwikkel, eers weer 'n parlementêre sitting moes hou om die verdere deelname te bespreek.[357]

Die name van die gekose persone wat sou gaan is op 27 Augustus bekend gemaak. Die hoof van die Lugmag het opdrag gegee dat almal wat vir hierdie sending gekies is op 5 September by die Waterkloof Lugmagbasis moes aanmeld.[358] Agttien offisiere het sleutelposte ontvang in Korea en saam met hierdie offisiere was daar ook 32 vlieëniers en 157 soldate van onder-offisiersrang.[359]

Die Tweede Eskader wat gekies was vir hierdie sending het ook onder 'n ander naam bekend geword, die sogenaamde "Flying Cheetahs". Hulle het hierdie naam ontvang weens die embleme, in die vorm van twee luiperdwelpies, wat op die kante van hulle vliegtuie tydens die Tweede Wêreldoorlog was. Die idee van embleem het gekom van die Eerste Eskader tydens hulle deelname aan die oorlog in Abesinië, Noord-Afrika, in

---

[356] "Unie se Rol in Stryd Geskets – Korea is ook waarskuwing vir Suid – Afrika," *Die Burger*, 7 Augustus, 1950, 1.

[357] "Union Fighter Squadron for Korea – Cabinet Decision to send aid to UN," *Cape Times*, 5 Augustus, 1950, 1.

[358] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 96.

[359] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 1.

1945.[360] Dit moes as 'n motivering en as ondersteuning vir die moraal van die personeel dien.

Na die 5 September-ondersoeke en evaluering by Waterkloof, het die personeel afgekry en moes weer op 25 September by die basis aanmeld. Hulle het toe per trein na Durban gereis vanwaar hulle op 27 September per skip na Japan vertrek het.[361] Nuus oor die vertrek van die soldate vanaf 'n ongespesifiseerde plek, minstens vir die media op daardie stadium, was op die voorblad gewees. Dit is ook berig dat die vlieëniers soveel as moontlik oefenvlugte voor hulle vertrek sal onderneem. Hulle sal ook deur die minister van Verdediging by hulle vertrek toegespreek word.[362] In 'n artikel, weereens op die voorblad, is op 30 September rapporteer dat die soldate wel vanaf die Durban-hawe na Japan vertrek het.[363]

Die Suid-Afrikaanse soldate het 35 dae per skip, die Royal Inter-ocean Lines, na hulle bestemming gevaar.[364] Japan was hulle eerste stop voordat die groep na Korea geneem is. Hulle het uiteindelik op 1 November by hulle bestemming in die Kobe-hawe aangekom.[365] Die Tweede Eskader was nie op hulle eie gelaat toe met hulle aankoms nie. Die Flying Cheetahs was onder die operasionele beheer van die Amerikaanse Lugmag, USAF, geplaas.[366] Op 4 November het die troepe en die offisiere geparadeer vir inspeksie en daarna is hulle verwelkom deur Generaal Sir Horace Robertson, Opperbevelvoerder van die Britse Statebond.

Die volgende is op 'n ligter noot en om die persepsie van velkleur in Suid-Afrika uit te lig: Tydens verwelkoming van die 'nuwe' groep soldate uit Suid-Afrika is daar ook 'n

---

[360] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 1.

[361] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 105.

[362] "Frist SA Airforce men for Korea in 2 weeks," *The Cape Times*, 1 September, 1950, 1.

[363] "UNO meeting held at the parralel – Orders to regroup," *The Cape Times*, 30 September, 1950, 1.

[364] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 105.

[365] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 4.

[366] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982),97.

blaasorkes gebruik. Die Amerikaners het 'n swart blaaskorps gereël om die aand op te tree. Juis omdat hulle van mening was dat die groep vrywilligers van Suid-Afrika swart sou wees, is dit so gereël. Op dié wyse wou hulle daartoe bydra dat die Suid-Afrikaners 'aan die huis' dink. Die verrassing was egter vir die Amerikaners groot toe daar nie 'n enkele swart persoon deel van die groep was nie.[367]

Na afhandeling van die formalitieite en nadat die Suid-Afrikaners begin aanpas het, het hulle op 16 November op die Koreaanse basis K-9, in Pusan-Oos, aangekom. Hulle was toe nog nie deel van die oorlog nie. Die Suid-Afrikaners se operasionele pligte het voorlopig uit verkenning- en vervoervlugte en gereedheid om lugsteun aan grondmagte te gee, bestaan.[368] Terwyl op verkenningsvlugte het hulle hulself vertroud gemaak met die verskillende prosedures en die normale sake van verkenning, byvoorbeeld die kommunikasie-roetes in die noordelike rigting van die frontlinie, die bewegings van die vyand en plekke ter aanvulling van voorraad en magte. Hierdie sendings het gewoonlik tussen 2 ure en 'n dag en 'n half geduur.[369]

In die eerste twee maande wat die SALM in Korea was, het die span steeds nie deelgeneem aan gevegte teen die vyand nie. Hulle was meestal, soos genoem, in 'n ondersteuningsrol vir Amerikaanse vegvliegtuie en later ook reddingstogte. Die ondersteuningsvlugte wat die SALM onderneem het, het bestaan uit een vliegtuig van die Amerikaanse Lugmag en drie vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag en tydens hierdie vlugte het die vliegtuie twee napalmbomme (brandbomme) en ses vuurpyle gedra. Die reddingsvlugte wat hulle onderneem het was om troepe tot hulp te wees wat vasgeval het as gevolg van verrassingsaanvalle deur die Chinese.[370]

Teen Januarie 1951 het die Flying Cheetahs nie meer net ondersteuningsvlugte onderneem nie, hulle was nou ook deel van die lugaanval- en verdedigingspanne. Hulle

---

[367] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 4.

[368] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999),19.

[369] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999),25.

[370] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999),27.

kon hulle self behoorlik bewys. Die nuwe jaar het skaars begin toe die Flying Cheetahs hulle staal gewys het, aldus Die Burger. Die koerant het op 3 Januarie 'n kleurryke beskrywing aan sy lesers gebied oor die werksaamhede en suksesse van die SALM in Korea. Daar is berig dat die Tweede Eskader op 2 Januarie kommunistiese soldate doodgeskiet het. Behalwe vir vyandelike soldate, het hulle ook infrastruktuur en wapentuig op 24 plekke aan die gevegsfront vernietig.[371]

Die puik optrede van die SALM is ook deur Amerikaanse militêre personeel raakgesien en beskryf. 'n Amerikaanse Infanteris het in 'n brief aan die Tweede Eskader die volgende te sê gehad oor die uitvoering van hulle taak: "Four silver streaks dived from the skies with guns blazing. It was a wonderous sight, and momentarily we forgot where we were and stood up in our foxholes, cheering as four Mustangs barely cleared the treetops while putting the enemy to rout."[372]

Op 6 Januarie was dit weer voorbladnuus van die Cape Times, weereens kleurryk en volgens die besonderhede wat beskikbaar was, is beskryf dat die Flying Cheetahs 75 geboue verwoes het. Ook is berig dat hulle 150 ongevalle aan die kant van die vyand veroorsaak het.[373] Januarie was 'n besige en suksesvolle maand vir die Suid-Afrikaners. Op 10 Januarie het luitenant D.C. Ansell en kaptein W.J. Badenhorst 'n napalmbom oor vyandelike grondgebied laat val. Hierdie bom het 'n bergingsplek vir ammunisie getref en 'n groot ontploffing veroorsaak.[374] Saam met hierdie suksesse het die Tweede Eskader ook hartseer ervaar. Op 2 Maart het hulle twee van hulle mees ervare vlieëniers verloor, Foxie Ruiter en Badie Badenhorst. Hierdie twee vlieëniers het ook aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem.[375] Media-dekking soos wat die Cape Times op 27 Maart gedra het, het duidelik die trots impliseer oor die Suid-Afrikaners se vermoëns, goeie suksesse en algemene goeie rekord. Die manne van Suid-Afrika het heelwat medaljes ontvang vir hulle heldedade, asook hulle uitstekende verdedigingsrekord. Die Cape Times het geskryf "...given very good record of themselves". Daar is ook verwys na kommandant S. van

[371] "SA Manne Doen Hul Deel," *Die Burger*, 3 Januarie, 1951, 1.

[372] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 1.

[373] "Cheetahs Destroy 75 Buildings," *Cape Times*, 6 January, 1951, 1.

[374] "UNO Force Thrown out of Wonju – Gains Wiped out," *Cape Times*, 11 January, 1951, 1.

[375] Peter Bagshawe & Dermot Moore, "South Africa's Flying Cheetahs in Korea" (Rivonia: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999), 81.

Breda Theron wat gesê het; "[dat die] Suid-Afrikaanse vlieëniers gerespekteer is vir hulle deeglike, bekwame [en doeltreffende] manier waarop elke missie voltooi is."[376]

Die VVO het gehoop dat 1951 die jaar sou wees waarin hulle suksesvol 'n wapenstilstand sou kon bereik, maar helaas. Op 10 Julie 1951 het die eerste amptelike gesprekke oor 'n wapenstilstand begin. Hierdie vredesgesprekke het aanvanklik maar traag gevorder. Dit was duidelik dat die opponerende partye opponerende idees en verwagtinge van die gesprekke gehad het.[377] Intussen het die gevegte voortgegaan.

Op 18 Julie, onder omstandighede waar hulle eie toerusting reeds voos gebruik was, het die Tweede Eskader tenks van kommunistiese Korea beskadig. Daar was 'n opvolggroep Suid-Afrikaanse vlieëniers wat in hulle Mustangs opgestyg en die vernietiging van die bogenoemde tenks gaan voltooi het. Die Burger het dit met "Geslaagde Aanvalle" in die opskrif van sy artikel hieroor begroet.[378] Dit wil amper lyk asof teenspoed 'n paar dae later op die hakke van 'n reeks suksesse gevolg het. Op 26 en 28 Junie het daar artikels oor die vermiste vlieëniers in die Die Burger verskyn. Op 26 Junie was daar in 'n artikel, onder die somber opskrif "SA Loods Vermis in Korea", rapporteer dat ene luitenant Frisby aan Noord-Korea se kant van 'n grensrivier vermis geraak het.[379] Die volgende dag het mense in Suid-Afrika gelees dat daar nog drie Suid-Afrikaners van die Tweede Eskader was wat spoorloos verdwyn het. Die hoofkwartier in Tokio het groot eer gebring aan hierdie soldate toe hulle die nuus oorgedra het na die hoofkwartier in Pretoria. Weereens was die Suid-Afrikaners geprys vir hulle heldemoed en onverskrokkenheid en dat mens dit net aantref by die dapperes. Ten spyte van terugslae en teleurstellings was dit hierdie tipe berigte wat die mense in Suid-Afrika, asook die militêre personeel in die Verre-Ooste, weer hoop en ook trots gegee het. Hulle dade en opoffering is raakgesien.

Vroeg in Oktober het van die personeel teruggekeer huistoe en was as helde by die Durbanse-hawe ingewag. Saam met die families van die soldate was die Minister van

---

[376] "SAAF Korea Squadron as Truck Busters – Pilots of Squadron Two given very good account of themselves," *Cape Times*, 27 March, 1951, 2.

[377] RA Guiseppe, "Korean War," *International World History Project* <http://history-world.org/korean_war.htm> (30 Mei 2011).

[378] "Suid-Afrikaners Kordaat in Korea – Geslaagde Aanvalle net Benoorde Kaesong," *Die Burger*, 19 Julie, 1951, 1.

[379] "SA Loods Vermis in Korea," *Die Burger*, 26 Junie, 1951, 4.

Verdediging, F.C. Erasmus. Die minister het die Tweede Eskader geprys vir die diens wat hulle verrig het in die Verre-Ooste en in die stryd teen kommunisme. Aan die familie en ander toeskouers het die minister gesê; "Suid-Afrika is die kleinste van die sestien lande wat aan die oorlog in Korea deelgeneem het, maar [Suid-Afrika] kan daarop aanspraak maak dat hy na verhouding net soveel as baie van die ander tot die welslae van die VV bygedrae het."[380] Die inwag van die soldate, hulle begroeting en die toespraak van die minister is positief bemoedigend in die opskrif en die artikel self in Die Burger beskryf. Daarna het nog lede van die Tweede Eskader teruggekeer na Suid-Afrika, sewe offisiere asook 68 lede van die grondpersoneel. Hierdie 75 Suid-Afrikaners was vir 'n jaar in die Verre-Ooste en het 'n welverdiende ruskans gekry. Die vlieëniers van die Tweede Eskader het aangehou om rekords op te stel. Die Burger het berig dat hulle op 7 Oktober soveel as 48 gevegsvlugte uitgevoer het.[381]

November 1951 was daar weer pogings om 'n wapenstilstand te onderhandel. Dit het begin lyk of daar hierdie keer vordering sou kom. Vroeg in November het die skakelbeamptes van die twee partye oor meer sake ooreengestem as in enige stadium van vergaderings sedert Julie. Ten spyte van hierdie vordering was die posisie in die neutrale sones onveranderd.[382] Op 28 Desember het hierdie gesprekke om 'n wapenstilstand onsuksesvol tot 'n einde gekom.[383]

Die Suid-Afrikaanse regering het op daardie stadium van die oorlog reeds groot bedrae geld spandeer. Die kostes verbonde aan Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog was geskat om op daardie stadium voorlopig 'n miljoen pond te beloop.[384] Toe die besluit uiteindelik geneem is om wel aan die oorlog deel te neem was dit aanvaar, al het die bedrag vanselfsprekend toegeneem, soos hieronder na verwys sal word. Die aanvanklike beswaar het egter tussen 'n klomp ander faktore, ook die politieke voordeel vir die regering, vervaag.

Binne die kring van die regering en volgens die boodskap wat die regering na buite en na landsburgers wou uitdra, het dit vir hulle oor die bevegting van kommunisme gegaan.

---

[380] "Suid-Afrika het baie verrig in Korea," *Die Burger*, 5 Oktober 1951, 4

[381] "Korea Manne Kom Aan – Roerende Tonele in Durban se Hawe," *Die Burger*, 6 Oktober, 1951, 4.

[382] "Staak Vuur Nader in Korea," *Die Burger,* 19 Oktber, 1951, 1.

[383] "Koreaanse Oorlog Herleef – Beraad Kom tot Dooie Punt," *Die Burger*, 28 Desember, 1951, 1.

[384] "Oorlog kos Unie £1,000,000 – Deelname aan die Stryd in Korea," *Die Burger*, 20 Januarie, 1952, 1.

Hierdie doelwit was duidelik gemaak in 'n gesprek wat Malan gehad het en is ook gunstig in die media rapporteer. Hy het Suid-Afrika se standpunt gestel en redes gegee en gevare uitgewys oor waarom dit vir Suid-Afrika so belangrik was om kommunisme te gaan help beveg in Korea. Hy het verder in sy boodskap daarop klem gelê dat indien Suid-Afrika nie kommunisme by die agterdeur gaan beveg nie, dan sal hierdie aggressiewe 'Rooi Gevaar' by die voordeur inloop. Met ander woorde, "waar aggressiewe kommunisme vir die wêreld 'n gevaar [was], [was] dit vir Suid-Afrika 'n dubbele gevaar."[385] Dr. Malan het beskryf hoe kommunisme meer verwoestend in Suid-Afrika sou wees, juis as gevolg van die invloed wat dit gehad het op swart persone, omdat dit 'n "spesiale beroep" op sulke mense gedoen het. In hierdie bedoeling het dit nie gegaan oor die onverkwiklike argument rakende die afwesigheid van die stamverband en die leiding van die stamowerhede wat swartes meer vatbaar vir kommunisme gemaak het nie, maar eerder die onopgevoedheid wat kwesbaarheid gebring het. Dit was juis ook as gevolg van hierdie gevaar dat Suid-Afrika toe uiteindelik na deeglike oorweging finaal besluit het om die Tweede Eskader te stuur vir deelname aan die teen-kommunistiese oorlog in Korea.[386]

Mei was ook 'n opwindende maand vir die Suid-Afrikaanse vlieëniers. Hulle Mustangs sou ingeruil word vir straalvliegtuie. Die Minister van Verdediging het weereens hulde gebring aan die vegters wat in Korea was en ook aan die weermag in die breë. Hy het gesê dat hulle optrede allerweë hoë lof uitgelok het en dat Suid-Afrika werklik trots kan wees op hierdie manne.[387]

In hierdie tyd waar die Suid-Afrikaanse vlieëniers "trots" kommunisme in Korea beveg het, het Suid-Afrika ook in die binneland hulle eie stryd teen kommunisme voortgesit. Die Burger het 'n artikel onder die opskrif; "Blits Veldtog teen Suid-Afrikaanse Kommuniste", gedra. In die laaste twee weke van Mei 1952 het die regering name ontdek van verskeie en bekende ampsdraers, vakbondleiers, asook persone van ander organisasies. Onder hulle was ook 'n Lid van die Volksraad (LV) en 'n Lid van die Provinsialeraad (LPR). In dieselfde tyd het die regering ook die Kaapse weekblad, The Guardian, verbied en dit ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme tot verbode publikasie

[385] "Dr Malan Bespreek Wêreldkrisis – Bewapening is Enigste Raad," *Die Burger,* 26 Januarie, 1951, 3.

[386] "Dr Malan Bespreek Wêreldkrisis – Bewapening is Enigste Raad," *Die Burger,* 26 Januarie, 1951, 3.

[387] "SA Vlieërs gaan nou Spuitvliegtuie in Korea kry," *Die Burger,* 29 Mei, 1952, 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verklaar. Volgens beskuldiging het The Guardian "die sienswyses uitgespreek [het] wat die doelwitte van die verbode SAKP bevorder het."[388]

Wat hierdie verwysing na die optrede teen plaaslike Kommuniste en hulle lyfblad, soos deur die regering gestel, toepaslik maak is natuurlik die feit dat die hele Koreaanse Oorlog as 'n geveg teenoor kommunisme opgestel is. Optrede teen die gevaar van kommunisme in die binneland kan nie deur die regering ignoreer word, terwyl dit in die buiteland beveg word nie. Wat ook andersom geld.

In hierdie verband het die hoofstroom media nie kritiek gelewer nie. Op grond van soortgelyke optrede in die verlede waar die gemiddelde kieser die NP-regering se kragdadige optrede teen Kommuniste by die stembus goedgekeur het, sou dit hier ook nie anders gewees het nie. Die gemiddelde kieser was waarskynlik meer gerusgestel deur volgehoue regeringsoptrede teen hierdie soort bedreiging. Veral ook in die lig dat minstens die hoofstroom Afrikaans-media nie krities daaroor geskryf het nie. Die implikasie is natuurlik dat hulle beriggewing van die optrede goedkeurend was en dit is ook so na die algemene publiek en in besonder die wit kieser oorgedra.

Op 8 Junie was dit weer nuus in Suid-Afrika dat 'n Suid-Afrikaanse vlieënier in Korea 'n medalje van Amerika ontvang het. Die vlieënier, luitenant E. Lance, het die "Distinguished Flying Cross" ontvang vir sy besondere diens in Korea. Hierdie offisier het 'n formasie van vier Mustang-vegters gelei wat onder gevaarlike omstandighede 'n suksesvolle aanval op drie vyandelike mortierstellings geloods het. Hierdie geleentheid is gunstig in Die Burger beskryf.[389]

Teen die einde van Junie 1952 het die regering weer geldsake gepraat en wat die Koreaanse Oorlog die land tot op daardie stadium uit die sak gejaag het. Op 25 Junie het Die Burger berig dat Suid-Afrika die Verenigde State van Amerika in dollars betaal het vir al die logistiese steun wat hulle aan die Suid-Afrikaanse militêre personeel in Korea verleen het. Die Departement van Buitelandse Sake het die volgende verklaring uitgereik: "Die Waarnemende Sekretaris [van Buitelandse Sake] van die Verenigde State, mnr. David Bruce en die Suid-Afrikaanse Ambassadeur in die Verenigde State, mnr. G.P.

[388] "Blits Veldtog teen Suid-Afrikaanse Kommuniste – Lede word Onsetel; Leiers moet Bedank; Blad Verban," *Die Burger* 24 Mei, 1952, 1.

[389] "Suid-Afrikaanse Vlieër Vereer," *Die Burger,* 9 Junie, 1952, 3.

Jooste, het [op 24 Junie 1952] 'n ooreenkoms onderteken waarvolgens die regering van die Unie van Suid-Afrika in dollars betaal vir logistiese steun wat deur die Verenigde State verskaf [is] aan die Suid-Afrikaanse Eskader wat aan die gesamentlike optrede in Korea deel[ge]neem [het]..."[390] Tot Junie 1952 het die Suid-Afrikaanse regering reeds $9 miljoen aan die Amerikaanse regering betaal vir die voorsiening van toerusting, dienste en geriewe.[391]

Nie net op die gebied van finansies nie, maar ook ander gebiede, sou die geveg om die behoud van Suid-Korea teen 'n prys vir alle deelnemers kom. Die oorlog sou verskillende betekenisse hê, soos blyk uit die verskillende verwysings onder lande wat betrokke was. Oor die jare is verskeie byvoeglike beskrywings aan die Koreaanse Oorlog gegee. Amerika noem dit die "Vergete Oorlog", vir Noord-Korea is dit die "Vaderland Bevrydingsoorlog" en Suid-Korea het 'n eenvoudige naam daarvoor, "25 Junie Insident."[392]

By 'n vlugtige oorweging van hierdie beskrywings is dit ironies dat Noord-Korea se beskrywing eintlik die naaste was. Alhoewel hulle dit natuurlik nie so bedoel het nie, moet dit eerder uit die perspektief van die Suid-Koreane binne die bestek van teen-kommunisme en vir demokrasie vir hulle land gesien word. Binne perspektief van die Noorde wou hulle die Suide 'bevry'. Vir die Suide weer, was hulle land inderdaad bevry. In beide die ander beskrywings, naamlik die "Vergete Oorlog" en die "25 Junie Insident", is dit eintlik nie versoenbaar met die realiteite nie. Die verlies aan menselewens was enorm. Net uit die deelnemende nasies was die Amerikaanse militêre personeel, wat die meeste soldate daar gehad het, swaar gestraf met bykans 37 000 sterftes.[393] Verder ook finansiële verliese waar industrieë en die landbou vernietig is. Miljoene mense het vlugtelinge geword.[394] Dit was dus nie bloot 'n 'insident' nie, tensy die Suid-Koreane dit op daardie manier as 'n slegte voorkoms in hulle geskiedenis wil probeer afmaak of wil uitweer. Dieselfde geld vir die Amerikaners wat, om watter redes ookal, verkies om die Koreaanse Oorlog te vergeet. Geen kritiese beskouing is oor hierdie belangrike verwysing raakgelees

---

[390] "Suid-Afrika Betaal VSA met Dollars vir steun in Korea," *Die Burger*, 25 Junie, 1952, 6.

[391] "Suid-Afrika Betaal VSA met Dollars vir steun in Korea," *Die Burger*, 25 Junie, 1952, 6.

[392] Dong-Choon Kim, "The Unending Korean War" (Tolbegae: SeoulPublishers, 2000), 7.

[393] "U.S. death toll from Korean War revised downward, Time reports." CNN.COM 4 Junie, 2000. <http://edition.cnn.com/2000/US/06/04/korea.deaths/index.html?iref=allsearch> (15 Februarie 2013).

[394]"The Korean War."*History Learning Site*. (2000-2013) http://www.historylearningsite.co.uk/korean_war.htm> (15 Februarie 2013).

nie. ‘n Oorlog wat soveel opofferinge gevra het en wat as so belangrik aangeslaan is, behoort sekerlik beter beskryf te word. Waar sulke onbehoorlike beskrywings egter voorkom, is dit ‘n redelike verwagting dat die media dit met behoorlike kommentaar behoort aan te spreek.

Teen 1952 het die eerste minister Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die Koreaanse Oorlog begin bevraagteken of eerder dalk meer Suid-Afrika se lidmaatskap aan die VVO. Hierdie beskouing van dr. Malan het hy op die aand van 22 September bekend gemaak. Volgens hom was daar ‘n gevoel wat by die Suid-Afrikaners begin posvat het oor die soldate wat in die Koreaanse Oorlog doodgeskiet is en ook oor die enorme uitgawes wat dit vir die Unie meegebring het. Die uitgawes het al by die miljoene pond getrek. Maar, klaarblyklik was die grootste kwessie waaroor dit gegaan het die lojaliteit wat Suid-Afrika teenoor die VVO getoon het vir ‘n vernederende behandeling as teen-prestasie. Volgens Malan was Suid-Afrika elke jaar deur die VVO verwyt en voor die ander nasies verneder. Dr. Malan het dit duidelik gemaak dat Suid-Afrika se selfrespek dit nie langer sou toelaat om so deur die VVO behandel te word nie.[395]

Hierdie dreigement deur dr. Malan is dan ook enkele jare later gedeeltelik uitgevoer met die aankondiging op 27 November 1956 deur Suid-Afrika se minister van Buitelandse Sake, mnr Eric Louw, tydens ‘n debat in die Algemene Vergadering van die VVO. Die rede wat aangevoer is was die voortdurende inmenging van die Algemene Vergadering in die huishoudelike sake van Suid-Afrika oor sy rassebeleid. Welke inmenging, gelees teen die bepalings van artikel 2 van die Handves, ‘n oortreding van genoemde bepaling is. Suid-Afrika sou voortaan waarnemerstatus handhaaf tydens vergaderings van die Algemene Vergadering.[396]

Intussen is reëlings getref dat Suid-Afrika se Minister van Verdediging ‘n besoek aan Korea sou aflê. Adv. Erasmus het gedurende Oktober 1952 vir ‘n elf dag besoek na die Verre-Ooste vertrek. Tydens sy besoek het hy ook besoek afgelê by die Tweede Eskader om na hulle welstand te verneem, en hulle te prys vir die uitmuntende werk wat hulle daar verrig het.[397] Die minister was op 29 Oktober ook vriendelik deur die Keiser van Japan

[395] “VVO en Unie se Bydrae in Korea,” *Die Burger*, 23 September, 1952, 1.

[396] “United Nations and Apartheid Timeline 1946-1994” *South African History Online* <http://www.sahistory.org.za/topic/united-nations-and-apartheid-timeline-1946-1994> (8 Januarie 2012).

[397] “Erasmus’s Trip to Korea,” *Cape Times*, 10 October, 1952, 1.

ontvang voor hy na Korea vertrek het. Met sy aankoms in Korea was hy deur 'n groot aantal van die Suid-Afrikaanse militêre personeel, waaronder ook bevelvoerders van die Tweede Eskader, gegroet.[398] Dit sal waarskynlik nie vergesog wees om te aanvaar dat die Suid-Afrikaanse magte dit geniet het om iemand van hulle land daar op besoek by hulle te hê, as sou van hulle polities met die binnelandse beleid van die regerende NP verskil het.

Tydens Erasmus se besoek het hy aan die manne genoem dat daar spesiale militêre dekorasies, asook Koreaanse medaljes geslaan word waarmee hulle vereer gaan word. Die medaljes en dekorasies moes egter nog na die Koningin van Engeland, Elizabeth II, gestuur word vir formele koninklike goedkeuring.[399] Die Suid-Afrikaanse minister was nie die enigste politikus wat sy land se manne gaan besoek het nie, President D. Eisenhower van Amerika het self 'n sestien dag toer na Suid-Korea onderneem. Die president het in goeie gees en gemoed teruggekeer na die Verenigde State, met die hoop dat die oorlog in 1953 tot einde gebring sou word.[400]

In 1953 was daar uiteindelik ooreenkomste bereik tussen die vegtende partye en op 27 Julie 1953 is die skietstilstand uiteindelik onderteken in terme waarvan die oorlog tot 'n einde gebring is. Dit was egter nie 'n hartsvrede tussen die twee lande nie. Jare daarna en tot op hede poog Noord-Korea steeds om Suid-Korea met die kommunistiese deel te herenig. Nietemin, die onderhandelinge vir die wapenstilstand is as die langste in die geskiedenis aangeteken. Dit het twee jaar en sewentien dae geduur en daar was soveel as 158 vergaderings.[401]

Nadat die nuus in Suid-Afrika ontvang is dat die oorlog 'n wapenstilstand bereik het, het die eerste minister 'n verklaring uitgereik dat die Tweede Eskader so gou as moontlik sal terugkeer na Suid-Afrika. Op 28 Julie was daar nog nie enige reëlings getref vir die 200 manne se vervoer nie. Die regering moes nog besluit of die soldate per skip of vliegtuig sou terugkeer. Dit is ook bekend gemaak dat al die soldate dalk nie dadelik sou terugkeer

---

[398] Dermot Michael Moore, "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953" (Dlitt et Phil diss., University of South Africa,1982), 388.

[399] "Korea Medal Designs," *Cape Times*, 11 November, 1952, 1.

[400] "Eisenhower Confident about Korea," *Cape Times*, 15 December, 1952, 1.

[401] "Armistice Agreement for the Restoration of the South Korean State," *U.S National Archives and Records Administration,* 1953. <http://www.ourdocument.gov/doc.php?dog=85> (15 Desember 2011).

nie en dat 'n paar van die manne moes agterbly om te help met opruimingswerk. Die Flying Cheetahs en grondpersoneel was bykans 'n volle drie jaar in Korea.[402]

Die Suid-Afrikaanse manskappe het toe met die beloofde medaljes teruggekeer. Die volgende medaljes was oorhandig aan die soldate: Die Silver Star, Legion of Merit, Soldier's Medal, Distinguished Flying Cross (wat 48 offisiere ontvang het), Brons Medalje, Air Medal en ander kleiner toekennings. Die eerste minister het gesê dat Suid-Afrika besonders trots was op die lede van die Tweede Eskader en ook hoe hulle, hulle pligte in die Verre Ooste nagekom het.[403]

Soos genoem, het die Suid-Afrikaners nie met leë hande teruggekom nie. Die Tweede Eskader se uitvoering van pligte en opdragte het die soldate van ander deelnemende lande verbaas. Die Tweede Eskader het verskeie Suid-Afrikaanse rekords in Suid-Korea opgestel. Hierdie rekords het met die bestes van ander VVO-magte vergelyk. Oor die tydperk van drie jaar het daar altesaam 826 Suid-Afrikaners aan die oorlog deelgeneem. Elkeen van hierdie manne het op een of ander manier 'n groot bydrae gemaak tot die gevegsrekord. Uit hierdie 826 soldate het die Suid-Afrikaanse Lugmag 34 vlieëniers verloor in die stryd teen kommunisme.[404] Toe dit tyd was vir die Suid-Afrikaanse Lugmag om terug te keer na hulle land en mense het die Opperbevelvoerder van die Verre-Ooste Lugmag (FEAF – Far East Air Force) die volgende huldeblyk tydens hulle afskeid gelewer: "I need not dwell on the galantry, fighting qualities or co-operation of the SAAF – these have been indelibly engraved in the hearts of consciousness of your comrades-in-arms in my command. It has been a privilege and an honour for me to command your forces in the field, and I have the same pride in your SAAF squadron as in any American Unit."[405]

Suid-Afrika was uiteindelik een van 21 nasies wat hulp aan Amerika en Suid-Korea verleen het.[406] Op grond van die faktore wat hierin genoem is, was die Suid-Afrikaanse

---

[402] "Korea-Manne sal so gou moontlik terugkeer," *Die Burger*, 28 Julie, 1953, 1.

[403] "Dr Malan is Trots op SA Eskader – Volksraad Verneem van Wapenstilstand," *Die Burger*, 28 Julie, 1953, 3.

[404] Martin Louw & Stefaan Bouwer, *The South African Air Force at war* (Johannesburg:Chris van Rensburg Publications (PTY) Limited, 1995), 136.

[405] Dermot Moore & Peter Bagshawe, *South Africa's Flying Cheetahs in Korea* (Johannesburg: Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1991)202-203.

[406] "Korean War 1950-1953," *Australian war Memorial* <http://www.awm.gov.au/atwar/korea.asp> (28 Desember 2011).

regering aan die begin huiwerig om hulp te verleen, maar toe daar 'n besluit geneem is, was deelname deur die Lugmag in sy volle konsekwensie deurgevoer, wat bevestig is deur onder andere die huldeblyk hierbo na verwys.

Alhoewel die beskrywing van die veldslae nie in hierdie studie opgeneem is nie, kan militêre personeel in besonder en die Suid-Afrikaanse publiek oor die algemeen, tevrede wees met hoe die Kaapse media die algemene verloop van die oorlog gedek en beskryf het. Letterlik vanaf die stadium wat die regering eierdanse uitgevoer het totdat daar uiteindelik 'n besluit geneem is, asook die kostes, die vertrek, die aankoms en natuurlik die veldslae. Ook die lewensverliese, die vredesonderhandelinge, die skietstilstand, die dekorering en dan die terugkeer. Die Suid-Afrikaanse media was, soos aan die begin genoem, nie in alle opsigte aan dieselfde beperkings as dié van Amerika onderwerp nie. In die opsigte soos hier genoem is, is die publiek op die hoogte gehou en is die geskiedenis in daardie opsig goed deur die media vasgelê.

Die Kaapse media, as fokus, het die omstandighede tuis binne hierdie wye dekking aan die tuisfront openbaar. Soos wat ook in Amerika gebeur het. Anders as daar waar 'n vrees was dat Amerika sy 'greep' teen kommunisme kon verloor, was dit hier te lande dalk eerder 'n kwessie van oriëntering. 'n Oriëntering om (noodwendig) teen-kommunisties ingestel te wees en dus alles wat daarop gemik is te steun. Soos in die Amerikaners se geval, kan beriggewing dan maklik oorspeel of onderspeel word, na gelang van die feite en die moontlike uitwerking daarvan. Gunstige beriggewing kon net bydra om die gevoel van die 'regte ding word gedoen', by Jan Alleman en die politici te versterk. Al was hulle eerlik in beriggewing, was dit eerder meer oor die regte goed waaroor berig is. Dit weer, is in lyn met Fraser se stelling oor die media wat 'n geneigdheid het "... that sometimes the greatest impact of all is the one that the conditions on the home front have on the journalist."[407]

Volgens dit wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, was die Kaapse media waarskynlik nie in dieselfde mate krities en onbevange teenoor optredes van die regering nie. Byvoorbeeld, toe die regering eierdanse oor sy besluit oor deelname aan die oorlog uitgevoer het, was dit 'n Oos-Kaapse koerant wat 'n kritiserende artikel geplaas het oor die regering se

[407] Andrew Fraser, "News of War in a Distant Land: The News Media and the Korean War," *Canadian Journal of Media Studies*, Vol. 5(1). 113. The University of Detroit Mercy School of Law (aanlyn weergawe) <http://cjms.fims.uwo.ca/issues/05-01/fraser.pdf> (14 Februarie 2013).

onvermoë om te besluit. Dieselfde faktore wat telkens by ‘n besluit oor weiering van deelname aanwesig was, was by die uiteindelike besluit om wel te gaan, steeds aanwesig. Tog is ‘n besluit geneem om te gaan. Kritiek daaroor was egter afwesig. ‘n Ander voorbeeld, behalwe vir optrede teen kommunisme en ‘n moontlike voordeel wat daarvoor uitgemaak kan word, is die regering byvoorbeeld nie in die Kaapse media gevra om te sê watter voordele Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog vir die land sou inhou of ingehou het nie. Behalwe die regering se eie gronde en wat nie uitgedaag is nie.

Die dekking was goed ondersteunend en goed beskrywend gewees, maar het duidelik te min kritiese beriggewing of standpunte bevat. Nie dat daar kritiek moet wees vir die doel van kritiek nie. En, die verwagting is ook nie dat ‘n koerant as algemene vertrek krities of sondermeer sodanig moet wees nie, maar dit is onwaarskynlik dat enige ingrypende gebeurtenis, soos deelname aan ‘n oorlog, sonder kritiese beskouing sal of behoort te wees. Hierbo is minstens twee voorbeelde genoem wat verdere oordenking en verslag deur die koerante regverdig het. Sou hierdie kritiese oorweging ook deur die koerante in beriggewing gedek gewees het, sou dit ‘n meer gebalanseerde verslagdoening aan die publiek gewees het. In die Kaapse media, wat oorweeg is, was daar geen teken van die koerante waarna Napoleon verwys het nie. Weereens, nie dat vyandigheid in beginsel gesoek is nie, maar wel onbevange balans.

Dit is nêrens bekend dat die regering enige druk op die media geplaas het om pro-regering te wees en dus ooreenkomstig verslag te doen nie. Maar, ‘n algemene verwagting kon bestaan dat Suid-Afrika se saak teen kommunisme, wat ook die binnelandse vrede en stabiliteit bedreig het, nie deur onbehoorlike verslaggewing benadeel moes word nie. Ingesluit die bevegting van kommunisme in die verte voor dit hier te lande tot die bedreiging kon bydra.

Twee invloedryke Afrikaanse dagblaaie was sterk NP gesind. Die Transvaler in die noorde[408] en dan vir die doel van hierdie studie, Die Burger in die suide. In die geval van die laasgenoemde, kon so ‘n verwagting bestaan het, van binne en buite die koerant. Dit moet ingedagte gehou word dat dr. Malan, ‘n eertydse redakteur van Die Burger was en dat opvolgende redakteurs, soos dr. Albertus Geyer, NP ondersteuners was. Verder was Nasionale Pers, as eienaar van Die Burger, in “baie hegte bande” met Malan. Redakteurs

[408] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 368.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die koerant het tot 1954 vergaderings van die NP se parlementêre koukus bygewoon. Die koerant was 'n mondstuk van die NP.[409],[410]
Daarom, afgesien van die bedreiging van kommunisme en die algemene gevoel in die land, is dit moontlik en baie waarskynlik dat aksies van die party nie sondermeer aan kritiek onderworpe moes of sou wees nie.

Ter afsluiting : die mediadekking was in bepaalde opsigte deur plaaslike omstandighede (en dalk ook verwagtinge van politici), getemper om gerig te wees volgens die land se politieke omstandighede. Dit verklaar dan ook die feit dat die media, soos aangetoon, grotendeels kritiekloos oor bepaalde aspekte was. Algemeen gesien, die dekking oor die verloop van die oorlog kan as goed en volledig gesien word. Minstens oor dit wat vir Suid-Afrika van belang was – of straks eerder daardie deel van die bevolking wat belange daarby gehad het, hetsy direk of deur politieke inklusiwiteit. In hierdie opsig word in besonder na die breë wit gemeenskap verwys wat histories en op daardie stadium die politieke gang meer inklusief ervaar.

[409] Hermann Giliomee, *Die Afrikaners* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk,2004), 359 & 370.

[410] Jackie Grobler, *Uitdaging en Antwoord* (Totiusdal, Zeroplus, 2007), 161 & 167.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GEVOLGTREKKING

"South Africa, a White Man's country? Pretending otherwise had already become increasingly difficult."[411]

Hierdie passasie is geneem uit 'n oorsig oor die verloop van die politieke geskiedenis van Suid-Afrika vanaf 1961 tot waar die Grondwethof die demokratiese Suid-Afrikaanse Grondwet in 1996 sertifiseer het. Vir die grootste gedeelte van hierdie tydperk was die eerste gedeelte van die passasie waarskynlik in lyn met die denke van die meeste of minstens 'n beduidende deel van witmense. Wel, minstens gedurende die oorsigtyd van hierdie studie.

Die relevansie van die betrokke passasie, selfs net sedert 1910, die jaar van Unie-wording, is dat opvolgende wit regerings juis net in lyn met die eerste gedeelte opgetree het. Hierdie optrede het juis 'n vals verwagting by die kieserskorps in stand gehou of selfs geskep. In aanloop tot die 1948-verkiesing en veral gedurende die jare 1950 tot 1953, was dit ook nie anders nie.

Uitsprake en optrede van wit politici, veral dié van die NP, wat gedurende die oorsigtyd die regering uitgemaak het, het geen twyfel gelaat dat Suid-Afrika as 'n witmansland gesien is nie. Alle toepaslike beleide en uitsprake, soos dit in hierdie studie aangeteken is, bevestig dit. Die aard van toepaslike wetgewing wat afgekondig is het ten doel gehad om juis hierdie beskouing van 'n wit Suid-Afrika te verseker.

Oor paternalisme was die NP-regering in geen opsig anders ingestel as die meer liberale VP nie. Selfs tot sy dood het die VP-leier, genl. Smuts, volgehou met hierdie paternalistiese oorsigrol van wit teenoor swart. Soos blyk uit hierdie studie het hierdie paternalisme 'n veel dieper betekenis gehad as gewoon 'omgee' vir iemand anders. Dit het onder andere behels dat wit- en swartmense nie op gelyke vlak gesien is nie. Op vele terreine moes wit vir swart dink, besluit en doen - in die kultuur van paternalisme. Swartmense was nie net die mindere bevolkingsgroep in die land nie, maar moes ook bestuur word om nie in wit Suid-Afrika vasstrapplek te kry nie. Witmense regeer oor hulself

[411] William H Wagner & Rita M Byrnes, "South Africa, a White Man's Country?" *History of South Africa (Part 2: The Republic of South Africa :: 1961–present)* <http://www.nationsonline.org/oneworld/History/South-Africa-history2.htm> (23 Februarie 2013).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

binne in ‘n witmansland. Bedreigings hiervan moes teengestaan word, byvoorbeeld aandrang om besit van grond, om ekonomies en sosiaal vry te wees en les bes, om aan die politieke verkeer te kon deelneem - deur te kon stem.

Gegewe die verhouding in getalle van die onderskeie bevolkingsgroepe, is dit gewoon logies dat die oorwig van swartmense alleen ‘n bedreiging vir ‘n wit Suid-Afrika sou inhou, sou hulle volwaardige burgers van die land geword het en met stemreg beklee was. Selfs al sou net mans stembevoegdheid gekry het sou dit in die beste waarskynlikheid die voortduring van wit regerings tot ‘n einde gebring het. Uit hierdie hoek gesien het die enorme sosiale ingenieursprojek van die regering sin gemaak. Eintlik was dit maar in ‘n groot mate ‘n voortsetting van diskriminerende beleide en praktyke wat reeds baie jare tevore vasgelê is. In die toepaslike tydperk is dit net uitgebrei om die seël van permanensie te plaas en so die moontlike bedreiging vir ‘n wit Suid-Afrika af te weer.

Swartmense het deeglik begin kennis neem van die aangehaalde passasie. Dit het al moeiliker geword om voor te gee dat Suid-Afrika as ‘n ‘witmansland’ aanvaar kan word. Bedreigings het egter op die voorgrond getree. Slegs uit hoofde van die feit dat dit in regering was, kon die NP geleenthede benut of selfs geskep het om met verteenwoordigende swart organisasies, soos die ANC, in sinvolle gesprek te tree in ‘n soeke na oplossings. Die ANC se strewe om behoorlike gesprek met die VP en daarna met die NP, was egter nooit beantwoord nie en geen sodanige poging is deur die NP-regering aangewend nie. Waardevolle geleenthede het so verlore gegaan om ‘n meer gesonde en regverdige gemeenskap te skep. Die les wat die Amerikaners tydens die Herfs-oestyd geleer het, soos aangetoon, sou ook vir die NP-regering kon geld.

Ontwikkelinge aan die kant van die ANC en latere beskouings om meer sigbare weerstand in die vorm van protes te bied, was ‘n logiese voortvloeisel. Ongelukkig het hierdie optredes van die ANC as weerstand teen onregverdigheid die teenoorgestelde uitwerking gehad. Dit het teenstand van die regering uitgelok. Verdere protes en weerstand en gevolglike teenstand het in ‘n bose kringloop ontaard. Dit het tot gevolg gehad dat ‘n verharding aan beide kante ingetree het. Die regering het in alle opsigte geweier om toe te gee aan dit wat die ander kant redelikerwys kon verwag. Maar, gegewe die strewe van wit om self te regeer kon daar nooit ‘n voldoening daaraan gewees het nie.

Die regering het geglo dat sy uitbreidende program van ras- en gebiedskeiding suksesvol sou wees. Nie net omdat dit werkbaar was nie, maar ook so gehoort het. Diegene wat die onderwerp van die paternalisme was, sou afleibaar volgens die regering later die 'lig' gesien het wanneer hulle in hul eie gebiede gevestig is en oor hulself regeer het. Dan sou almal tevrede gewees het. Ongelukkig was die realiteit dat die regering in elk geval ook die tipiese 'wie', 'waar', 'wanneer' en 'hoe' besluit het en dat alles dus volgens die reëls van die regering sou wees. Dit is bo en behalwe die basiese feit dat die meerderheid in politieke onderdanigheid teenoor die minderheid gestaan het. Daarby, dat daardie afgeskeide staatkundige model van 'n opgedeelde Suid-Afrika nie baie wyer as die NP-regering aanvaarbaar was nie.

Ter ondersteuning van die stryd van die ANC het die SAKP baie sterker op die toneel verskyn. Soos in die studie aangetoon is, was die SAKP se ondersteuning van die ANC op daardie stadium eerder meer in sy eie belang en in opdrag van die Komintern. Nietemin, die groter wordende rol wat die Kommuniste vir hulself begin uitkap het, het 'n reeds anti-kommunistiese regering aangevuur tot verdoemende optrede. Wetgewing is ingestel en die party is verbied en Kommuniste is vasgevat.

Tereg kan die vraag gevra word of die Kommuniste werklik so 'n gevaar ingehou het soos die regering argumenteer het of was daar ander redes? Teen die agtergrond van Smuts se beskouing van die lae bedreiging van kommunisme in Suid-Afrika en die verskil daarmee met die NP, is dit bes moontlik dat Smuts nader aan die kol was. Veral indien net getalle oorweeg is. Pike verwys na 'n besoekende Amerikaanse navorser wat in 1950 die verhoudings in die getalle van die verskillende bevolkingsgroepe met die getalle van Kommuniste in dieselfde groepe vergelyk het. In hierdie verband is die volgende uitwysings gedoen:

- swart was 8 miljoen mense teenoor 1200 Kommuniste as lede;
- wit 2,5 miljoen teenoor 900;
- Indiërs 300 000 teenoor 250; en
- bruin 1 miljoen teenoor 150.[412]

'n Geregverdige afleiding is dat Kommuniste en kommunisme, ongeag of die praktyk van die ideologie van sosialisme uiteindelik 'n diktatuur sou beteken en onder andere daarom

[412] Henry R Pike, *History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma Press, 1985), 272.

verwerplik was of nie, in beginsel nie die vermoë gehad het om die staat werklik te bedreig nie. Dat dit wel deur die regering gesien kon word as ‘n bedreiging vir die bestaande orde en dus stabiliteit, is ook ‘n regverdige afleiding. Ander beginsels het ook ‘n sterk invloed gehad. Malan het kommunisme as goddeloos beskryf.

In alle realistiese beskouing was die klein getalle van die SAKP sodanig dat dit intrinsiek nie in staat was om substantief weerstandspolitiek te bedryf nie. Dit was eweneens ook nie regtig in staat om die rewolusionêre doelwit, naamlik die onverwerping van die staat en dus die bestaande orde, te verwesenlik nie. Te lande sou die ekspansionistiese beleid van die Sowjetunie minstens gedurende die oorsigtyd van hierdie studie ook nie verder as bloot die bestaan van die party geneem kon word nie. Hulle was afhanklik van die bestaan en veral samewerking van organisasies soos die ANC. Hulle was ook nie gesien as verteenwoordigend van swartmense nie. Inteendeel, daar was ‘n vyandigheid en ‘n afwysing aan die kant van die ANC, as hoofstroom organisasie vir swartmense. Die Kommuniste het massa-organisasies nodig gehad, soos hulle instruksie ook was. Die ANC was so ‘n voertuig. Die ANC aan die ander kant het die SAKP in hulle midde toegelaat oor die gemeenskaplikheid van die ‘vyand’, al het hulle toe andersins verskil.

Sou die regering egter die inisiatief geneem het en die swartmense se strewes akkommodeer het of minstens progressie getoon het in die hantering daarvan, sal dit nie ‘n onbillike gevolgtrekking wees om te maak dat die spreekwoordelike mat onder die militantes in die ANC, asook die SAKP uitgetrek sou gewees het nie. Hulle is onderskeidelik gesien as die groot beïnvloeders van swartmense om militant en kommunisties te word. Dit was egter uiteindelik die regering se rasbeleid wat groter vasstrapplek en moontlikhede aan militantheid en kommunisme gebied het as enigiets anders. Die verre meerderheid swartmense het duidelik gewoon eerder slegs ‘n strewe vir politieke en sosiale geregtigheid binne die land van hulle geboorte gevra. ‘n Strewe wat reeds voor die Kommuniste se betrokkenheid bestaan het.

Dit blyk duidelik dat kommunisme ‘n lae werklike bedreiging vir Suid-Afrika ingehou het. Dit is verder ook duidelik dat deelname aan die Koreaanse Oorlog in die grootste mate deur ander faktore gedryf is. Krities beskou is dit ongetwyfeld dat die spandering van daardie geld baie meer sinvol op ontwikkeling in Suid-Afrika kon gewees het. Veral indien die ontwikkeling aan ‘almal’ gebied kon word. Maar, kommunisme, ongeag of dit verwerplik gevind was of nie, moes egter uit die regering se oogpunt nie toegelaat word om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vastrapplek te kry nie. Hetsy in die verre Suid-Korea of die verre politieke bewussyn by swartmense en andere hier te lande. ‘n Strategie om die rassevraagstuk volgens hulle planne te hanteer was onderweg en moes ‘n kans kry. Die kweek van ‘n ideologiese bewustheid het dus nie ingepas nie, ongeag die kanse op sukses.

Kommuniste het gevolglik ‘n bedreiging vir die regering en sy visie ingehou. Die klimaat wat in die land rondom die Kommuniste en kommunisme geskep is, weens hulle gevaar in Suid-Afrika, was met respek buite verhouding teenoor die bedreiging wat dit wel ingehou het, maar gegewe hulle betrokkenheid by destabiliserende en onwettige arbeidsaksies, begryplik vanaf regeringsweë. Dit het dus ook die tafel gedek vir wetgewing en staatsoptrede om hierdie bedreiging te verwyder. As gevolg van Amerika se eie bekende benadering tot kommunisme en ook die samewerking met Brittanje op dié gebied, het dit ook internasionale regverdiging aan Suid-Afrika verleen vir drastiese optrede.

Hierdie beskouing van kommunisme en die weerstand wat in die binneland daarteen ontwikkel is, het uiteindelik saam met enkele ander faktore ook die bekommernis van die regering oor koste vir deelname aan die Koreaanse Oorlog oorskadu. Die vyand moes daar op sy voordeur vasgevat word om te verhinder dat dit by ons agterdeur inloop. Teen hierdie agtergrond en binne die klimaat van ‘n kommunistiese bedreiging wat wyd in Suid-Afrika bekend gemaak is en waarskynlik gevrees is, is dit dan ook, soos verduidelik, waarom die geraadpleegde media nie die regering met kritieke evaluasie in verslaggewing benader het nie.

Sou die regering met dieselfde simpatieke oorweging na die pleidooie van swartmense in Suid-Afrika geluister het, soos dit na pleidooie vir hulp in Korea geluister het, het Suid-Afrika waarskynlik ook ‘n ander wending geneem. Vanselfspekend was die stembus, soos met enige regering, egter ‘n beslissende faktor vir beleidsverandering of nie. Dit het opmerkings van beide die VP en NP getoon. Daarom het die leiding en ‘opvoeding’ van dié wat toe kiesers was agterweë gebly en so ook geleenthede om die binnelandse beleid op ‘n vroeër stadium reeds te verander of minstens te beïnvloed.

In weerwil van alle realiteite en aanduidings moes Suid-Afrika wit bly waar wit mense oor hulself regeer. Die regering het letterlik voorgegee dit kan voortgaan, al was dit moeilik en al was die besef in die regering self daar dat dit nie volhoubaar kon wees nie. Daarby het dit reeds vroeg geblyk dat dit ook ‘n opdraande stryd sou word.

Dit was juis die onvolhoubaarheid van ‘n bepaalde politieke bedeling waaroor daar buite en binne die regerende Nasionale Party gewaarsku is en wat uiteindelik deur die NP-regering aanvaar is. Op 2 Februarie 1990 het president F.W. de Klerk ‘n onverwagse, maar belangrike aankondiging in die parlement gemaak. Daarvolgens is die verbod op oganisasies, soos die ANC en die SAKP, opgehef. Noodwendig volg dit dat persone wat lede van sulke organisasies is hulle vryheid herwin. Ook dat ‘n proses van onderhandelinge begin sou word om ‘n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika te vestig. ‘n Bestel van volledige demokrasie waar die meerderheidsparty binne ‘n regstaat volgens die voorskrifte van ‘n demokratiese grondwet sal optree en regeer. Hierdie proses is begin en na ‘n paar jaar voltrek met die nasionale verkiesing op 26-28 April 1994, wat stemgeregtigde burger van die land die geleentheid gegee het om vir die party van sy of haar keuse te stem. So die ANC uiteindelik as die meerderheidsparty geëindig en die nuwe regering geword.

Die nuwe regering het ook ‘n nuwe benadering gehad – ook wat buitelandse beleid betref. Hierdie benadering was ook sigbaar tydens die onlangse dreigemente wat Noord-Korea nie net jeens sy suidelike buurman gehad het nie, maar ook Amerika. In die proses van dreigemente het die Koreaanse leier ‘n gevaarlike situasie geskep. Ernstige geluide is gemaak oor die posisie van Suid-Korea binne ‘n verenigde Korea. Die Suid-Afrikaanse regering het in sy kommentaar oor die bedreigende resente Koreaanse situasie, anders as die NP-regering destyds, geen oorweging aan die ideologie van kommunisme gegee nie. Soos hieronder sal blyk, was die oorweging om bepaalde uitlatings te maak duidelik op ander aspekte gemik.

Al was Koreaanse Oorlog, wat reeds 60 jaar gelede tot einde gebring is, indertyd uitmergelend, het Noord-Korea nooit regtig die idee laat vaar om homself met Suid-Korea te verenig nie. As gevolg daarvan dat die Koue Oorlog Noord-Korea ekonomies swaar getref het moes hierdie idee egter vir ‘n ruk opsy geskuif word. As land het Noord-Korea ook nooit volkome daarvan herstel nie. Die gebrek aan herstel is polities ‘n kontensieuse saak wat eerder aan ideologiese stagnantheid as enigiets anders toegeskryf kan word. Op die kantlyn is dit interessant om te onthou dat daar slegs ‘n formele skietstilstand was en nie ‘n vredesverdrag nie. Klaarblyklik het Noord-Korea gereken dit sal makliker wees om so ‘n verdrag te verbreek. Maar, gegewe, die jarelange droom van inlywing, sou geen verdrag dalk bly staan het nie.

Vandag is die Noorde en Suide in die spreekwoordelike sin wêrelde van mekaar verwyder. Die Noorde is 'n pure kommunistiese staat met 'n swak ontwikkelde ekonomie en infrastruktuur, wat streng outokraties regeer word. Die Suide, daarenteen, is 'n moderne sogenaamd 'verwesterse' land met 'n vibrante ekonomie en 'n goed ontwikkelde infrastruktuur binne 'n moderne demokrasie. Voor en na die Koreaanse Oorlog was die Sowjetunie die groot bondgenoot en ondersteuner van Noord-Korea. Die Chinese het later as bondgenoot gevolg. Noord-Korea wou alles wat die Sowjetunie gedoen of bereik, volg. Intussen het daar dramatiese veranderinge in die wêreld buite Noord-Korea plaasgevind.

As gevolg van wêrelddruk of om ander evolusionêre redes het die Sowjetunie opgehou om te bestaan. Rusland, eens die middelpunt van kommunisme en verwante ekspansionisme het hulle bedreigings laat vaar. Selfs China, wat vandag steeds 'n kommunistiese land is, het hulle ekonomiese benadering aangepas na 'n meer kapitalisties bestel om te kan oorleef en selfs 'n welvarende land te word – tans die ekonomiese reus van die Ooste. Noord-Korea, daarenteen, het geweier om aanpassings te maak en sodoende ontwikkeling van die land en sy mense voor op te stel. Die gevolg is stagnasie en 'n land wat eintlik besig is om al verder agter te raak.

Sedert die Koreaanse Oorlog het Noord-Korea slegs een groot finansiële hupstoot gehad en wel gedurende die sewentigerjare met hulp van die Sowjetunie. Hierdie hupstoot was gefokus op die land se swaar industrie wat op daardie stadium met verhoogde produksievlakke as ekonomiese inspuiting gedien het.[413] Opsigself kon dit alleen nie genoegsaam gewees het om volhoubaar te wees nie.

Kim Il-Sung, die destydse Koreaanse leier, wat Korea "gered" het van die Japannese Kolonialiste, het Noord-Korea eintlik sodanig hervorm dat die negatiewe impak daarvan vandag die land as agtergeblewe en met vreesbevange burgers gelaat het. Hy het die burgery in drie klasse ingedeel, naamlik die vyandige-, dobberrende (twyfelagtige)- en die kernklas. Om behoorlike beheer oor hierdie 'klasse' uit te oefen, was bepaalde maatreëls deur die Staat nodig. Il-Sung het onder andere vir hierdie doel die geheime polisie versterk en so op die ou-end die land effektief in 'n polisiestaat verander. Die uiteindelike gevolg daarvan was 'n terreurstaat vir die burgery. Net soos in die voormalige Sowjetunie, het Il-

[413] Gustav Hendrich, "Die Ooste se donker kol," *Die Burger aanlyn*, 27 April, 2013. <http://www.dieburger.com/bylae/2013-04-27-die-ooste-se-donker-kol> (25 Mei 2013).

Sung arbeidskampe ingestel. Enigeen wat dit laat blyk het of hulle Il-Sung se gesag uitdaag of 'n wet oortree, was na hierdie kampe gestuur.[414]

Dit was egter nie hierdie binnelandse sake wat mense oor die wêreld in onlangse jare laat regop sit en oor hulle veiligheid laat dink het nie, maar dié land se twyfelagtige 'groot' deurbraak in 1989. In daardie jaar, dieselfde jaar wat die Berlynse muur geval het, het Noord-Korea suksesvol 'n atoombom ontwikkel.[415] Twee jaar na hierdie ontwikkeling as 'n reeds versukkelde staat het hulle hul een groot steunbasis verloor, naamlik Rusland. Noord-Korea is agtergelaat in 'n wêreld waar die ideologie van kommunisme sterk veroordeel word. Die gebrek aan Russiese ondersteuning was 'n gevoelige slag vir Noord-Korea en die land het verder agteruit gegaan. Ook meer so na die dood van Il-Sung in 1994. Miljoene mense het van hongersnood gesterf en stagnasie in die ekonomie het toeneem. Binne hierdie ekonomies verslegtende toestand het Noord-Korea verder agteruit gegaan. Die indruk word gelaat dat opvolgende Noord-Koreaanse leiers meer gevaarlik in optrede as die vorige raak in terme van 'n magspel, hetsy binnelands of buitelands. As gevolg van die land se beweerde besit van kernwapens, is Noord-Korea reeds in 2001 deur Amerika oor dieselfde kam geskeer as die Midde Ooste in terme van 'n bedreiging vir vrede. Oor tyd was daar op diplomatieke vlak verskeie pogings aangewend om Noord-Korea van sy kernwapens te laat afsien. Selfs die laaste pogings in die eerste maande van 2013 om die land te oorreed om met die internasionale gemeenskap op hierdie gebied saam te werk, was onsuksesvol. Hulle skop daarteen vas om die kernwapens waarop hulle aanspraak maak, oor te gee.[416]

Die Suid-Afrikaanse regering het in later jare ook by die afwysing van Noord-Korea se kernwapens betrokke geraak toe dit daardie land in 2005 reeds daarvoor veroordeel het. Later in dieselfde jaar het Noord-Korea weer verkondig het dat hulle wapens van massa-vernietiging besit en toetse ondergronds uitgevoer het.[417] Suid-Afrika het skerp reageer en

[414] Gustav Hendrich, "Die Ooste se donker kol," *Die Burger aanlyn*, 27 April, 2013. <http://www.dieburger.com/bylae/2013-04-27-die-ooste-se-donker-kol> (25 Mei 2013).

[415] Gustav Hendrich, "Die Ooste se donker kol," *Die Burger aanlyn*, 27 April, 2013. <http://www.dieburger.com/bylae/2013-04-27-die-ooste-se-donker-kol> (25 Mei 2013).

[416] Gustav Hendrich, "Die Ooste se donker kol," *Die Burger aanlyn*, 27 April, 2013. <http://www.dieburger.com/bylae/2013-04-27-die-ooste-se-donker-kol> (25 Mei 2013).

[417] "South Africa condems North Korea nuclear test," *Times Live aanlyn*, 12 Februarie, 2013. <http://www.timeslive.co.za/local/2013/02/12/south-africa-condemns-north-korea-nuclear-test> (20 Mei 2013).

in 'n sterk bewoorde verklaring hulle gevoel duidelik gemaak aan Noord-Korea oor hulle besit van kernwapens. Suid-Afrika het Noord-Korea aanbeveel om hulle kernwapens aan die Internasionale Atoom Energie Agentskap te oorhandig. Ook dat hulle 'n lid moes word van die *Nuclear- Proliferation Treaty.*[418] Noord-Korea het hierdie versoek en advies afgewys, en in hierdie opsig ook dié van elke ander land. Hulle het die ondergrondse toets beskryf as 'n waarskuwing aan Amerika. Hierdie uitspraak van Noord-Korea het sterk bygedra tot hulle verdere ongewildheid. In so 'n mate dat selfs China, wat eerder versoenend oor Noord-Korea was, skerp uitsprake oor hulle negatiewe houding gemaak het.[419]

Maar, al was daar op daardie stadium ernstige waarskuwings en aanmoediging van verskeie lande om gehoor te gee, was 2013 'n verdere hoogtepunt vir die Noord-Koreaanse regering. Na die afsterwe van sy vader in 2012, het Kim Jong-Un staatshoof geword. Onder leierskap van die jeugdige Kim Jong-Un het die situasie in 2013 van erge ongemak na onvoorspelbaar gevaarlik verander. Hy was vooraan om Amerika en Suid-Korea op breedsprakerige wyse oor 'n konvensionele en kernaanval te waarsku.

Hierdie werklike bedreiging vir wêreldvrede en 'n krisis in die Ooste, word deur die Duitse parlementslid, Manfred Grund, beskryf as 'n veel gevaarliker krisis as die Kubaanse missielkrisis in 1962.[420] Grund het Noord-Korea in April 2013 besoek om gesprekke te voer met Noord-Koreaanse politici, maar het sonder sukses na Duitsland teruggekeer. Grund het gesê dat Noord-Korea hulle eie krag heeltemal oorskat.[421] China het dieselfde mening gehad. Die Chinese dagblad, die Volksdagblad, het Noord-Korea gewaarsku dat hulle nie hulself moet oorskat nie en in ook Suid-Korea gewaarsku om nie Noord-Korea te onderskat nie.[422]

---

[418] "South Africa condems North Korea nuclear test," *Times Live aanlyn*, 12 Februarie, 2013. <http://www.timeslive.co.za/local/2013/02/12/south-africa-condemns-north-korea-nuclear-test>(20 Mei 2013).

[419] "South Africa condems North Korea nuclear test," *Times Live aanlyn*, 12 Februarie, 2013. <http://www.timeslive.co.za/local/2013/02/12/south-africa-condemns-north-korea-nuclear-test>(20 Mei 2013).

[420] Leopold Scholtz, "Noord-Korea dreig VSA – Krisis 'baie gevaarlik'," *Die Burger aanlyn*, 5 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-05-krisis-baie-gevaarlik> (25 Mei 2013).

[421] Leopold Scholtz, "Noord-Korea dreig VSA – Krisis 'baie gevaarlik'," *Die Burger aanlyn*, 5 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-05-krisis-baie-gevaarlik> (25 Mei 2013).

[422] Leopold Scholtz, "Nuwe oorlog kan uitbreek Chinese geleerde waarsku," *Die Burger aanlyn,* 12 April, 2013.<http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-12-nuwe-oorlog-kan-uitbreek> (22 Mei 2013).

Vanselfsprekend sal daar bespiegelings wees oor die gevoel, en vrees of nie, van die Noord-Koreaanse bevolking, ook of hulle die propaganda glo en die dreigemente van die regering ondersteun of afwys. In 'n diktatuur is openlike afwysing natuurlik taboe. Dus sal hierdie bespiegelings bly waaroor die geskiedenis nog sal oordeel.

In verbeeldingryke propaganda word voorgehou dat Noord-Korea meer slaankrag het as Amerika en Suid-Korea tesaam en daardie lande daarom in 'n militêre aanval gemaklik oorwin sal kan word. Grund het hierdie denke van die Noord-Koreane soos volg beskryf, "Noord-Korea is besope in sy eie propoganda. Op [hierdie] stadium sien [hy] 'n spiraal van eskalasie waaraan die VSA en Suid-Korea helaas ook [gaan] deelneem."[423] Soos Duitsland, sien Kommunistiese China en ook die res van die wêreld dat groot gevaar nog oppad kan wees. Zhang Liangui, 'n dosent in Beijing, het gesê dat daar 'n groot kans is op die uitbreek van 'n oorlog, so hoog as tussen 70 - 80 persent.[424] Net soos voor en tydens die Koreaanse Oorlog, wil die leier van die Noord-Korea die Korea's verenig. Al wat egter oor tyd in hierdie poging verander is die leier en saam met die leier, die realiteit. Kim Jong-Un se bekendgemaakte planne is om Suid-Korea met geweld oor te neem. Ook dat hy glo dat Noord-Korea die oorname binne drie dae sal kan afhandel. Voorsiening is daarvolgens gemaak.[425]

Die werklike posisie van Noord-Korea om wel uitvoering aan die soort dreigemente te gee en of hulle wel tot daardie punt sal vorder, kan dalk moeilik beoordeel word. So ook of dit alles deel van 'n blufspel is. 'n Leier, soos Kim Jung-Un, wat met 'n kernoorlog dreig, wat dreig om sy veel verder ontwikkelde buurland oor te neem en dan terselfdertyd die grootste militêre moondheid gyselaar probeer hou, is inderdaad dwaas en daarom ook 'n blote afmaak van sulke dreigemente sal eweneens onverstandig wees. In hierdie verband is die opmerking van 'n Suid-Afrikaanse navorser by die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Aangeleenthede, Tom Wheeler, baie relevant. Hy sê die een groot fout wat die wêreld kan maak is om die waarskuwings van Noord-Korea te sien as 'n bluf. Met ander woorde, dit is belangrik vir die wêreldgemeenskap om saam te staan om enige

[423] Leopold Scholtz, "Noord-Korea dreig VSA – Krisis 'baie gevaarlik'," *Die Burger aanlyn*, 5 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-05-krisis-baie-gevaarlik> (25 Mei 2013).

[424] Leopold Scholtz, "Nuwe oorlog kan uitbreek Chinese geleerde waarsku," *Die Burger aanlyn,* 12 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-12-nuwe-oorlog-kan-uitbreek> (22 Mei 2013).

[425] Leopold Scholtz, "Nuwe oorlog kan uitbreek Chinese geleerde waarsku," *Die Burger aanlyn,* 12 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-12-nuwe-oorlog-kan-uitbreek> (22 Mei 2013).

dreigende omstandighede, soos hierdie, of die potensiële dreigemente met die nodige erns te benader en te hanteer. Volgens Wheeler het Noord-Korea se verhoogde beroering gekom nadat die VN hulle missieltoetse veroordeel het.[426] Wheeler som die probleem van ernstige opname of afwysing van die betrokke dreigemente soos volg op; "The problem that we're all faced with is that you don't dare disregard it, you've got to take it seriously but at the same time not expect anything to happen."[427] Met ander woorde, die spreekwoordelike "catch 22".

Dit is so dat sake in Korea op 'n oorlog kan uitloop, maar ook duidelik dat daar nie sekerheid is nie. Enige kernaanval sal vanselfsprekend katastrofiese gevolge hê. Selfs 'n konvensionele militêre aanval op Amerika of inval van Suid-Korea sal minstens baie ernstige gevolge hê. Om die dreigemente, gegewe die omstandighede, egter te ignoreer sal natuurlik volgens die bedoeling van Wheeler, dwaas wees. Waarskynlik om hierdie redes waarom die Suid-Afrikaanse regering besluit het om die betrokke aanbeveling en 'advies' aan die Noord-Koreaanse regering te rig. Ook daarom dat Amerika intusssen reeds militêre versterkings in Suid-Korea aangebring en op 'n gereedheidsgrondslag geplaas het.[428] Ten spyte van Amerika se gereedheid om enige missiel wat gevuur word neer te skiet, wil hulle ook nog 'n oorlog vermy. John Kerry, Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, het gesê dat Amerika bereid is om op een voorwaarde te onderhandel - Noord-Korea moet afstand doen van hulle kernwapenprogram.[429] Hopelik sal Noord-Korea nog instem om daaroor te onderhandel. Tot dan, sit die wêreld op hete kole en wag om te sien wat gaan gebeur.

Waarskynlik heeltemal te bewus van hulle eie kwesbaarheid en 'n uitstekende kans op selfvernietiging, het die regering van Noord-Korea intussen besluit om nie uitvoering aan enige van hulle onmiddellike militêre dreigemente te gee nie.

---

[426] Faranaaz Parker, "SA 'monitoring situation' in North Korea," *Mail & Guardian aanlyn*, 9 April, 2013. <http://mg.co.za/article/2013-04-09-sa-monitoring-situation-in-north-korea> (20 Mei 2013).

[427] Faranaaz Parker, "SA 'monitoring situation' in North Korea," *Mail & Guardian aanlyn*, 9 April, 2013. <http://mg.co.za/article/2013-04-09-sa-monitoring-situation-in-north-korea> (20 Mei 2013).

[428] "Noord-Korea wil Suide en VSA glo intimideer," *Die Burger aanlyn,* 6 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-06-noord-korea-wil-suide-en-vsa-glo-intimideer> (20 Mei 2013).

[429] "VSA pols Noord-Korea," *Die Burger aanlyn*, 14 April, 2013. <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-14-vsa-pols-noord-korea> (25 Mei 2013).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uitsprake van die Suid-Afrikaanse regering is goed in die plaaslike media rapporteer, soos ook hierbo na verwys is. In teenstelling met destyds het Suid-Afrika hierdie keer ‘n veel kleiner rol in die Koreaanse-verhaal gespeel. Die omstandighede tussen die twee Koreas en die binnelandse omstandigede in Suid-Afrika is tans natuurlik veel anders as destyds. Geen militêre ondersteuning is gevra of gebied nie, maar ‘n pad van dringende waarskuwing en advies is gevolg en gesprek is voorgestel, met ander woorde - diplomasie. Waarskynlik ‘n meer sinvolle bydrae, gegewe huidige omstandighede en feite.

Soos gerapporteer in die plaaslike media, is dit duidelik dat dit nie hier vir die Suid-Afrikaanse regering, soos destyds, oor ‘n teenstand van kommunisme gegaan het nie. Met ‘n Kommunistiese Party as alliansie-vennoot en verskeie Kommuniste in die kabinet, kon dit allermins op die agenda gewees het om die ideologie van Noord-Korea as gronde te sien. Hierdie optrede van die Suid-Afrikaanse regering was duidelik veel eerder daarop gemik om ‘n bydrae te lewer in die soeke na ‘n oplossing om ‘n katastrofe of minstens ‘n oorlog met ernstige implikasies te probeer verhoed. Die media rapportering daarvan aan die publiek moet dus in daardie lig gesien word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

Primêre Bronne

Argiewe:

Pretoria, Nasionale Argiewe van Suid-Afrika – NASA

3/BTS/ 1/06/11 (D11/6)
Departement van Buitelandse Sake 5 Julie 1950, Registry 14-7-1950.

3/BTS/1/06/11 (PM1/16/11)
Brief aan Dr. DF Malan 30 Junie 1950, Registry 3-7-1950.

Koerante:

”Cabinet Meeting Secrecy – Malan’s Precautions over Talks on Korea.” *Cape Times,* 22 July 1950.

”Cheetahs Destroy 75 Buildings.” *Cape Times*, 6 January 1951.

”Eisenhower Confident about Korea.” *Cape Times,* 15 December 1952.

”Erasmus’s Trip to Korea.” *Cape Times,* 10 October 1952.

”Korea Medal Designs.” *Cape Times,* 11 November 1952.

”SAAF Korea Squadron as Truck Busters – Pilots of Squadron Two given very good account of themselves .” *Cape Times,* 27 March 1951.

”South Africa “Satisfaction” with Korea Move – Statement after Malan’s Natal Talks.” *Cape Times,* 1 July 1950.

”UK Press Approves Korea Action – SA in Commonwealth London Talks Today.” *Cape Times,* 29 June 1950.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Union Fighter Squadron for the Cabinet Decision to Send Aid to UN." *Cape Times,* 5 August 1950.

"UNO Force Thrown out of Wonju – Gains Wiped out." *Cape Times,* 11 January 1951.

"Staak Vuur Nader in Korea." *Die Burger,* 19 Oktber 1951.

"Blits Veldtog teen Suid-Afrikaanse Kommuniste – Lede word Onsetel; Leiers moet Bedank; Blad Verban." *Die Burger,* 24 Mei 1952.

"Suid-Afrika en die Stryd in Korea – VVO Se Aanbeveling Oor Hulpverlening." *Die Burger,* Junie 29 1950.

"Dr Malan Bespreek Wêreldkrisis – Bewapening is Enigste Raad." *Die Burger,* 26 Januarie 1951.

"Dr Malan is Trots op SA Eskader – Volksraad Verneem van Wapenstilstand." *Die Burger,* 28 Julie, 1953.

"Korea Manne Kom Aan – Roerende Tonele in Durban se Hawe." *Die Burger,* 6 Oktober 1951.

"Koreaanse Oorlog Herleef – Beraad Kom tot Dooie Punt." *Die Burger,* 28 Desember 1951.

"Korea-Manne sal so gou moontlik terugkeer." *Die Burger,* 28 Julie 1953.

"Oorlog kos Unie £1,000,000 – Deelname aan die Stryd in Korea." *Die Burger,* 20 Januarie 1952.

"SA Loods Vermis in Korea." *Die Burger,* 26 Junie 1951.

"SA Manne Doen Hul Deel ." *Die Burger,* 3 Januarie 1951.

"SA Vlieërs gaan nou Spuitvliegtuie in Korea kry." *Die Burger,* 29 Mei 1952.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

”Suid-Afrika Betaal VSA met Dollars vir steun in Korea.” *Die Burger,* 25 Junie 1952.

”Suid-Afrika het baie verrig in Korea.” *Die Burger,* 5 Oktober 1951.

”Suid-Afrikaanse Vlieër Vereer.” *Die Burger,* 9 Junie 1952.

”Suid-Afrikaners Kordaat in Korea – Geslaagde Aanvalle net Benoorde Kaesong.” *Die Burger,* 1951 Julie 1951.

”Unie Regering Stuur Vliegtuie na Korea – Vrywilligers is al Gereed.” *Die Burger,* 5 Augustus 1950.

”Unie se Rol in Stryd Geskets – Korea is ook waarskuwing vir Suid – Afrika.” *Die Burger,* 7 Augustus 1950.

“UNO meeting held at the parallel – Orders to regroup,” *The Cape Times*, 30 September, 1950, 1.

”VVO en Unie se Bydrae in Korea.” *Die Burger,* 23 September 1952.

Sekondêre Bronne

Boeke:

Barratt, John, James Barber. *South Africa’s Foreign Policy: the search for status and security, 1945-1988.* Great Britian, Cambridge University Press, 1990.

Borstelmann, Thomas. *Apartheid’s Reluctant Uncle : The United States and Southern Africa in the Early Cold War.* New York, Oxford University Press, 1993.

Busky, D.F. *Communism in History and Theory: Asia, Africa and the Americas.* Westport, Praeger Publishers, 2002.

Campbell, K. *ANC: a Soviet task force?* Great Britain, Thetford Press Ltd, 1986.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Coetzer, P.W. *Die Nasionale Party Deel 5 - van Oorlog tot Oorwinning 1940-1948.* Bloemfontein, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1994.

Cummings, Bruce. *The Origins of the Korean War.* New Jersey, Princeton University Press, 1981.

Deane, Hugh. *The Korean War 1945 – 1953.* San Francisco, China Books & Periodicals Inc., 1999.

Dommisse, Ebbe. *Anton Rupert –'n Lewensverhaal.* Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 2005.

Ellis, Stephen, Tsepo Sechaba. *Comrades Against Apartheid.* Indiana, Indiana University Press, 1992.

Esterhuyse, Willie, Philip Nel. *Die ANC*. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers Beperk, 1990.

Feit, Edward. *South Africa – The Dynamics of the African National Congress.* London, Oxford University Press, 1962.

Fuqua, Jacques L. *Nuclear endgame: the need for engagement with North Korea.* Westport USA, Greenwood Publishing Group, 2007.

Geyser, O, A.H Marais. "Die Oorsprong van Afrikaner Nasionalisme." In *Die Nasionale Party Deel I*, deur O. Geyser & A.H. Marais. Pretoria, H & R Academica (Edms) Bpk, 1975.

Giliomee, Hermann. *Die Afrikaners.* Kaapstad, Tafelberg Uitgewers Beperk, 2004.

Grobler, Jackie. *Uitdaging en Antwoord*. Totiusdal, Zeroplus, 2007.

Grundlingh, Albert. "Áfrikaner Nationalism in the 1930's & 1940's." In *Turning Points in History Book 4 – Industrialisation, Rural Change & Nationalism*, deur Mohamed Adhika & Albert Grundlingh, Rachidi R Molapo. Johannesburg, STE Publishers, 2004.

Hirson, Baruch. *A History of the Left in South Africa : Writings of Baruch Hirson*. London, LB Tauris, 2005.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaarsveld, F.A. Van. *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974.* 2de Uitgawe. Johannesburg, Perskor Uitgewery, 1978.

Kim, Dong-Choon. *The Unending Korean War.* Tolbegae: Seoul Publishers, 2000.

Labuschagne et al. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* Agste Uitgawe. Pretoria, J.L. van Schaik (Edms) Bpk, 1993.

Lankov, Andrei. *From Stalin to Kim Il Sung.* London, C Hurst & Co Publishers Ltd, 2002.

Lodge, Tom. *Black Politics in South Africa since 1945*. Braamfontein, Ravan Press (Pty) Ltd, 1983.

Louw, Martin N, Johan S Bouwer. *The South African Air Force at war.* Johannesburg, Chris van Rensburg Publications (PTY) Limited, 1995.

Margualies, P, M Peterson. *A Brief History of Korea.* New York, Facts on File Inc., 2009.

May, GHLLe. *Black and White in South Africa – The Politics of Survival.* Great Britain, Purnell & Sons Ltd, 1971.

Moore, Dermot, Peter Bagshawe. *South Africa's Flying Cheetahs in Korea.* Rivonia, Ashanti Publishing (Pty) Ltd, 1999.

Muiu, Wa Mueni. *The Pitfalls of Liberal Democracy and Late Nationalism in South Africa.* New York, Palgrave MacMillan, 2008.

Nolutshungu, S.C. *South Africa in Africa: a study in ideology and foreign policy.* Manchester, Manchester University Press, 1975.

Norval, Morgan. *Inside the ANC: The Evolution of a Terrorist Organisation.* Washington DC, Selous Foundation Press, 1990.

Onslow, Sue. “The Cold War in Southern Africa: White Power, Black Nationalism & External Intervention.” In *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, deur Sue Onslow et al. Oxon, Routlegde, 2009.

Painter, David S. *The Cold War: An International History.* London: Routledge, 1999.

Pike, Henry R. *History of Communism in South Africa.* Pretoria, Sigma Press, 1985.

Pratt, K., Richard Rutt & James Hoare. *Korea: A Historical and Cultural Dictionary.* Richmond Surrey, Curzon Press, 1999.

Robertson, Janet. *Liberalism in South Africa 1948–1963.* London, Oxford University Press, 1971.

Thomas, Merrilyn. *The Cold War.* Oxford: Oneworld Publications, 2009.

Welsh, David. *The Rise and Fall of Apartheid.* Jeppestown, Jonathan Ball Publishers (PTY) LTD, 2009.

Westhuizen, Christi van der. *White Power and the Rise and Fall of the National Party.* Cape Town, Zebra Press, 2007.

Wyk, Anna-Mart van. “The USA and Apartheid South Africa’s Nuclear Aspiration.” In *Cold War in Southern Africa – White Power, Black Liberalism*, deur Sue Onslow et al. Oxon, Routledge, 2009.

Joernaal Artikels:

Fraser, Andrew. “News of War in a Distant Land: The News Media and the Korean War.” Canadian Journal of Media Studies, Vol. 5(1). 113. (onttrek 14 February 2013) http://cjms.fims.uwo.ca/issues/05-01/fraser.pdf

Callinicos, L. ”Oliver Tambo and the Politics of Class, Race and Ethnicity in the African National Congress of South Africa.” African Sociological Review 3 (1).(1999). (onttrek 4 Februarie 2013). www.ajol.info/index.php/asr/article/download/23160/30778

Elsey, George M. "Teaching with documents: The United States Enters the Korean Conflict." Journal of the National Council for the Social Sudies. (2011). (onttrek 19 Julie 2011). http://www.archives.gov/education/lessons/korean-conflict/

"Life Under Communism in Eastern Europe," Constittutional Rights Foundations – Bill of Rights in Action, 19:1 (Winter 2002). 8 September 2013. http://www.crf-usa.org/bill-of-rights-in-action/bria-19-1-a-life-under-communism-in-eastern-europe

Moore, D.M. "The South African Air Force in Korea: An Assessment."
Die Suid-Afrikaanse Krygshistoriese Vereniging. Military History Journal 6, no. 3. (1984). (onttrek 8 Januarie 2013). http://samilitaryhistory.org/vol063dm.html

Porch, Douglas. "World War II and Korea. No bad stories. The American Media-Military Relationship." Naval War College Review, Vol LV, No.1 (Winter 2002). (onttrek 15 Februarie 2013). http://www.au.af.mil/pace/documents/art5-w02.htm

Selfa, Lance. "Slavery and the origins of racism." International Socialist Review Issue (November - December 2002). (onttrek 29 Januarie 2013). http://www.isreview.org/issues/26/roots_of_racism.shtml

Tesisse:

Moore, Dermot Michael. "The Role of the SAAF in the Korean War 1950-1953." Dlitt et Phil diss. University of South Africa, Pretoria, 1982.

Jooste, Louisa. "FC Erasmus as Minister van Verdediging 1948 – 1959." MA Geskiedenis. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1995.

Ongepubliseerde Dokumente:

Aucamp, J.M. "Die Nasionale Party van Suid-Afrika se Laaste Dekade as Regerende Party, 1984 – 1994." PhD diss., Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2010. (onttrek 11 Januarie 2013). http://etd.uovs.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-09212011-154032/unrestricted/AucampJM.pdf

Calitz, J.G. ”Deneys Reitz (1882 – 1944): Krygsman, Avonturier en Politikus.” PhD diss., Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2008. (onttrek 8 Januarie 2013). http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05312009-205128/unrestricted/05chapters9-10.pdf

Engelbrecht, G.S. “Riglyne vir ‘n Akademiese Ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.” Ph.D diss., Technikon Pretoria, Pretoria, 1999. (onttrek 18 Januarie 2013). http://upetd.up.ac.za/thesis/submitted/etd-01242007-104337/unrestricted/03chapter3.pdf

Klerk, C.F de. “Militêre Beriggewing in Suid-Afrika soos gemanifesteer in Beeld.” M.Tech Joernalistiek, Tshwane Universiteit vir Tegnologie, Pretoria, 2007. (onttrek 16 February 2013) http://libserv5.tut.ac.za:7780/pls/eres/wpg_docload.download_file?p_filename=F656486445/DeKlerkC.pdf

Rakometsi, M.S. “The Transformation of Black School Education in South Africa, 1950-1994: A Historical Perspective.” Ph.D. diss., Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2008. (onttrek 11Januarie 2013). http://etd.uovs.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-10122009-095426/unrestricted/RakometsiMS.pdf

Visser, Wessel. “Trade Unions and Political Labour Organisation. Exporting Trade Unionism and Labour Politics: The British Influence on the Early South African Labour Movement.” (onttrek 20 Februarie 2013). http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/geskiedenis/docs/exporting_trade_unionism_pdf

Watermeyer, Louis Hendrik. “‘n Veiligheidsanalise van Plaasaanvalle in die RSA, 1997 tot 2003.” Masters diss., Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2005. (onttrek 6 Februarie 2013). http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-10172005-143120/unrestricted/00dissertation.pdf

Internet Bronne:

”A Short History of the Women’s League.” *African National Congress Women’s League.* 2010. (onttrek 6 Februarie 2013). http://www.anc.org.za/wl/show.php?id=3038

Abraham, Sara. ”The Yalta Conference 1945.” *World History Chronology.* 26 Maart, 2000. (onttrek 19 Julie2011). www.thenagain.info/.../yaltaconf.html

“Adolph Gysbert Malan (Sailor).” *Biographies – Special South Africans.* Januarie, 2007. (onttrek 8 January 2013). http://zar.co.za/sailor.htm

“Africa and USA and Soviet Union – Towards Independence – the 1950’s.” *The Story of Africa Independence, BBC Online*. (onttrek 19 Februarie 2013).

http://www.bbc.co.uk/worldservice/africa/features/storyofafrica/14chapter1.shtml

“African National Congress Youth League (ANCYL).” *South African History Online.* (onttrek 5 Februarie 2013). http://www.sahistory.org.za/topic/african-national-congress-youth-league-ancyl

“Anton Muziwakhe Lembede- Political Life.” *Ulwazi.* (onttrek 6 Februarie 2013). http://wiki.ulwazi.org/index.php5?title=Anton_Muziwakhe_Lembede

“Armistice Agreement for the Restoration of the South Korean State 1953.” *U.S National Archives and Records Administration.* (onttrek 15 Desember 2011). http://www.ourdocument.gov/doc.php?dog=85

Boddy-Evans, Alistair. “Bantu Authorities Act, Act No 68 of 1951.” *Apartheid Legislation in South Africa.* 2013. (onttrek 10 Februarie 2013). http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm

“Bantu Education Act, Act No 47 of 1953.” *Apartheid Legislation in South Africa.* 2013. (onttrek 10 Februarie 2013). http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm

Chamberlin, William H. “The Munich Called Yalta : War’s End.” *America’s second Crusade [1950], The Online Library of Liberty*, 2008. (onttrek 8 September 2013). http://oll.libertyfund.org//?option=com_staticx&staticfile=show.php%3Ftitle=2280&chapter=216160&layout=html&Itemid=27

Chen, C Peter. “George Patton.” *World War II Database*, 2013. (onttrek 21 September 2013). www.ww2bd.com/person_bio.php?person_id=55.com

Coetzee, Marié. “Cape Provincial Office: Councils, constituencies & information files.” *United Party Archives.* 2011. (onttrek 8 Januarie 2013). http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/5196/Cape%20Prov%20office%20inventory.pdf?sequence=1

“D-Day and German Surrender.” *U.S. History Pre-Columbian to the New Millenium.* 2011. (onttrek 19 Julie 2011). www.ushistory.org/us/51c.asp

“Division of Korea post the II World War.” *History about the Korean War.* 2013. (onttrek 15 Februarie 2013). http://www.buzzle.com/articles/history-about-the-korean-war.html

“Dr James Sebe Moroka.” *South African History Online.* (onttrek 6 Februarie 2013). http://www.sahistory.org.za/people/dr-james-sebe-moroka

“Foreign News: Germany Divided?” *Time Magazine Online Edition,* 24 April, 1944. (onttrek 19 Julie 2011). http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,778091,00.html

Guiseppe, RA. “Korean War.” *International World History Project.* (onttrek 30 Mei 2011). http://www.history-world.org/Korean_war.htm

“Jan Christiaan Smuts.” *Helde uit ons verlede.* 2011. (onttrek 11 Januarie 2013). http://sariemarais.com/helde.html

“Jan Hofmeyr.” *Biographies. Special South Africans.* Januarie, 2007. (onttrek 12 Januarie 2013). http://zar.co.za/hofmeyr.htm

"Jim Crow Laws." *Spartacus Educational.* (onttrek 4 Januarie 2013). http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/USAjimcrow.htm

"Korean War 1950-1953." *Australian war Memorial.* (onttrek 28 Desember 2011). http://www.awm.gov.au/atwar/korea.asp.

"Legal Satelite Offices. Defence Legal Services Division." *Department Defence, Republic of South Africa.* 21 Augustus, 2007. (onttrek 4 Januarie 2013). http://www.dlsdiv.mil.za/aboutus/role/legal_satellite_offices.htm

"No bad Stories : The American Media Military Relationship." Naval War College Reviews 55, (Winter 2002). (onttrek 8 September). www.polsci.wvu.edu/duval/ps791/Notes/eLibrary/AMDefPolicy_Chs.pdf

O'Malley, Padraig. "Colonial Background - Apartheid", *The O'Malley Archives.* (onttrek 25 Augustus 2012). http://www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv01508.htm

Rank, J. "Africa: German Colonies -Colonial Administration, Africa Revolts, Racial Purity, Voices Of Concern, Economic And Social Development." *Online Encyclopedia.* (onttrek 29 Januarie 2013). http://encyclopedia.jrank.org/articles/pages/5926/Africa-German-Colonies.html

Roux, E. "South Africa and the Labour Party." *South African Communist Party Online.* (onttrek 18 Februarie 2013). http://www.sacp.org.za/main.php?include=docs/history/1943/spbunting.html

"Statement Condemning the First Banning Orders Under the Supression of Communism Act, May 22, 1952." *South African Communist Party Online*. (onttrek 12 Februarie 2013). http://www.sacp.org.za/main.php/include=docs/history/dadoo-37.html

"South Africa, a White Man's Country?" *History of South Africa* (*Part 2: The Republic of South Africa :1961–present)*. (onttrek 23 Februarie 2013). http://www.nationsonline.org/oneworld/History/South-Africa-history2.htm

"South African Communist Party." *Country Data,* Mei 1996. (onttrek 18 Februarie 2013). http://www.country-data.com/cgi-bin/query/r-12173.html

"Suppression of the Communist Act, No.44 of 1950, approved in Parliament." *South African History Online*. (onttrek 12 Februarie 2013). http://www.sahistory.org.za/dated-event/suppression-communism-act-no-44-1950-approved-parliament

"Suppression of Communism Act, Act No 44 of 1950." *Apartheid Legislation in South Africa.* 2013. (onttrek 10 Februarie 2013). http://africanhistory.about.com/library/bl/blsalaws.htm

The Guardian. "1949 ANC Programme of Action." *ANC Archives.* 2013. (onttrek 2 Februarie 2013). http://ancarchives.org.za/programme-of-action/

"The Korean War." *History Learning Site.* 2013. (onttrek 15 Februarie 2013). http://www.historylearningsite.co.uk/korean_war.htm

"The Soviet Union and Europe After 1945." *United States Holocaust Memorial Museum.* 6 Januarie, 2011. (onttrek 10 Februarie 2011). http://www.ushmm.org/wlc/en/article.php?ModuleId=10005506

"Meeting of Allied Leaders, Yalta Conference (02/04/1945 – 02/11/1045)." *The U.S National Archives and Records Administration – OPA - Online Public Access.* http://research.archives.gov/organization/1189375 (8 September 2013).

"U.S. death toll from Korean War revised downward, Time reports." *CNN US.* 4 Junie, 2000. (onttrek 15 Februarie 2013). http://articles.cnn.com/2000-06-04/us/korea.deaths_1_death-toll-battlefield-fatalities-korean-war?_s=PM:US

"UN and Apartheid from 1946 to Mandela Day." *United Nations Regional Information Centre for Western Cape.* 2012. (onttrek 4 Januarie 2013). http://www.unric.org/en/nelson-mandela-day/26991-un-and-apartheid-from-1946-to-mandela-day-

"United Nations and Apartheid Timeline 1946-1994." *South African History Online.* (onttrek 8 Januarie 2012). http://www.sahistory.org.za/topic/united-nations-and-apartheid-timeline-1946-1994

"W. Averell Harriman." *Encyclopedia Britannica.* 2011. (onttrek 20 Julie 2011). www.britannica.com/EBChecked/topic/255870/W-Averell-Harriman

Weigley, Russel F. "Eisenhower in Perspective : Ranking Him Among the Great Commanders of American History." (onttrek 8 September 2013). www.k-state.edu/history/eisenlecture/4lecture.html

"What was the Cold War." *History Learning Site.* (onttrek 8 Februarie 2013). http://www.historylearningsite.co.uk/what%20was%20the%20cold%20war.htm

Aanlyn Koerant Artikels:

Goldenburg, Suzanne. "Carter uses peace prize speech to condemn US policy." *The Guardian,* 11 Desember, 2002. Onttrek 21 September 2013. www.theguardian.com/world/2002/dec/11/usa.suzannegoldenberg

Hendrich, Gustav. "Die Ooste se donker kol." *Die Burger*, 27 April, 2013. Onttrek 25 Mei 2013. http://www.dieburger.com/bylae/2013-04-27-die-ooste-se-donker-kol

"Noord-Korea wil Suide en VSA glo intimideer." *Die Burger*, 6 April, 2013. Onttrek 20 Mei 2013. http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-06-noord-korea-wil-suide-en-vsa-glo-intimideer

Parker, Faranaaz. "SA 'monitoring situation' in North Korea." *Mail & Guardian,* 9 April, 2013. Onttrek 20 Mei 2013. http://mg.co.za/article/2013-04-09-sa-monitoring-situation-in-north-korea

Scholtz, Leopold. "Krisis 'baie gevaarlik'- Duitse LP besoek Noorde." *Die Burger*, 5 April, 2013. Onttrek 25 Mei 2013. http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-05-krisis-baie-gevaarlik

Scholtz, Leopold. “Nuwe oorlog kan uitbreek Chinese geleerde waarsku.” *Die Burger*, 12 April, 2013. Onttrek 22 Mei 2013. http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-12-nuwe-oorlog-kn-uitbreek

“South Africa Condemns North Korea Nuclear Test.” *Times Live*, 12 Februarie, 2013. Onttrek 20 Mei 2013. http://timeslive.co.za/local/2013/02/12/south-africa-condemns-north-korea-nuclear-test

“South Korea marks 100th anniversary of colonisation by Japan.” *Asiaone News,* 29 Augustus, 2010. Onttrek 13 Februarie 2013. http://news.asiaone.com/News/Latest%2BNews/Asia/Story/A1Story20100829-234506.html

“Vandag in die ou dae.” *Beeld Kalender.* 26 Mei, 1992. Onttrek 11Januarie 2013. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/05/26/7/3.html

“VSA pols Noord-Korea.” *Die Burger*, 14 April, 2013. Onttrek 25 Mei 2013. http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-14-vsa-pols-noord-korea